HEILIGHEID, GEREGTIGHEID, HEILIGING?

‘n Kritiese ondersoek na die verbande tussen
liturgie, geregtigheid en menseregte
in die denke van Nicholas Wolterstorff

deur

David Peter Carelse

Navorsingsvoorstel ingelewer ter gedeeltelike
voldoening aan die vereistes vir die graad van
Magister in die Teologie
aan die Universiteit van Stellenbosch.

Studieleier: Prof. Dirk J. Smit
Departement Sistematiese Teologie

Desember 2011

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vir

my ouers
Hendrik P.L. Carelse (wyle) en Elizabeth Carelse
wie se geloofslewe my geleer het dat ons God
in gunstige tye hoor, en in lydenstye sien.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INHOUDSOPGAWE

Verklaring v
Abstract vi
Opsomming vii
Erkenning viii
Relevant texts from the Bible ix
Relevante Skrifverwysings x

HOOFSTUK 1: NAVORSINGSPROBLEEM

HOOFSTUK 2: BEOOGDE NAVORSINGSPROSEDURE EN METODOLOGIE 3
2.1 'n Literatuur-ondersoek 3
2.2 'n Ekumenies globale hermeneutiek 4
2.3 'n Leesstrategie volgens transformerende konstitusionalisme 4

HOOFSTUK 3: VOORAF-STUDIE 5
3.1 Bekendheid met menseregte 5
3.2 Huidige kennis van etiek 7
3.3 Huidige kennis van reg en geregtigheid 7
3.4 Voorafkennis van Wolterstorff se denke 8
3.4.1 Until Justice and Peace Embrace 8
3.4.2 Religion in the Public Square 11
3.4.3 Educating for *Shalom* 15
3.4.4 Justice: rights or wrongs 19
3.4.5 Justice in Love 21
3.4.6 Hearing the Call 23

HOOFSTUK 4: NAVORSINGSBEPLANNING 28
4.1 Tyd beskikbaar 28
4.2 Fondse 29
4.3 Boeke 29
4.4 Kontakte en Interaksie 29

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 5: MOTIVERING EN AKTUALITEIT 30

5.1 Pragmatiese oorwegings 30

5.2 Aktualiteits en kontekstuele oorwegings 32

5.3 Omvang en tendense van immoraliteit, ongeregtigheid en skending van menseregte 34

5.4 Oorsake van die immoraliteit, ongeregtigheid en skending van menseregte 40

5.5 Die potensiële impak van die liturgie op die immoraliteit, ongeregtigheid en skending van menseregte 54

HOOFSTUK 6: BEOOGDE DISSEMINASIE EN IMPLEMENTERING 60

6.1 Die sfeer van die kerk 60

6.2 Die sfeer van die akademie 64

6.3 Die sfeer van die samelewing in die breë 66

HOOFSTUK 7: SLOTOPMERKINGS 74

BRONNELYS 76

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

DECLARATION

I, the undersigned, hereby declare that the work contained in this thesis is my own original work and has not been previously, in its entirety or in part, been submitted at any university for a degree. Where use was made of the work of other authors, it has been duly acknowledged in the text.

D.P. Carelse **Date**

Student number

Copyright @ 2011 University of Stellenbosch
All rights reserved

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ABSTRACT

This study is 'n research proposal for a possible D.Th degree. The research objective is to explore critically the thought and teachings of Nicholas Wolterstorff, a leading Christian philosopher, that there is an inseparable and fundamental link between the celebration of the Sunday liturgy, the concept of justice we believe in, and human rights. I start by discussing how Wolterstorff writes, lives and defends this thought as a conviction of faith and as a philosophical paradigm. The contents of it can be summarised as follows: the holiness of the believer as an imitation of the holiness of God, is not a mere spiritual trait, it has also social implications; holiness presupposes justice; human rights is based upon the Biblical truths of the equal status of all human beings, mankind as the image of God, and the universal love command. The kingdom of God is established through law and justice. This was already confessed by the early church fathers. Love and justice cannot be separated. The worship of God and man's responsibility towards one another is grounded in the covenant. Protestantism is a world-formative religion. Worship in the presence of injustices, is not worship; it is false religion. The limitation imposed by the liberal state that its citizens cannot use religious reasons in public for the furthering of justice is then discussed. Religion should be allowed and the State should be impartial in its handling of all religions. Therefore Christians need an adequate cognitive framework for moral judgment. This must also be included in the curriculum of students at Tertiary Institutions. To equip the students for their role in life, the staff must teach and model justice, love, forgiveness, prayer and human rights. Students and the youth in church must also be brought face to face with those who suffer because of injustices, lack of love and economic marginalisation.

I then go on to motivate the reasons for undertaking this research. The motivation includes a description of the immorality, injustices and human rights violations in and outside South Africa. Then I discuss the opinions of various theologians across the world of whether worship and faith can contribute to the conversion, healing and change of people and institutions. The last chapter is a tentative illustration of the value of this research for the Church, the academy and the broader society. This value is estimated within the interdependence of transformative constitutionalism (juridical) and discipleship as transformation (theological). I conclude with a few closing remarks.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

OPSOMMING

Hierdie is 'n navorsingsvoorstel vir 'n voorgenome D.Th graad. Die doelstelling is 'n kritiese ondersoek van Nicholas Wolterstorff, 'n leidende christelike filosoof, se denke en lering dat daar 'n onskeidbare en fundamentele verband is tussen die viering van die Sondag liturgie, die geregtigheidskonsep waarin ons glo, en menseregte. Ek begin met 'n bespreking van hoe Wolterstorff hierdie denke skryf, leef en verdedig as 'n geloofsoortuiging en as 'n filosofiese paradigma. Die inhoud daarvan kom kortliks hierop neer: die heiligheid van die gelowige as nabootsing van God se heiligheid is nie net 'n geestelike eienskap nie, dit het ook sosiale implikasies; heiligheid veronderstel geregtigheid; menseregte is gebaseer op die Bybelse waarhede dat alle mense gelyk in status is as beeld van God, en die universele liefdesgebod. God se koninkryk word gevestig ook deur reg en geregtigheid; hierdie insigte was al so bely deur die vroeë kerkvaders; liefde en geregtigheid sluit mekaar nie uit nie. Die mens se aanbidding van God en sy pligte teenoor ander, is gegrond in die verbond. Protestantisme is 'n wêreld-transformerende godsdiens. Aanbidding in die erediens terwyl ons ongeregtigheid pleeg of toelaat, is nie aanbidding nie; dit is valse godsdiens. Die beperking deur 'n liberale staat dat godsdienstige redes nie in publieke debatvoering aangewend mag word vir die bevordering van geregtigheid nie, word bespreek. Godsdiens moet toegelaat word en die Staat moet onpartydig wees in sy behandeling van alle godsdienste. Daarom moet christene beskik oor 'n toereikende kognitiewe raamwerk vir morele oordeelvorming. Hierdie vereiste van 'n kognitiewe raamwerk moet ook ingesluit word in die kurrikulum van studente aan Tersiêre Inrigtings. Om hierdie studente toe te rus vir hulle rol in die samelewing moet die dosente deur onderrig en modellering die volgende by hulle inskerp: geregtigheid, liefde, vergifnis, gebed, menseregte. Studente moet in kontak gebring word met die mense wat ly as gevolg van ongeregtigheid, liefdeloosheid en ekonomiese marginalisering.

Daarna word gemotiveer waarom hierdie studie onderneem word. Hierdie motivering sluit in 'n illustrasie van die omvang van immoraliteit, ongeregtighede en skending van menseregte in en buite Suid-Afrika. Ek beweeg dan na 'n uiteensetting van verskeie teoloë se menings of aanbidding en geloof kan bydra tot bekering, heling en verandering van mense en instellings. Die laaste hoofstuk is 'n tentatiewe voorstelling van hierdie navorsing se waarde vir die Kerk, die akademie en die breë samelewing. Hierdie waarde word geskat binne die interafhanklikheid van transformerende konstitusionalisme (juridies) en dissipelskap as transformasie (teologies). Ek konkludeer met 'n paar slotopmerkings.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ERKENNING

Hierdie navorsingsvoorstel sal nie volledig wees as ek nie opreg erkenning aan die volgende persone en instansies gee nie:

- my vrou Benesha, vir haar liefde en onderskraging.
- Candice, Charmlyn en Kurt - my lieflike kinders, vir hulle aanmoediging en vrae oor die studies wat dit net ‘n groter vreugde gemaak het.
- prof. Dirk Smit, my promotor, vir die uniekheid van sy raadgewing, simpatieke oor en ‘n magdom wysheid.
- proff. Lourens du Plessis (Regsfakulteit), Herman Bosman en Nico Koopman vir die wyse waarop hulle my vir die eksamens voorberei het en die professionele wyse waarop hulle die eksamens hanteer het.
- die kuratorium van die N.G. Kerk (Wes en Suid-Kaap) vir hulle geldelike bystand.
- die administratiewe- en biblioteekpersoneel by die Fakulteit vir hulle vriendelikheid en aanmoediging.
- die administratiewe personeel in die departement Publiekreg by die Regsfakulteit ook vir hulle vriendelikheid en aanmoediging.

ooo0000ooo

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Relevant texts from the Bible.
The New Living Translation, 2006

"Appoint judges and officials for yourselves from each of your tribes in all the towns the Lord your God is giving you. They must judge the people fairly. You must never twist justice or show partiality. Never accept a bribe, for bribes blind the eyes of the wise and corrupt the decisions of the godly. Let true justice prevail, so you may live and occupy the land that the Lord your God is giving you."

Deuteronomy 16:18 - 20

"Give your love of justice to the king, O God, and righteousness to the king's son. Help him judge your people in the right way. Let the poor always be treated fairly. May the mountains yield prosperity for all , and may the hills be fruitfull. Help him to defend the poor, to rescue the children of the needy and to crush their oppressors."

Psalm 72:1 – 4

"And so, dear brothers and sisters, I plead with you to give your bodies to God because of all He has done for you. Let them be a living and holy sacrifice - the kind He will find acceptable. This is truly the way to worship him. Don't copy the behaviour and customs of this world, but let God transform you into a new person by changing the way you think. Then you will learn to know God's will for you, which is good and pleasing and perfect."

Romans 12: 1 – 2

"But now you must be holy in everything you do, just as God who chose you is holy. For the Scriptures say, 'You must be holy because I am holy.' "

1 Peter 1:15 - 16

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Relevante Skrifverwysings
Die Nuwe Lewende Vertaling, 2006

"In al die dorpe wat die Here jou God vir jou gee, moet regters en amptenare aangestel word. Hulle moet oor die hele land die volk regverdig regeer. Jy mag nie die reg verdraai of partydig wees nie. Moet nooit 'n omkoopgeskenk aanvaar nie, want omkoopgeskenke verblind die oë van wyse mense en verdraai die woorde van die regverdige. Laat geregtigheid geskied en geregtigheid alleen."

Deuteronomium 16:18 - 20

"O God, skenk u geregtigheid aan die koning, en u regverdigheid aan die seun van die koning. Hy sal u volk regverdig oordeel en armes met geregtigheid. Die berge sal voorspoed bring vir die volk, en die heuwels regverdigheid. Hy sal die verdruktes met geregtigheid oordeel, die kinders van behoeftiges red, hulle verdrukkers verpletter."

Psalm 72: 1 – 4

"Nou wil ek julle baie ernstig vra, liewe broers en susters: As julle dink aan alles wat God in sy groot ontferminge vir julle gedoen het, gee dan julleself aan Hom as 'n lewende en heilige offer. Dit is dié soort offer waarvan Hy hou, en wat julle diens aan God werklik sinvol maak. Moenie julle leefstyl aanpas by die gedragspatrone van hierdie wêreld nie, maar laat God julle omvorm deurdat Hy julle denkpatrone vernuwe. Dan sal julle goed kan onderskei wat Hý wil hê dat julle moet doen, naamlik dit wat werklik goed en aanvaarbaar en volmaak is. "

Romeine 12:1 – 2

"Julle totale leefstyl moet nou heilig wees, soos God heilig is – Hy wat julle sy kinders noem. Hy het immers self gesê: 'Wees heilig, want Ék is heilig!' "

1 Petrus 1:15 - 16

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1. NAVORSINGSPROBLEEM

==========

Liturgy and Justice - what do these two have to do with each other? Our intuition tell us that they are not meant to sit side-by-side in our Christian existence, but rather are meant somehow to interact with each other, authenticating each other, expressing and nourishing each other.... Liturgy in the absence of justice does not please God; it nauseates God. Gregorian chants or Genevan psalms or Lutheran chorales or Anglican anthems or Orthodox troparions sung in the presence of injustice disgust God.

Nicholas Wolterstorff [1]

When we fail in our obligations, we are guilty. When we fail to enjoy our rights we are morally wounded. So obligations have to do with guilt, and rights have to do with woundedness. I have come to think that these are two sides of moral life.

Nicholas Wolterstorff [2]

==========

Die probleem wat ek wil navors is van beide 'n prinsipiële en metodologiese aard in die denke van Nicholas Wolterstorff, 'n leidende filosoof en lidmaat van die Reformed Church in die Verenigde State van Amerika. Wolterstorff het baanbrekerswerk gedoen oor die vraag of die heiligheid van die liturgie 'n rol kan speel in die heiliging van die samelewing, spesifiek as modus van karakterontwikkeling, as modus van opvoeding in geregtigheid en as modus vir die bevordering van menseregte. Wolterstorff huldig die standpunt dat die Protestantisme in gebreke gebly het om vas te hou aan die Bybelse betekenis van die liturgie. Hierdie versuim, so argumenteer hy, het gelei tot die verlies van die konneksie tussen liturgie en geregtigheid en dit roep aldus vir 'n herwaardering van dissipelskap indien die Christelike Kerk [3] vernuwing binne die gebroke wêreld wil teweegbring. Hy argumenteer verder dat die Kerk geestelik versterk word, moreel georiënteer word, kognitief geslyp word, empaties ingestel word deur Sondag se liturgie (prediking, lofsange, skuldbelydenis, sakramente, dankoffers, gebede, ens.), om in die week hierdie gebroke wêreld te herskep tot 'n samelewing wat die *shalom* van Gods koninkryk weerspieël.

---

1. Wolterstorff, N. "Justice as a condition for authentic Liturgy". *Theology Today.* Vol. XLVIII, No.1, April 1991, 6, 21.
2. Wolterstorff, N. "The Contours of Justice: An Ancient Call for Shalom." Lisa B. Lampman (Ed.), *God and the Victim: Theological Reflections on Evil, Victimization, Justice and Forgiveness*. Grand Rapids: Eerdmans, 107 – 130.
3. Die term "Kerk" word hier in die omvattende betekenis gebruik soos voorgestel deur Wolfgang Huber, 1988. *Kirche.* München: Chr. Kaiser Verlag, 13 - 50. Huber onderskei ses gestaltes van "das Wesen der sichtbaren Kirche": (i) der Kirche als der Versammlung der Glaubenden, als Gottesdienst; (ii) der Kirche als Gemeinde; (iii) die kerk op Streeks en Nasionale vlak; (iv) die ekumeniese byeenkomste van die kerk; (v) die kerk as vrywillige organisasie, NGO; (vi) die kerk as individuele lidmaat. Die wese van ons publieke getuienis by wyse van dissipelskap word bepleit deur Keith Clemens, *Learning to Speak. The Church's voice in Public Affairs.* 1995, bl. 113 – 141. Ook deur Lewis S. Mudge, *The Church as Moral Community. Ecclesiology and Ethics in Ecumenical Debate.* 1998, bl. 50 -78.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ek hoop dus om in die proses te ontdek of daar wel verbande is tussen heiligheid, geregtigheid en heiliging. Volgens Wolterstorff is die drie eintlik onskeibaar verbonde en voorwaardes vir mekaar. Ek wil dan verder uitvind wat die aard, doelmatigheid en logika van hierdie verbande is spesifiek met betrekking tot die verbande tussen die heiligheid van die erediens, die gehalte van ons geregtigheid, en die transformerende (heiligings-) krag van menseregte.

Gehoorsaam aan die vereistes vir wetenskaplike onderrig en leer, bied ek vervolgens in hoofstuk 2 ‘n uiteensetting van my beoogde navorsingsprosedure en metodologie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2. NAVORSINGSPROSEDURE EN METODOLOGIE

==========

The aim of this book is to help congregations, groups, synods, and everyone else: 1) to learn to see the causes and mechanisms of the destruction of justice, peace and creation, and the alternatives; 2) to learn to judge in the light of the Bible what God says and does in and to our situation and in what God invites us to share; 3) to learn to act through the gift of church renewal.

Ulrich Duchrow [4]

Those who are the objects of policy should have the opportunity to participate not only in specific decicions but in the definitions of the situation on which these decisions are based. This may be called cognitive participation.

Peter Berger [5]

==========

Om 'n outentieke en bruikbare resultaat op bovermelde navorsingsprobleem te kry, sal ek die studie doen by wyse van (i) 'n literatuur ondersoek, (ii) 'n ekumenies globale hermeneutiek, en (iii) 'n leesstrategie in diens van transformerende konstitusionalisme.

2.1 Literatuur ondersoek

Die navorsing sal konsentreer op die literatuur van Nicholas Wolterstorff. Alhoewel hy 'n filosoof is, bly my fokus die *Christelike* teologiese etiek en die juridiese relevansie van Bybelse geregtigheid. Ek sal sy belangrike insigte identifiseer en ook 'n kritiese evaluering daarvan doen. Die metodologiese aanpak sal beide *beskrywend* en *verkennend* wees. Die literatuur sal onderskei word in primêre en sekondêre bronne.

2.1.1 Die primêre bronne

2.1.1.1 Hearing the Call: Liturgy, Justice, Church, World (2011) 'n bundel met belangrike opstelle, gerangskik onder die vier genoemde temas van liturgie, geregtigheid, kerk en wêreld.

2.1.1.2 Justice in Love (2010) 'n opvolgstudie na "rights or wrongs" waarin hy fokus op Benevolence-Agapism, Care-Agapism, Just and Unjust Love, en The Justice of God.

---

1. Duchrow, U & Liedke, G. 1989. *Shalom. Biblical perspectives on creation, justice and peace.* Geneva: WCC. Sy artikel "Towards a Europe for justice", in *Reformed World* 1991, 4 (6) 207–212 adem dieselfde gees.
2. Berger, P.L. 1974. *Piramids of Sacrifice. Political Ethics and Social Change*. London: Penguin Books.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.1.1.3 Justice: rights or wrongs (2008), 'n indringende begronding van menseregte.

2.1.1.4 Educating for Shalom: Essays on Christian Higher Education (2004), 'n reeks opstelle oor vorming, ook van deugde en karakter.

2.1.1.5 Religion in the Public Square (1997) [saam met Robert Audi], 'n aantal opstelle waarin kritiek gelewer word teen die liberale demokrasie se aandrang dat godsdiens nie in die publieke debat oor geregtigheid aangewend mag word nie.

2.1.1.6 Until Justice and Peace embrace (1981), 'n reeks lesings wat gelewer was by die Universiteit van Amsterdam oor die liturgie, Protestantisme as "world-formative Christianity", en die interafhanklikheid van teorie en praktyk.

2.1.2 Die sekondêre bronne

Dit is artikels van Wolterstorff in professionele Tydskrifte waaronder *Theology Today* en *Reformed Journal*, asook bydraes in boeke wat deur redakteurs gepubliseer (sien bv. vn. 2).

2.2 'n Ekumenies, globale hermeneutiek

Verskeie van Wolterstorff se standpunte volg uit eksegese en toepassing van spesifieke Skrifgedeeltes. 'n Soektog na woorde se semantiese betekenis, na die skopus en historiese agtergrond van voornoemde en ander Skrifgedeeltes, roep dus ook 'n kontekstuele hermeneutiek na vore as deel van my prosedure. Dit sal 'n hermeneutiek wees wat globaal, ekumenies en holisties is om die stem van God ook vir hedendaagse Afrika hoorbaar te maak.

2.3 'n Leesstrategie in diens van transformerende konstitusionalisme

Vir Wolterstorff is die beskerming van menseregte noodsaaklik indien ons mense wil laat floreer. Vir hom is bekering die verandering van die menslike hart en 'n omkeer na God, asook 'n verandering en omkeer van strukture. Die konstitusionele dialoog wat die Hof met die burgers moet voer, ondersteun dié verandering. Wanneer ek die betekenis-moontlikhede van woorde in die Handves sal uitlê om dienstig te wees aan hierdie transformasie, sal die "systematic", "teleological" en "historical" leesstrategieë voorrang geniet (du Plessis, 2008).

Ten einde te kwalifiseer vir toelating om hierdie navorsing te onderneem, moet ek die paneel oortuig dat ek genoegsame voorafstudie van die inhoud gedoen het. Die bronne genoem hierbo is oorsigtelik nagegaan. Ek bied nou die voorafstudie van hierdie bronne.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3. VOORAF-STUDIE

==========

Die versoende mens is in Christus 'n nuwe skepping van God (2 Kor. 5:17)….. Christus wil sy profetiese werksaamheid deur die verkondiging van die kerk vervul en vanuit die kerk die lig laat val op alle lewensterreine sodat dit onder die heerskappy van Christus gebring kan word….. Die kerk mag homself nie in 'n ghetto van vroomheid terugtrek en weier om die implikasies aan te toon wat die versoening in Christus vir die politiek, die samelewing, die kultuur, en die etos van die gemeenskap het nie.

Willie Jonker [6]

==========

Soos genoem in die voorafgaande hoofstuk 2, sal die aanvaarbaarheid van hierdie navorsingsvoorstel bepaal word deur die mate van vooraf-studie oor sekere aspekte. Van daardie aspekte is ongetwyfeld my bekendheid met menseregte, huidige kennis aangaande etiek, kennis van die betekenis van reg en geregtigheid, én voorafkennis van Wolterstorff se denke. Ek beredeneer dit nou in dieselfde volgorde.

3.1 Bekendheid met menseregte

Om Wolterstorff se denke oor menseregte te verstaan en wetenskaplik te beredeneer, vereis 'n redelike kapasiteit oor die analitiese en metodologiese spelreëls van dissiplines wat regstreeks in die gedrang is, veral die regsfilosofie. Menseregte is deesdae nie net in die kollig van teologiese besinning nie, maar soos Wolterstorff tereg aandui, ook in die kollig van politieke en konstitusionele ontwikkelings wêreldwyd. 'n Redelike kennis word dus vereis aangaande die begronding van menseregte, die aard van menseregte asook die beskerming van menseregte met inagneming van 'n Staat se demografiese en religieuse diversiteit. Ek voer respekvol aan dat ek hieraan voldoen. Deur die goeie hand van God beskik ek oor 'n B.Prok (UNISA) en 'n Sertifikaat in Praktiesse Regsopleiding (UK). Die sertfikaatkursus word aangebied in samewerking met die Suid-Afrikaanse Wetsgenootskap en is die ekwivalent van 1 jaar klerkskap (articles). Tydens hierdie opleiding is ek deeglik geskool in die nuwe Konstitusionele Reg van ons land. Besondere aandag is geskenk aan die aard, toepassing en beperking van Menseregte soos vergestalt in die Grondwet van Suid-Afrika [Wet 108 van 1996]. Die opleiding was teoreties en prakties. Lg. in die Magistraatshof, Kaapstad. Litigasie in menseregte is ook bestudeer.

---

6. Jonker, W.D. 1977. *Christus, Die Middelaar*. Pretoria: NG Kerk Boekhandel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vanaf 1994 tot 1998 was ek die Aktuarius van die Kaapland Sinode van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika. Tydens hierdie ampstermyn moes ek advies gee aan Kerkrade, lidmate, Verenigings en Kommissies van gesegde Sinode. Ook moes ek beraadslaag met regsfirmas in gevalle waar hofsake tussen partye aanhangig gemaak was. Die dispute het soms gehandel oor geregtigheid, administratiewe reg en menseregte. Van hierdie hofsake het gegaan oor leraars wat die Hooggeregshof versoek het om die Sinode se beslissing om hulle predikantestatus af te neem, ongeldig te verklaar. Die redes wat hulle aangevoer het, was dat die beslissings 'n onredelike en onverskoonbare inbreuk is op die spesifieke reg(te) wat hulle kragtens die Handves van Menseregte geniet.

Gedurende 2000 was ek deur die Departement van Plaaslike Bestuur, Noord Kaap, aangestel as voorsitter van 'n Afbakening Fasiliterings-komitee bestaande uit vyf lede. Die mandaat was *inter alia* die ontbinding van 30 bestaande Plaaslike Munisipaliteite en Oorgangsrade gevolg deur die stigting van vier nuwe Plaaslike Munisipaliteite. Dit het ook ingesluit die ontbinding van 2 bestaande Distriksmunisipaliteite gevolg deur die stigting van 1 nuwe Distriksmunisipaliteit. Hierdie opdragte is gedoen volgens die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture [Wet 117 van 1998] en die Handves vir Menseregte sodat alle burgers se menseregte gehandhaaf kon word. Die finale Verslag is gepromulgeer as die Seksie 12 Kennisgewing in die Noord Kaap Staatskoerant.

Een van die modules vir die huidige M.Th studie is gedoen by die Regsfakulteit onder die bekwame leiding van prof. Lourens M. du Plessis. 'n Groot deel van die eksamen het gegaan oor institusionele geregtigheid, die hantering van religieuse regte deur howe, interpretasie reëls ("reading strategies") vir die Grondwet en Handves vir Menseregte, asook die grondnorme wat nodig is vir die bou van 'n optimal regverdige samelewing. [7]

---

7. Die voorgeskrewe boek was: Van der Vyver, JD & Witte, J. 1996. *Religious Human Rights in Global Perspective – Legal Perspectives.* Boston: Martinus Nijhof Publishers. Die artikels was: Lenta, P. Cultural and Religious Accommodations to School Uniform Regulations, *Constitutional Court Review (2008)1, 259-293;* du Plessis, LM, Conceptualising "Law" and "Justice" (2): Just Legal Institutions in an Optimally Just Society (with particular reference to possible options in a future South Africa) *Stell. LR* (1992) 3 357-374; du Plessis, LM. Enkele Opmerkings oor die Christelike fundering (en verwerping) van menseregte. *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg* 53(3(1990 403-412; du Plessis, LM. Affirmation and Celebration of the Religious Other in South Africa's Constitutional Jurisprudence on Religious and related Rights: Memorial Constitutionalism in Action?; Die Hofbeslissings was: *Christian Education South Africa v. Minister of Education* 200 4 SA 757 (CC) para 36; *Kwazulu-Natal MEC for Education v. Pillay* 2008 1 SA 474 (CC); *Bührman v. Nkosi* 2002 (1) SA 372 (SCA); *Prince v. President, Cape Law Society* 2002 (3) BCLR 231 (CC), 2002 (2) SA 794 (CC). S v. *Makwanyane* 1995(3) SA 391 (CC), 1995 (6) BCLR 665 (CC).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.2 Kennis van die Etiek

Die titel van my Lisensiaat Skripsie was, *Kerk en Wêreld - 'n Hermeneuties-etiese studie.* Vier van die modules vir hierdie M.Th graad is gedoen onder die bekwame leiding van prof. Nico Koopman. Die eksamens oor genoemde modules het 'n wye spektrum gedek waaronder: (a) die aard, omvang en definiëring van etiek; (b) klassieke etiese teorieë van die Griekse filosowe, vroeë kerkvaders en persone uit die Middeleeue; (c) morele vorming, deugde- en karakterontwikkeling; (d) moderne etiese teorieë; (e) Skrifgebruik en etiek; (f) etiese besluitneming en etiese vraagstukke; (g) kriteria vir etiese besluitneming - deontologies, teleologies, deugde etiek; (h) etiek in die gesins, persoonlike, filosofiese en godsdienstige kontekste van die wêrelde waarin ons leef. [8]

My huidige promotor is die internasionaal bekende prof. Dirk J. Smit. Sy leiding het my gehelp om nuut te kyk na die vele paradigmas in die etiek asook om die korrelasie tussen mistiek (kontemplasie) en praxis te verstaan. Ook het hy my ontledingsvermoeë en die vaardigheid om metodologie aan konteks te koppel wat noodsaaklik is vir 'n D.Th, verder ontwikkel.

3.3 Kennis van die begrippe reg en geregtigheid

Nog 'n module is gedoen by die Departement Ou en Nuwe Testament onder die bekwame leiding van prof. Hendrik Bosman. Die module het gefokus op 'n wetenskaplike studie van die agtergrond en betekenis van reg צדק (*ṣdq*) en geregtigheid משפט (*špṭ*) in die profesie van die 8ste eeu se profete sowel as in die Pentateug en die Wysheidsliteratuur. Die voorgeskrewe boeke en artikels het ook voorbeelde uit geskrifte van die Antieke nabye Ooste en perikope uit die LXX bevat. [9]

---

8. Van die voorgeskrewe boeke was: O'Donovan, O. 2005. *The Ways of Judgment*. Grand Rapids: Wm. B. Eerdmans; Childs, JM. 1992. *Faith, formation and decision: Ethics in the community of promise.* Minneapolis: Fortress; Villia-Vicencio, C & de Gruchy, JW (eds).1994. *Doing Ethics in Context.* Cape Town: David Philips; Birch, BC & Rasmussen, LL. 1989. *Bible & Ethics in the Christian Life*. Minneapolis: Augsburg; Hauerwas, S. 1981. *A Community of Character: towards a constructive Christian social ethic.* Nortre Dame: University Press; Wogaman, JP. 1990. *Christian Moral Judgment.* Louisville: Westminster.
9. Van die voorgeskrewe boeke was: Hemchand, G. 1992. *Justice, Righteousness and the Social Critique of the 8th Century Prophets*; Weinfeld, M. 1995. *Social Justice in Ancient Israel and in the Ancient Near East*, Minneapolis: Fortress Press; Houston, WJ, 2007**.** CONTENDING FOR JUSTICE. Ideologies and Theologies of Social Justice in the Old Testament**.** New York: T & T Clark. Artikels in Tydskrifte: Macdonald, N. "THE IMAGO DEI AND ELECTION: Reading Genesis 1:26 - 28 and Old Testament Scholarship with Karl Barth*". The International Journal of Systematic Theology* 10: 303 – 327**;** Premnath, DN. 2008. Amos and Hosea: Sociohistorical Background and Prophetic Critique. *Word and World,* Volume 28, Nr. 2; Fretheim, TE, 2008. "The Prophets and Social Justice: A Conservative Approach". *Word and World*, Volume 28, Number 2**.**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.4 Voorlopige kennis van Wolterstorff se denke

Die belangrike werke genoem in paragraaf 2 *supra* is voorlopig nagegaan. Al hierdie boeke is belangrik want dit raak pertinent aspekte aan wat ek wil navors en tot klaarheid wil bring. Hierdie aspekte is *inter alia* die doelmatigheid en logika van die liturgie (die kultus in O.T.); moderne narratiewe oor geregtigheid; verskillende standpunte oor die begronding van menseregte; 'n pedagogie van geregtigheid; heiligheid, liefde en vergifnis as karaktertrekke van God; Gereformeerde liturgie; die belangrikheid van die verbond tussen God en die mens en die mense onderling. Ek sal nou die boeke in chronologiese volgorde opsom en begin derhalwe met *Untill Justice and Peace embrace.*

3.4.1 Until justice and peace embrace, 1983

Die boek is opgedra aan "*my dear friend Allan Boesak, black Reformed pastor and theologian from South Africa in whose speech I have heard both the cries of the oppressed and the Word of the Lord*." Die substansie van die boek was in 1981 aangebied as agt Kuyper lesings aan die Vrye Universiteit van Amsterdam. Die hoof boodskap van die boek sentreer rondom vier temas naamlik: die Gereformeerde teologie as "world-formative" teologie, die vervreemding wat die moderne samelewing teweeg-bring, die interafhankliheid van etiese teorie en praktyk, en die verwaarlosing van die liturgie. Die Christelike spiritualiteit is 'n "world-formative Christianity". Volgens Wolterstorff het die kerk in die Middeleeue die Christene geleer om te berus in wat gebeur in die sosiale wêreld waarin hulle hulself bevind het. Geloof was hoofsaaklik piëtisties uitgeleef – soms deur askese. Die mens is 'n vreemdeling in hierdie wêreld wat as reisiger op pad is na sy eindbestemming om God te ontmoet. Om in die wêreld betrokke te raak is om jou te begeef in iets wat jou dalk hierdie eindbestemming sal laat mis. In die 16de eeu het egter 'n diepgaande verskil in visie en praktyk na vore gekom via die Gereformeerde Kerk in Switserland en die Bo-Ryn vallei. Die struktuur van die kerk asook die struktuur van die sosiale wêreld was krities beoordeel in die lig van Gods Woord. "World-formative Christianity" is gebore. Die doel van hierdie boek word daarom só gestel:

> "The project in this book is to ask how Christians should insert themselves into the modern social order. The pattern of thought and action that I have described as world-formative Christianity is the overarching perspective of what I shall urge."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Christen het ‘n verantwoordelikheid om mee te werk aan die voortdurende hervorming van sy omgewing, vir die verlossing van sy eie siel, die verlossing van sy medemens en die verlossing van die sosiale orde. Wolterstorff vind ondersteuning vir hierdie standpunt by die engelse predikant Thomas Case wat in 1641 teenoor die English House of Commons genoem het dat die heersende wette van Engeland en die instellings van Engeland nie die soort wette en instelings is wat God vir Engeland wil nie. “World-formative Christianity” is gehoorsaamheid aan God uit diepe dankbaarheid vir Sy genade. Christene word hierdeur agente van God, instrumente van sy helende genade; hulle beskik oor die deugde van geregtigheid, getrouheid en bestendigheid en met dié deugde dien hulle die Christelike gemeentes, die gemeenskaplike welsyn, die staat en hul medemens. Christene is ook mense met ‘n nuwe hermeneutiek wat die boodskap van beide Ou en Nuwe Testament relevant maak en só word hulle “people of the Book”.

Tweedens noem Wolterstorff dat die Moderne wêreld sisteem vervreemd is van God se wil vir die mensdom. Hy voer verder aan dat die strukture van ons sosiale orde in diens moet staan van God se wil om die outentieke vervulling van God se beloftes te waarborg. Die realiteit daarenteen is dat hierdie strukture ellende en ongeregtigheid versprei. Indien die kerk die vernuwende krag van die Evangelie effektief wil uitleef, moet “an architectonic analysis and critique of our society” gemaak word, dit is “an analysis and critique of its structures and dynamics”. Met strukture bedoel Wolterstorff die sosiale, politieke, kulturele en ekonomiese instellings. Met dinamika bedoel hy die “social significant actions” van individue, groepe en instellings wat, indien herhaaldelik uitgevoer word, tot fundamentele praktyke aanleiding gee. Wolterstorff redeneer dat nie slegs die mens verander moet word nie *maar ook die strukture want* dit is via hierdie strukture wat oorlog, werkloosheid, en ander immorele dade gepleeg word. Van die strukture waar die grootste transformasie moet plaasvind, is die strukture van die kapitalistiese globale ekonomie want dit lei tot *ongelyke verspreiding* van kapitaal, mag en geleenthede. ‘n Ander struktuur is politieke owerhede wie se dade aanleiding gee tot “sorrows of injustice”, “sorrows of misplaced values” en “sorrows of undesired consequences” Nog een is die kulturele instellings van ‘n nasie (nasionalisme) wat groter lojaliteit aan die nasie se ideale, gewoontes, helde, stories vereis as aan die storie van God in Jesus Christus. Soms is dit een nasie wat binne dieselfde staat bo ‘n ander nasie(s) verhef word. So kom een nasie teenoor ‘n ander nasie in konflik te staan.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Derdens praat hy van die verwaarlosing van die liturgie in hedendaagse Protestantisme. Die hedendaagse liturgie verkondig *shalom* sonder die beklemtoning van mense se regte:

> "We shall see that *shalom* is intertwined with justice. In shalom, each person enjoys justice, enjoys his or her rights. There is no shalom without justice. But shalom goes beyond justice" (b. 69) .

Hier beroep Wolterstorff hom op (a) Ou Testamentiese verse soos Jesaja 2:2-3; 11:1-2; 11:6-8; 25:6; 58:6-7; Psalm 85; Amos 5:21-24, (b) Karl Barth (**1886- 1968**) se *Kirchliche Dogmatik*, Vol. 2, The Doctrine of God, (c) Abraham Kuyper se lesings voor die Christian Social Congress in Holland. Hy redeneer voorts dat die teologiese belangrikheid van Sondag se gebeure in die erediens daarin geleë is dat dit teologiese voordeel inhou vir die Christen se lewenswyse van Maandag tot Saterdag:

> "Could it be that when participation in the Sunday liturgy of the Church is missing, then life as a whole is altered in a certain way? Is it not possible that the liturgy *authenticates* our action in the world?" (bl. 148)

Daarom beskou hy sekularisme as "a negation of worship." Dit is "the negation of man as a worshipping being, as *homo adorans*" (bl. 149). Liturgie is dankbaarheid teenoor God; dis om vanuit die geloof die wêreld te sien soos wat God dit sien. Liturgie is uniek; dit het sy eie karakter as verlengstuk van die aanbidding van oud Israel binne hulle konkrete geskiedenis. Liturgie is 'n "*remembrance*", 'n "*memorial*" van God se verlossingsdade. Die hart van die Joodse konsep van herinnering en herdenking moet vandag voortgesit word. Om die pasga te eet was om die pasga gebeure van die verlossing uit Egipte tot die aandag van iemand te bring. Op soortgelyke wyse beteken die eet van die Nagmaal as 'n herinnering en herdenking van Jesus, om Sy lewensoptrede, sterwe en opstanding tot iemand se aandag te bring. Tot wie se aandag? Wolterstorff sê: Eerstens tot God, uit dankbaarheid. Tweedens tot myself - dit vra van my 'n hernieude verbintenis van gehoorsaamheid. Derdens tot die wêreld. Die herinnering word dan 'n herverordening, 'n kreatiewe herhaling van God se magtige dade van redding, vergifnis, liefde, orde, geregtigheid in die wêreld via die kerk as agent van heiliging.

Vierdens word die interafhanklikheid van Teorie en Praktyk bepleit. Wolterstorff sê die etikus moet teorie en praktyk integreer. Hy verwys na 'n gesegde oor die rede vir die formulering van 'n teorie: "The goal is not to describe the world but to *change* it." Teorie is belangrik (bl. 162) maar dit mag nooit gaan om maar net 'n teorie te formuleer nie. Hy spreek die besorgdheid uit oor baie teoloë en opvoedinginstansies wat hulle ten doel stel "to develop a body of nomological theory – a body of laws, abstract, general, integrated – rather

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

than a body of theory useful for the struggle to reform society into more just and healthful structures." (bl. 165). Wolterstorff eindig die boek met hierdie aangrypende woorde:

> "I have seen Beyers-Naudé, and Helder Camara, and the brothers of Taize (France) combining in endlessly creative ways the renewal of the liturgy with a commitment to peace. I have heard the news of bands of Christians around the world saying No to injustice while singing hymns to God the father and his Son Jesus Christ." (bl. 175)

In die dekades hierna sou Wolterstorff dié oortuigings op verskillende maniere verdedig in sy werk*: Religion in the Public Square*.

3.4.2 Religion in the Public Square. The Place of Religious Convictions in Political Debate, 1997

Hierdie boek handel oor die Amerikanse demokrasie. Wolterstorff noem dat dit ook van toepassing gemaak kan word op ander lande se liberale demokrasie. Die eerste gedeelte van hierdie boek word geskryf deur Robert Audi. Wolterstorff se gedeelte is getiteld: *The Role of Religion in Decision and Discussion of Political Issues,* wat op bladsy 67 begin.

Binne die Staat van 'n liberale demokrasie is daar burgers, nie blote onderdane nie. En hierdie burgers het bepaalde sosiale rolle wat hulle moet vervul om as 'n goeie burger geklassifiseer te word. Aan elke spesifieke rol is daar regte, pligte en verwagtinge gekoppel. Die liberale demokrasie het ontstaan as 'n oplossing vir die godsdiens konflikte wat Engeland in die sewentiende eeu verwoes het. Teen dié agtergrond word 'n liberale demokrasie dan verstaan as 'n vorm van regering vir samelewings waarin verskillende godsdienste teenwoordig is – en nie slegs verskillende godsdienste nie, maar ook verskillende omvangryke perspektiewe op die daaglikse werklikheid, die goeie lewe en die mens se bestemming; alle burgers het *gelyke beskerming* onder die wet; *gelyke vryheid* om hulle lewens te lei soos hulle dit goed vind; dit vereis dat die staat *neutraal* moet wees ten opsigte van al die godsdienste en perspektiewe binne sy gebied; elke burger het *gelyke stem.* Om uitvoering te gee aan hierdie staatsbestel moet daar wette en reëls wees wat die interaksie tussen die burgers orden en wat sal bepaal hoe hulle mag deelneem aan openbare besprekings, aksies, debatte, besluitneming; ook hoe regters bv. wette mag toepas; hoe burgers mag stem in referendums. In al hierdie rolle moet een doel deur burgers en amptenare nagestreef word: *geregtigheid!* En wat is die geskikste bron van feitlike en morele oortuiging op grond waarvan beslissings vir geregtigheid gemaak mag word? Die liberale staat sê: burgers en amptenare mag nie hulle besluite en/of debatte oor politieke sake op hulle

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

godsdienstige oortuigings baseer nie! Godsdiens kwalifiseer nie as bron nie. Deelname aan publieke debat moet gebaseer word "on the principles yielded by some source *independent* of any and all of the religious perspectives to be found in society" (b. 73). Van staat tot staat word hierdie "independent source" verskillend beskryf: "publicly accessible reasons", of "secular reasons", of "reasons derived from the shared political culture of one's liberal democracy." Wolterstorff noem dat die meeste burgers hierdie beperking interpreteer as "separation of state and church." Hy verduidelik dat hierdie "separation" klaarblyklik 'n interpretasie is van die First Amendment Act van die Verenigde State van Amerika se Konstitusie. [10] Die afgelope vyftig jaar sê hy, het die Howe sake beslis volgens dié skeiding interpretasie, of soos Thomas Jefferson dit genoem het, "the wall of separation." Die *Virginia v. Rosenberger* hofbeslissing dui volgens Wolterstorff 'n verandering in rigting aan. Wolterstorff gaan hierna in op die vraag: Wat is die rasionaal vir *epistemologiese* beperkinge op die besluite en debatte van burgers? Hy stel dit apologeties:

> "That is, why should epistemological restraints be laid on a person *when the legislation advocated by that person does not violate the restrains on content?* What difference does it make what reasons citizens use in making their decisions and conducting their debates, if the positions they advocate do not violate the Idea of liberal democracy? And in particular, why should *religious* reasons (which are not derived from the independent source) be singled out for exclusion?" (bl. 77)

Wolterstorff noem vervolgens *drie* redes wat soms in die verlede aangevoer was vir hierdie beperking: (a) dit is eenvoudig te gevaarlik, in 'n situasie van godsdiens pluralisme, om .toe te laat dat godsdiens die publieke arena binnedring, (b) godsdiens wek te veel emosies op, (c) die stabiliteit en voortbestaan van die staat is op die spel. Hy noem dat al hierdie redes vir hom nie redelik en aanvaarbaar is nie want Amerika het 'n lang geskiedenis van godsdienstige verdraagsaamheid; die menseslagtings in die wêreld die afgelope eeu was veeleerder die gevolg van sekulêre oorsake soos nasionalisme in verskeie vorms, fascisme, kommunisme en ekonomiese heerskappy. Baie van die sosiale bewegings wat hulle lande in die rigting van 'n liberale demokrasie laat beweeg het was godsdienstig in oriëntasie bv. die

---

10. Die bewoording van die Amendment is: "Congress shall make no law respecting an establishment of religion, or prohibiting the free exercise thereof; or abridging the freedom of speech, or of the press; or the right of the people peaceably to assemble, and to petition the government for a redress of grievances." Hierdie Eerste Wysigingswet is deel van die Handves van Menseregte. Aanvanklik het die Wysiging slegs effek gehad op wette wat deur die Kongres gepromulgeer was. In die saak *Gitlow v. New York*, 268 U.S. 652 (1925), het die Hooggeregshof beslis dat die "Due Process Clause" van die Veertiende Wysigingswet, hierdie Eerste Wysigingswet bindend gemaak het op elke staat, insluitend enige plaaslike munisipaliteit. Ook Forest Church (2009), *The Cathedral of the World. A Universalist Theology,* wys op die impak van hierdie beperking op godsdiens.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"abolitionist movement" in die 19de eeuse Amerika, die "civil-rigths movement" in 20ste eeuse Amerika, die weerstandsbewegings in fascisties Duitsland, en die ekumeniese kerkbewegings in apartheid-Suid-Afrka. Hy sê vele oorgange na demokrasie word heel dikwels deur Westerse akademici ontleed asof godsdiens geensins in die prentjie was nie. [11] Die skeidings interpretasie en die toepassing daarvan is volgens hom 'n miskenning van die rol wat godsdiens gespeel het in die totstandkoming van baie lande se demokratiese bestelle.

Vanaf bladsy 80 gee hy John Locke (**1632 -1704)** se tradisionele, en John Rawls (**1921-2002)** se kontemporêre rasionale vir wat die "independent source of principles" moet wees. John Locke se voorstel is "listening to the voice of Reason", die "optimal practice of inquiry." Die burger moet gebruik van "natural law" wat inderwaarheid "moral truths" is wat toeganklik is vir "human reason" sonder die hulp van "divine revelation" Die historiese tradisie moet omseil word. John Rawls weer, voer aan dat die *consensus populi* die politieke basis moet wees vir diskussies en debate. Alle burgers is "free and equal" en as sulks moet hulle streef na politieke geregtigheid wat die ondersteuning sal kry van 'n *oorkoepelende konsensus* uit redelike godsdienstige, filosofiese en morele leerstellings. Hierdie beperkings geld volgens Rawls nie vir *alle politieke besluite en diskussies nie.* Dit geld slegs vir "*constitutional essentials*" en vir "*matters of basic justice.* Wolterstorff is krities oor beide voorstelle:

> "Let me make it clear that it is not the Idea of liberal democracy that I oppose; on the contrary, I firmly embrace it. What I oppose is *the liberal position*; the thesis that the role of the citizen in a liberal democracy includes a restraint on the use of reasons, derived from one's religion, for one's decisions and discussions on political issues and a requirement that citizens instead use an independent source." (bl. 81) [12]

Sy alternatief is wat hy noem die "*consocial* position" want dit is "fully harmonius with the idea of liberal democracy." Sy beredenering verloop soos volg: Die onafhanklike bron wat deur beide Locke en Rawls aangebied is, word nie voldoende en duidelik genoeg geïdentifiseer nie en is vatbaar vir meervoudige betekenisse. Dit skend die gelowige se reg op gelykheid omdat godsdienstige oortuigings nie as 'n "comprehensive perspective"

---

11. Hieroor skryf Wolterstorff soos volg: "I have in mind here chapter 1 of Jean Cohen and Andrew Aarto, *Civil and Political Theory* (Cambridge: MIT Press, 1992), which manages to analyze the resistance movement in East Germany of the late 1980's without mentioning that churches and pastors were involved." (bl. 119).
12. Wolterstorff het ondersteuning van Greenwalt, K, 1988. *Religious Convictions and Political Choice* 1988. New York: Oxford University Press, en Greenwalt, K, 1995. *Private Consciences and Public Reasons,* New York: Oxford University Press. Ook Greenwalt verklaar dat Locke [*Second Treatise of Government*, 1980 (1690)] en Rawls [*A Theory of Justice*, 1971; *Political Liberalism*, 1993] se alternatiewe hoegenaamd nie 'n oplossing bied op die mees belangrike en kontensieuse vraagstukke binne 'n liberale demokrasie nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aangebied mag word nie. Dit is eerstens 'n *praktiese onbillikheid*: Elke Christen beskou dit as inherent deel van sy/haar menswees om besluite oor fundamentele aspekte van geregtigheid op geloofsoortuigings te baseer. Vir die Christen is dit nie 'n opsie naas ander opsies nie. Christene is oortuig dat hulle verplig is om te streef vir heelheid, integriteit en integrasie in hulle lewens; dat hulle verplig is om uitvoering te gee aan die Woord van God, die bepalinge van die Torah, die opdragte en voorbeeld van Jesus Christus "to shape their existence as a whole, including their social and political existence." Om op die Christen of op 'n ander godsdienstige (bv. 'n Jood) 'n beperking te plaas, is volgens Wolterstorff "to infringe, inequitably, on the free exercise of their religion." Tweedens is dit 'n *teoretiese onbillikheid*: godsdienstige oortuigings kan myle ver gesien word - verwysings na God, Christus, Allah, die Koran, die Christelike Bybel; maar perspektiewe soos nasionalisme of utilitarisme wat nie altyd sigbaar is nie gaan deur om in die publieke arena aangewend te word vir die verkryging van geregtigheid vir die voorstander daarvan. Die godsdienstige of kulturele groep se reg om as 'n eie unieke gemeenskap te funksioneer, word dus misken. Hy verwys voorts na die skryf van wetgewing deur die Parlement en die uitleg daarvan deur regters, en vra dan: Is dit moontlik dat die Parlementslede se debatte vry is van die oortuigings van die denominasie waaraan hulle behoort? Speel die regter se kerkverband en sy denominasie se geloofsoortuigings waarlik geen rol in sy/haar uitleg van 'n wet nie?

Wolterstorff se alternatief van die "*consocial* position" kom verder daarop neer dat die staat die aanwending van die First Amendment Act nie op "*separation'* moet baseer nie maar op *"impartiality"* Die regering, uitvoerende en regsprekende amptenare moet onpartydig wees in hulle hantering van alle godsdienste. Eersgenoemde interpretasie (separation) impliseer dat die staat geen godsdiens mag bevorder of verhinder nie. Die verskil in betekenis tussen die twee interpretasies is soos volg: Indien die staat sou besluit om skole met 'n godsdienstige oriëntasie te ondersteun, sou die "impartially" interpretasie meebring dat die staat alle skole gelyk moet ondersteun ongeag hulle godsdiens oriëntasie. Die "separation" interpretasie impliseer dat die staat geen skool wat 'n godsdiens oriëntasie het geldelik mag ondersteun nie. "Impartiality" impliseer ook respek. Eer mekaar en respekteer is basiese begrippe in etiek en moet as 'n noodsaaklike element van burgerskap geld. Wolterstorff reageer op Rawls se teorie van "the morality of respect" waarvolgens Rawls verklaar dat 'n burger vir hom (Rawls) eer slegs as die burger redes aanbied wat gebaseer is op die "independent source." Respek is voorts volgens Rawls dat elke landsburger uit respek teenoor die ander self op hulle die beperking van godsdiensvryheid toepas. Wolterstorff vind

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dit in stryd met die wese van etiek en godsdiens. Hy skryf dat respek beteken om na mekaar te luister ongeag die ander se godsdienstige oortuigings of politieke perspektief. So begin burgers mekaar verstaan, word perspektiewe aan mekaar gekommunikeer, leer hulle van mekaar, en skep dit 'n basis vir publieke dialoog waarin ander se standpunte en uniekheid in gedagte gehou word in die neem van besluite vir geregtigheid.

Wolterstorff se denke raak ook die terrein van die akademie. Geregtigheid, so argumenteer hy, moet die *shalom* op Tersiëre Inrigtings help vestig. Hierdie denke vind konkreet gestalte in die werk *Educating for Shalom.*

3.4.3 Educating for shalom, 2004

Hierdie boek is 'n versameling van opstelle oor die karakter en doel van 'n geloofsgebaseerde Christelik Tersiëre Opvoeding. Die geadresseerdes is administrateurs, dosente en studente aan Kolleges en Universiteite wat hulle godsdienstige identiteit - Protestant of Katoliek – 'n lewende werklikheid wil maak. Ek bied 'n opsomming van drie van die opstelle wat relevant is vir my navorsingsprobleem en titel van die navorsingsvoorstel. Dit is *The Project of a Christian University in a Postmodern Culture*, *The World for Which we Educate* en *Teaching for Justice: On Shaping how students are disposed to act.*

3.4.3.1 The Project of a Christian University in a Postmodern Culture. [13]

Die wetenskapsbeoefening aan Universiteite mag nie gekenmerk word deur modernisme waarvolgens onderrig, lering en navorsing onderworpe gemaak word aan die enkele kriteria van die rede, die rasionaliteit nie. Kennisontginning in die sosiale wetenskappe moet volgens 'n postmodernistiese paradigma die tradisie en outoriteit as kriteria/kontrolemiddele aanvaar. Die wetenskaplike moet kennis neem van hoe die mens die inwerking van die realiteit om hom/haar prosesseer. Die mens is 'n gestruktureerde wese wat op gestruktureerde manier met'n gestruktureerde realiteit in interaksie is. Die waarde van hierdie standpunt is "*that science can be built out of what our shared nature constrains us to believe as we interact with reality*." (bl. 116) Die postmoderne situasie is dat Christene die reg gegun moet word om die gesprek van wetenskap *as Christene* te betree, met hul eie oortuigings en verbintenisse. Indien verwag word dat die Christen sy tradisie en geskiedenis

13. Dit was Wolterstorff se inaugurele rede gelewer by die Vrije Universiteit van Amsterdam in 1988.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

by die deur moet uitttrek om die wit jas van "wetenskap" aan te trek, dan gee die dosent as Christen wetenskaplike toe aan die modernistiese verwagtinge. Die Christelike Universiteit "is to nourish critique that is shaped by the hopes and memories of the biblical narrative, including then, ethical critique of the practices of society generally." Die modernisme is op wetenskaplike wyse voorgehou as 'n narratief wat die mens uit sy ellende sal verlos. Die Universiteit moet hierteenoor die narratief van God in Jesus Christus voorhou in vakgebiede waar die nagevolge van die modernisme nog aanwesig is - die narratief van God se interaksie met die mensheid, 'n narratief waarin God die Redder is en nie onsself nie (wat die modernisme propageer); 'n narratief, wat anders as baie groot narratiewe, hoop vestig én kritiek loods.

Die universiteit moet sy studente voorstel aan die "cultural inheritance of humanity." Beide dosent en student is interpreterende wesens, hermeneutiese wesens, skepsels wat onvermydelik ervaring en nuwe kennis intrepreteer ten einde betekenis te vind. Om mens te wees is om te honger na betekenis. Die vind van betekenis via ervaring en kennnis geskied ook wanneer personeel en studente die gesigte en stemme van lyding en onreg van oral in die wêreld hoor en sien. Die ontwikkeling van 'n empatiese oor en oog is onontbeerlik vir 'n korrekte verstaan en uitleef van 'n etiek van menswaardigheid.

3.4.3.2 The World for Which we Educate

Wolterstorff voer aan dat opvoeding 'n doelgerigte onderneming is; dis 'n ingryping in die lewens van mense met die doel om verandering in hulle omstandighede teweeg te bring. Hierdie doelwit word nie in 'n vakuum nagestreef nie maar wel in 'n wêreld wat gekenmerk word deur die nalatenskap van die Verligting, kapitalisme, verlies aan etiese norme, godsdiens diversiteit, nasionalisme en globalisering. Hierdie wêreld noop Universiteite wat 'n christelike opvoeding wil aanbied om studente toe te rus en te bemagtig vir 'n sekere manier van *bestaan* in die wêreld, en nie slegs vir 'n wyse van *dink* nie, alhoewel sekerklik dit ook, maar vir 'n *spesifieke wyse van bestaan* - 'n *Christelike* wyse! 'n Feit waarmee rekening gehou moet word, is dat baie studente tuis en in hulle omgewing tot 'n mate deur bogenoemde vraagstukke beïnvloed is::

> "…our students do not come unformed by the dynamics of capitalism, nationalism, and religious pluralism; they do not come oblivious to the ideologies of progress, of individualism, and of our modern turn to the world. They come formed by these. So one thing we must do is teach them to hold up these practices and these ideologies to the scrutiny of the Bible." (bl. 97)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die student moet daarom onderrig word om die *shalom* van God uit te leef. En geregtigheid is die fondasie van *shalom*. Geregtigheid moet nie slegs met die oog op die eie land onderrig word nie, maar ook vir die globale wêreld. Studente moet deur onderrig 'n *alternatiewe leefwyse en denkwyse* ontwikkel. Nuwe norme en waarde-oordele moet gevestig word.

3.4.3.3 Teaching for Justice: On Shaping how students are disposed to act.

Die Christelike Universiteit moet kennis onderrig hoe om regverdige besluite te kan maak. Maar die Universiteit moet meer as dit doen. Studente moet onderrig ontvang om die geaardheid (disposition) vir geregtigheid te ontwikkel - 'n "moral education" waarin klem gelê word op strategie, inhoud en doelwitte. Wat laasgenoemde betref (doelwitte) moet vrae gestel word soos: Watter soort student/persoon is dit wat ons as eindproduk wil sien? Watter soort student/persoon is 'n etiese mens? Wat is 'n goeie student/persoon?

Soos in die lesing, *The world for which we educate*, word die vertrekpunt ook hier geneem in "a *shalom* view of human flourishing" soos wat die Ou en Nuwe Testament dit uitbeeld. 'n Onmisbare komponent van *shalom* is geregtigheid. Die erkenning van regte, en spesifiek die erkenning van natuurlike menseregte is in die Bybel vasgelê. Die shalom gemeenskap is méér as net 'n gemeenskap; dit is ook die etiese gemeenskap; dis die gemeenskap wie se lede in volkome harmonie leef met God en die natuur en wat vreugde vind in hulle verhoudinge. Om vreugde te vind in die natuur, vreugde voor die aangesig van God, met die medemens, in die daaglikse arbeid, met hulself, is 'n prominente deel van *shalom*. Die erkenning van die medemens se regte waarborg by hom/haar ook dieselfde vreugde.

Om hierdie vreugde deur geregtigheid by mens en samelewing te vestig, moet tersiëre instansies die student ondersteun om 'n *toereikende kognitiewe raamwerk* aan te leer om voorbeelde van sosiale geregtigheid te kan beredeneer. Met behulp van individuele en groepsdialoog moet die student begelei word om die raamwerk waarmee hy/sy die Universiteit binnegekom het, krities te evalueer. 'n Korrekte kognitiewe raamwerk het ten minste *drie* onderskeie dimensies. *Eerstens* sal dit bo alles 'n *Christelike sosiale etiek* inkorporeer. Die sosiale etiek moet getrou wees aan en gegrond wees in die storie, Tora en visie van die Bybel; dit sal 'n hermeneutiek het wat ekumenies, globaal en holisties is want die student van Gereformeerde belydenis sal moet luister hoe katolieke én Ortodokse die Bybel interpreteer met die oog op etiese besluitneming. Wanneer dit gaan om kontensieuse

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sake moet diegene wat aan die bopunt van die akademiese leer staan, luister na diegene op die onderpunt van die leer. En natuurlik sal dit shalom as basiese kriteria moet bevat want die konsep van shalom voorsien 'n metodologie om geregtigheid en liturgie, evangelisasie en kuns, vroomheid en menseregte bymekaar uit te bring. 'n *Tweede* onontbeerlike dimensie is 'n *strukturele analise* van die hedendaagse sosio-politiese, ekonomiese en kulturele wêrelde; die analise is nie godsdienstig neutraal nie; inteendeel dit is getrou aan die Bybelse waardes; dit is opregte analise en nie slegs 'n akademiese gesprek oor idees nie. Die *derde* dimensie binne die kognitiewe raamwerk vir vraagstukke oor geregtigheid bestaan in die *bymekaar bring van die etiek met die analise.* Studente moet geleer word hoe om die teorie van etiek op spesifieke vraagstukke te kan toepas. Vanuit die Gereformeerde tradisie sal dit altyd 'n *Ja* of *Nee* respons tot die huidige debatte wees - altyd 'n kritiese bewustheid.

> "Let me add here that one's attempt to assist one's students in developing a more adequate cognitive framework for dealing with issues of justice is more likely to succeed if one's attempt itself is characterised by justice and mercy. To teach justice, it helps to teach justly." (bl. 148)

Hierdie kognitiewe raamwerk is op sigself nie genoeg vir 'n student om in situasies reg op te tree en teen ongeregtigheid te veg nie. Dit moet aangevul word met die *vyf dade van etiese vorming* naamlik *Redes*, *Dissipline*, *Modellering*, *Empatie* en *Bereidheid om klein treë te gee*. Studente moet begelei word om te kan besluit, om te kies, om die gevolge van hulle dade te antisipeer. Wetenskaplike onderrig moet die student in staat stel om redeneringsvermoë te ontwikkel; die vermoë om op 'n wetenskaplik en geloofwaardige wyse redes te kan aanvoer; vaardighede om kritiese dialoog te kan voer. Die redes moet nie blote teoretiese redes wees nie maar redes waarom hulle mense se lewensgehalte moet verander; redes hoekom hulle 'n afkeur in skending van menseregte moet hê. Samehangend hiermee is die aankweek van *dissipline*; woorde van lofprysing, woorde van afkeuring funksioneer ook as dissipline; Universiteite is instansies waar aanmoediging moet plaasvind. *Modellering* deur dosente is ook 'n noodsaaklike komponent van hierdie vorming Wolterstorff verduidelik dit soos volg:

> "To develop in students the disposition to act justly and to struggle for justice, it helps for us and our institutions to teach justly, to live justly, and to struggle for justice. It helps to be models." (bl. 150)

Etiese vorming vereis ook *empatie*. Geregtigheid word deur liefde, meegevoel, omgee, sorg tot uitvoering gebring. Wolterstorff beroep hom hier op Walter Brueggemann wat sê een

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die beste maniere om empatie vir die hongeriges, naaktes, verontregtes te ontwikkel is om studente bloot te stel aan "the voices of the night". [14] Wolterstorff vertel van die ervaringe wat hy (as dosent) en die studente saam beleef het toe hy hulle blootgestel het aan die "human faces and human voices" van lyding:

> "If one is to love another as oneself, it helps to have that other presented in such a way that The greatest challenges for us today in the Reformed tradition of Christianity is to recover that sacramental consciousness that was so deep in Calvin's thought - the consciousness that as we wind our way through this world we meet God blessing us, chastising us, speaking to us, nourishing us, empowering us, forgiving us. Part of that recovery must involve recovering that bold and haunting theme in Calvin, that as we wind our way through this world and come across injustice, we meet a wounded God. Beneath and behind the injustice of this world are the tears of God. We live in the presence of suffering Love. Were this teaching deeply fixed in our minds and hearts says, Calvin, that to perpetrate injustice is to wound God, we would be much more reluctant than we are to inflict injuries on our fellow human beings, or even to tolerate injuries inflicted" (bl. 154)

Wolterstorff sluit die lesing met die woorde dat dosente geduldig moet wees met studente wat onbekend is aan hierdie etiese vorming en gewoontes. Die student wat moedeloos raak en voel hy/sy bereik niks, moet oortuig word "to take small steps." Al hierdie aksies moet met *gebed* geskied: "Laat u Koninkryk kom." Die God van hierdie Koninkryk vestig by student en dosent hoop, verwagting, volharding en uitsig dat iets van waarde sal gebeur uit wat begin is vir haarself/homself en sy omgewing. God reageer in die volheid van tyd, Sy tyd, en soms op 'n heel ander manier as wat dosent en/of student verwag het.

Sedert 2008 publiseer Wolterstorff twee diepgaande monografieë, - *rights or wrongs* en *justice in love* - wat albei van besondere belang is vir my projek. Ek gee hulle invloed hier agtereenvolgens weer.

3.4.4 Justice: Rights or Wrongs

Wolterstorff formuleer sy motivering vir hierdie boek soos volg:

> "This book is an attempt to speak up for the wronged of the world . . . . My speaking up for the wronged of the world takes the form, in this book, of doing what I can to undermine those frameworks of conviction that prevent us from acknowledging that the other comes before us bearing a claim on us, and of offering an alternative framework, one that opens up to such acknowledgements." (ix)

---

14. Brueggemann, W. 1986. "Voices of the Night against Injustice" in *To Act Justly: Love Tenderley, Walk Humbly.* Sharon Parks, and Thomas Groome. New York: Paulist Press. pp. 5 – 28. Hier verwys Wolterstorff ook na Krog, A. 2000. *Country of my Skull: Guilt, Sorrow, and the Limits of Forgiveness in the New South Africa.* New York: Three Rivers. Sien ook Smit, DJ: "Shared Stories for the future" in *Essays in Public Theology*, oor Krog se vertellings.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ek gee nou ‘n kernagtige opsomming van die boek se drie Afdelings.

PART I The Archeology of Rights

Wolterstorff gebruik morele filosofie en Christelike Etiek om ‘n teorie van regte (rights) te ontwikkel. ‘n Oogmerk van die boek is om die wyse hoe daar tot op hede oor geregtigheid gedink is, te verander. Regte is normatiewe sosiale verhoudings; ‘n gemeenskapsin is gebou in die essensie van regte. ‘n Reg is altyd ‘n reg met betrekking tot iemand. Regte is daarom normatiewe verbintenisse tussen onsself en die ander. Hy fokus is op “moral rights”. Hy voer aan dat baie van dit wat hy skryf waar is ook van ander soort regte bv. “legal rights”.

Hy wys op die onderskeid wat normaalweg gemaak word tussen aan die een kant “distributive justice and commutative justice”, en aan die ander kant “rectifying or corrective justice.” “Rectifying justice” is die geregtigheid wat relevant word wanneer daar ‘n versteuring gekom het in “distributive and commutative justice.” Die diskussies in hierdie boek gaan hoofsaaklik om “distributive and commutative justice”, wat deur hom as *“primary* justice” gedefinieër word. Hierdie “primary justice” wat hy wil ontwikkel, is Teïsties van aard want as Christen gelowige is dit sy oortuiging dat God en geregtigheid nie van mekaar geskei kan word nie.

‘n Derde konsep van geregtigheid, wat hy bespreek is “justice as equality.” Hierdie konsep, sê hy, is diep geworteld in die Westerse filosofie, teologie en ander dissiplines. Gelykheid is die geregtigheid wat deur die Romeinse regstelsel uitgebeeld is as ‘n vrou wat geblinddoek is en ‘n skaal in haar hand balanseer. Hy verwys na Thomas Aquinas (**1225-1274**) wat gesê het: “Justice by its name implies equality. Injustice is something unequal.” Alhoewel ook Aristoteles (**384-322 v.C**) geregtigheid as gelykheid gedefinieër het, is Wolterstorff nie heeltemal ten gunste van hierdie derde konsep nie:

> “I hold that equality does not capture the contour of justice… Justice is sometimes present when equality of treatment is absent, and equality is sometimes present when justice is absent.”

Die klassifikasie van geregtigheid word deur teoloë en filosowe gedoen volgens twee teenoorgestelde narratiewe. Die een soort narratief waarvan Joan Lockwood O’Donovan ‘n voorstander is, praat van “justice as right order.” Die ander narratief sien geregtigheid as gegrond “in inherent human rights” Wolterstorff kies ten gunste van laasgenoemde narratief. Hy lewer kritiek op die siening van Joan O’Donovan wat volgens hom netsoos Alisdair

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

MacIntyre en Stanley Hauerwas "right-order and eudaemonistic theorists" is. Hulle besware dat menseregte 'n produk van die Verligting is met klem op individualisme, is volgens hom nie oortuigend nie.

Hierna bespreek hy geregtigheid in die Ou en Nuwe Testament om te bewys dat regte nie 'n ontdekking van die Verligting is nie. Dit het 'n teologiese oorsprong en is geleë in die inherente waarde van die mens. Na hierdie bewyse van regte in die Bybel, noem hy dat alreeds die kanonieke regslui van die 12de eeu 'n raamwerk vir 'n teorie van menseregte ontwikkel het. Ook die standpunt dat Antieke Griekeland en die Romeinse filosofie die oorsprong van die mens se regte is, word deur Wolterstorff verwerp.

PART II Fusion of Narrative with Theory:
The Goods to Which We Have Rights

Na hierdie geskiedenis van regte in die Bybel en genoemde literatuur, begin hy in hoofstuk 6 om sy teorie van regte te ontwikkel. Kenmerkend van sy teorie is dat die mens regte het op dinge, gebeure en aksies wat bydra tot 'n goeie lewe. In hoofstukke 7 en agt bespreek hy die teorie van eudemonisme en gee redes waarom dit nie as teorie van regte aanvaar kan word nie. Hy noem dat Augustinus alreeds met die teorie van eudemonisme gebreek het. Die afdeling word afgesluit met 'n bespreking van "The Incursion of the Moral Vision of Scripture into late Antiquity" en die "Characterizing Life- and History-Goods."

Part III Theory: Having a Right to a Good

Wolterstorff begin hoofstuk 11 met " Accounting for Rights." Aspekte wat verderaan bespreek word, is dat regte gegrond is in die mens se waarde as beelddraer: Enige regverdige politieke raamwerk kan dus slegs in Teistiese geloof, beide teoreties en prakties gegrond wees. Elke mens het die reg om nie veronreg te word nie omdat almal gelyk deur God lief gehê word. God het die reg om gehoorsaam te word en hierdie gehoorsaamheid sluit in die beskerming van die medemens se waardigheid. 'n Sekulêre begronding van menseregte kan derhalwe nooit verdedig word nie. In die epiloog gee hy raad oor hoe ons die lydendes kan help. Ons moet die lydendes aan hulle gesigte erken. Vir hierdie lydendes moet geregtigheid met liefde en versoening uitgeleef word.

3.4.5 Justice In Love, 2010

Part One

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Introduction

Wolterstorff begin deur die twee imperatiewe: "doen geregtigheid" en "wees lief vir jou medemens" te bespreek. Albei is belangrik sê hy. Vir baie mense is dié twee imperatiewe in botsing met mekaar. Wolterstorff se oogmerk met die boek is om te bewys dat die twee inderdaad bymekaar pas:

> "Where so many for so long have thought they saw conflict, I aim to show harmony."

Hy gebruik een van die Griekse woorde vir liefde naamlik *agape*. Vandaar dat sy etiese oriëntasie *agapism* heet. Hy kontrasteer dit met *drie* ander etiese oriëntasies naamlik *egoism*, *eudaimonism*, en *utilitarism*. 'n Etiese teorie het nie slegs idees nie; dit pas die idees ook toe. Die verskil tussen teorieë lê veral in die reëls van toepassing. Volgens die teorie van Egoïsme, pas jy die reëls só toe dat die beste voordeel in die samelewing slegs vir jou bedoel is; dit het slegs op jou van toepassing.

Die eudemonisme beklemtoon die bevordering van iemand anders se welsyn met die motief dat dit *ook jou eie welsyn sal bevorder*. Die fokus is geluk: "*Happiness is life… and life is the fulfilment of action.*" Daarom is die handeling gerig op die ander se geluk én jou eie geluk. Dit was veral die Stoïsyne filosowe wat hierdie handelswyse as deug van 'n regverdige en deugsame mens voorgestaan het. Die uitgangspunt is "what one *does* and not what happens to one." Wolterstorff noem dat die Stoïsyne sou gesê het die barmhartige Samaritaan het verkeerd opgetree want hy het nie self voordeel getrek nie.

Die teorie van utilitarisme se uitgangspunt is dat "one should always do what promises to maximise the total amount of wellbeing in people's lives." Dit is egter veral op groepsbelange gerig. Die *grootste voordeel* moet *vir die grootste getal mense* nagestreef word. Aangesien hierdie boek redelik belangrik is vir my navorsing gee ek verder die hele inhoudsopgawe.

<u>PART ONE: Benevolence-Agapism</u>

2. Modern day Agapism
3. Classical Modern day Agapism, on the Relation of Love to Justice
4. Irony and Impossibilty in Classical Modern Day Agapism
5. Niebuhr's Non-Classical Agapism

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

PART TWO: Care-Agapism

6. Justice as Love
7 What is Justice?
8 Beginning to rethink Love
9. Love as Care
10 Do Motivations Matter?
11 Rules of Application for Care
12 Correcting two Impressions
13 Is Care-Agapism too easy?
14 Love, Justice and the Good

PART THREE: Just and unjust Love

15 What is forgiveness?
16 How the recognition of Forgiveness Came about and What's its point?
17 Does forgiveness violates Justice?
18 Just and Unjust Generosity
19 Just and Unjust Paternalism

PART FOIUR: The Justice of God's Love

20 The Justice of God's Generosity in Romans

21. What is Justification and is it Just?

Index

Die laaste primêre bron waaroor ek nou verslag gaan doen, is *Hearing the call.*

3.4.6 Hearing The Call: Liturgy, Justice, Church, and World, 2011

Ek bied sekere aspekte van die inhoudsopgawe om die inhoud te reflekteer en sal meer breedvoerig handel met die hoofstuk "Liturgy, Justice and Holiness." In hierdie boek dek Wolterstorff 'n wye verskeidenheid van onderwerpe: aanbidding, liturgie, kerk-argitektuur, kerkmusiek, die rou oor 'n geliefde wat gesterf het, vroue se toelating tot die amp, die geestelike gesondheid van instellings insluitende kerke, kolleges, sakeondernemings en regerings. Deur al hierdie opstelle loop die oorkoepelende tema:

> "God loves justice, not retributive justice, but that which creates a merciful, holy community where human rights are honoured and every member flourishes."

Die versameling lesings en opstelle is geskryf oor 'n tydperk van 55 jaar. Deur die lens van die Gereformeerde tradisie, reflekteer Wolterstorff hoogs intellektueel en nougeset oor kerkvaders, hervormers, bevrydingsteoloë, antieke filosowe, hedendaagse filosowe en teoloë. Die Amerikaanse Christene wat 'n "prosperity gospel" propageer en dié wat marteling

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sanksioneer, ontlok sy strenge veroordeling. Die opening en slot biografiese opstelle addresseer Wolterstorff se lewenslange betrokkenheid by die akademie, insluitende sy studente- en professionele jare by Calvin College, Yale, en Harvard. Ook word die verlies van sy seun, wat aanleiding gegee het tot diepgaande refleksies oor rousmart, hier genoem.

INHOUDSOPGAWE

Preface
The Grace that shape my Life

Deel Een: Liturgie

- Trumpets, Ashes, Tears
- The tragedy of Liturgy in Protestantism
- Justice as a Condition for Authentic Liturgy

> "….. the Reformed have seen the significance of worship as lying in its enabling of authentic work. Liturgy is for the sake of labor. Authentic earthly life does not consist in ordering our existence so as to catch as much as we now can of the Vision of God and receive the sacraments so that in heaven we shall experience the whole. It consists of struggling to serve God in the establishment of God's Kingdom here on earth. It consists, if you will, of the struggle to make our lives and our world holy. The assemblies are the place where the King's directives for the week are heard and where nourishment for the task is received. Our lives as assembled are instrumental to our lives as dispersed." (bl. 20)

- Liturgy, Justice and Holiness

Wolterstorff begin met die opmerking dat heiligheid 'n preokkopasie van die Christelike liturgie is. Hy sê baie mense dink dat heiligheid slegs te doen het met die goddelike, die transendente en dat die horisontale verhouding van die mens nie deel van die begrip is nie. Daar is vir hom nie 'n skeiding tussen heiligheid en geregtigheid nie. God se heiligheid is 'n manifestasie van Sy geregtigheid; ons geregtigheid is 'n refleksie van God se geregtigheid; wanneer ons met geregtigheid besig is, is ons besig met die heilige; ongeregtigheid is ontheiliging; Die preokkupasie van die liturgie met heiligheid skei nie liturgie van geregtigheid nie. Inteendeel, heiligheid bind liturgie en geregtigheid saam in 'n eenheid. Die indikatief van God se heiligheid gee vir die Christen 'n imperatief van heiligheid. Christene wat hierdie heiligheid in die liturgie deelagtig geword het, moet dit gebruik om die wêreld heilig te maak.

Hy bespreek Jonathan Edwards (*Religious Affections)* se verstaan van die verbande tussen heiligheid en geregtigheid. Wolterstorff noem dat Edwards 'n onderskeid tref tussen die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"natural attributes" van God en die "moral attributes by God's natural attributes". Die "natural attributes" is sterkte, kennis, ens. wat God se grootheid beskryf. Die "moral attributes" wat by 'n intelligente en ware mens raakgesien word, is "holiness" Hierdie heiligheid omvat al die ware deugde van die mens - sy liefde vir God, sy genadige liefde vir die medemens, sy geregtigheid, sy liefdadigheid, sy genadige nederigheid en al die ander. Edwards sê verder: "….. all other true Christian virtues that he has, belong to his holiness."

Hierna gee Wolterstorff kortliks Karl Barth se standpunt: Barth sê heiligheid is 'n faset van God se genade. En God se genade is weer "one of the perfections of the divine loving." Die "graciousness of God's love has a holy quality to it." Wolterstorff wend hom ook tot die betekenis van heiligheid in die Ou Testament veral Lev. 11:44 – 45; 19:2, 26. Israel word geroep tot 'n *imitatio Dei:* "Wees heilig want Ek is heilig". Hierdie navolging moet in al Israel se lewensfasette gesien word. Hy interpreteer die Ou Testament se boodskap soos volg: geregtigheid is 'n manifestasie van heiligheid; heiligheid beteken nie net "set apart" nie; dit beteken ook "wholeness, completeness." Op grond van hierdie uitleg skryf Wolterstorff:

> "The unjust society is a society in which wholeness and integrity are lacking, which fails to mirror the communitarian wholeness of God."

Waar talle mense op die rand van die samelewing 'n bestaan moet maak, op die periferie, in plaas daarvan dat hulle ten volle geïnkorporeer is in die lewe en welsyn van die samelewing, daar is heiligheid afwesig. So 'n samelewing slaag ook nie daarin om God se heelheid te weerspieël nie.

In die Nuwe Testament (1 Pet. 1:16, Matt. 23:23) sien hy ook hierdie verbande tussen heiligheid, geregtigheid en liturgie asook die verskillende vorme van gebrokenheid in die wêreld. In Jesus Christus vind ons 'n radikale nuwe verstaan van hoe ons God se heiligheid moet reflekteer. In Jesus se lewe vind ons 'n nuwe hermeneutiek van die Torah se aandrang op heiligheid. Jesus, die Seun van God, het vir ons kom wys hoe om God se heiligheid en heelheid te demonstreer. Wolterstorff maak ons daarop attent dat Jesus in Matt. 23 die skrifgeleerders en Fariseërs teregwys omdat hulle tiendes gee van kruisement, anys en koljander maar wat volgens die wet van God die swaarste weeg, nalaat: geregtigheid, barmhartigheid en betroubaarheid. Hierdie teregwysing word genoem omdat die gesprek vanaf verse 17 – 22 oor heiligheid gaan. Heiligheid is om vriende te word van die gebrokenes

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en om te stry vir hulle genesing. Om dit te doen moet ons streef na geregtigheid - vir die dag wanneer almal wat op die rand van die samelewing is 'n plek en stem binne die samelewing gegee is. Die heiligheid van 'n samelewing bestaan in hoe dit mense behandel, beide diegene wat lede is van die gemeenskap en diegene wat nie deel daarvan is nie, selfs diegene heeltemal buite – die vyande. Meer spesifiek bestaan die heiligheid van 'n samelewing daarin hoe die lede van die gemeenskap die gebrokenes omarm, en bid en werk vir hulle genesing. Ons leer van Jesus dat 'n gemeenskap wat die gebrokenes verstoot, nooit 'n heel gemeenskap kan wees nie - ook nie 'n heilige gemeenskap nie. Die heilige gemeenskap is die genadige gemeenskap, die regverdige gemeenskap. Die Christen vervul sy/haar roeping net so veel in die aanbidding van die Heilige as in die strewe om die wêreld heilig te maak:

> "To do that, one must struggle for justice - for the day when all those on the margins have been given place and voice in the community, and when the enemy has been befriended. Holiness joins liturgy and justice. In the liturgy we hymn Gods's holiness. In lives of justice and mercy we reflect God's holiness. In the liturgy we voice our acknowledgement of God's holiness. In the struggle for justice we embody that acknowledgement."

- If God is Good and Sovereign, Why Lament?

DEEL Twee: Kerk

Hy begin hierdie Afdeling met die vraag: "*Why Care about Justice*" Geregtigheid is altyd geregtigheid in *shalom*. Wanneer ons mekaar wond, dan wond ons ook vir God. Ongeregtigheid is die degradering van jou medemens. Hierna vertel hy sy ervaringe in lande waar mense vir geregtigheid geveg het: Palestina (Amman, Gaza), Suid-Afrika, Honduras. Hierdie ontmoetings was vir sy ".. own awakening to oppression and his subsequent call to speak up on behalf of those communities." Hy wy 'n lang hoofstuk aan "The Troubled Relationship between Christians and Human Rights." Binne lydingsituasies mag die Christen nooit die hoop laat vaar nie.

DEEL Drie: Geregtigheid

Wolterstorff begin hierdie afdeling deur geregtigheid te beskryf as die versorging van diegene van wie in die gelykenis van Matt. 25:31- 46 vertel word. Die opstel is getiteld: "When have we see Thee?' Versorging van diegene moet geskied onder die lig van God se liefde. Die rol van die vrou in die Bybel word ook indringend bespreek. Hierna word aandag gewy aan kerk-argitektuur, kerkmusiek. Hy sluit af met briewe aan studente by die Seminarium.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

DEEL Vier: Wêreld

Ook hierdie afdeling word ingelui met 'n opstel wat 'n vraag as tema het: "Can a Calvinist be Progressive?" Dit word opgevolg deur die volgende opstelle: Morele belang van armoede; Die relasie tussen patriotisme en geregtigheid; Kontemporêre Christelike sienings oor die staat; Die Politieke Etiek van die Hervormers, Die verhouding tussen Liefde en Geregtigheid. Die laaste opstel is: Justice, Not Charity: Social Work through the Eyes of Faith.

Afterword

Dit bevat twee onderhoude met Wolterstorff waarin hy van die belangrikste temas in die boek saamvat. Die onderhoude is getiteld "It's Tied together by Shalom" en "How My Mind has Changed: The Way to Justice."

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat om hierdie studie wetenskaplik en verantwoordelik tot uitvoering te bring, die elemente van beplanning, skedulering, finansies, tydsbestuur sowel as persoonlike bestuur, absolute vereistes is. Hiersonder sal die kwaliteit van die eindproduk nie na wense wees nie. In oorleg met my supervisor, is op die volgende vier fasette ooreengekom as deel van die navorsingsbeplanning wat ek nou in Hoofstuk 4 uiteensit.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4. NAVORSINGSBEPLANNING

==========

Die diens van God het betrekking op die totale lewe van die gemeente. en sluit daarom ook die diens aan mekaar en die wêreld in. Hierdie diens van God vind sy kern in die samekomste van die gemeente rondom die Woord van God en die sakramente. Daar word God aanbid, sy lof verkondig, geluister na sy Woord, die sakramente bedien en alle nood voor Hom gebring…. Die gemeente leef as 'n huisgesin waarin almal onlosmaaklik tot mekaar verbind is en in mekaar se vreugde en smart deel…. Die gemeente se diens aan die mensheid en die wêreld bestaan daarin: om God se versoenende en bevrydende handelinge in en vir die wêreld te verkondig; om die liefde van Christus in die wêreld uit te leef….. deur te getuig en te stry teen enige vorm van ongeregtigheid.

Artikel 4, Kerkorde van die VGK [15]

Christian spirituality is about a process of formation, a process in which we are formed by, and in, Christ….. In this process we are transformed so that we become more and more to share Christ's nature. Spiritual formation is not a process of self-cultivation by which we are helped to adjust, to conform to the values of the dominant social order…. It is a process which involves confrontation, exploration, and struggle, and its goal is maturity in Christ.

Kenneth Leech [16]

==========

Die navorsingsbeplanning fokus op *Tyd*, *Finansies*, *Boeke, Kontak en Interaksie*. Ek wy kortliks uit oor elkeen van hierdie aspekte.

4.1 Tyd

Ek bepan om die D.Th studie voltyds te doen. Voltydse studie sal my instaat stel om die navorsingsprogram effektief te koördineer. Dit sal my ook geleentheid gee om vergelykende navorsing in die buiteland te doen en selfs vir Woltertorff persoonlik te ontmoet. Ek kan dan onderhoude met hom voer ten einde groter duidelikheid te kry oor sy standpunte. Voltydse studie het ook die voordeel dat dit die druk van gemeentewerk vir daardie tydperk van my skouers afhaal. Aangesien die VGK se Reglemente vereis dat 'n leraar wat voltyds studeer by 'n gemeente moet inskakel vir behoud van sy predikante-status, onderhandel ek tans om by 'n VGK gemeente binne die Ring van Stellenbosch in te skakel. Dit sal my help om naby die Fakulteit Teologie te wees. Ek sal nie meer as 10 ure per maand aan ampswerk in diê gemeente bestee nie.

---

15. Kerkorde, Bepalinge en Reglemente van die Algemene Sinode van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, soos aangeneem en gewysig te Hammanskraal, Pretoria deur die vierde Algemene Sinode, 2009.
16. Leech, K. 1980. *True Prayer. An Introduction to Christian Spirituality*. London: Sheldon Press.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.2 Finansies

Ek het reeds aansoek gedoen vir die volgende

(a) merietebeurs by die Universiteit

(b) ondersteuningsbeurs by die Universiteit

(c) finansiële hulp by die NGK se kuratorium

(d) finansiële hulp by die VGK se kuratorium

Ook is ek geadviseer om aansoek te doen vir die beurse/lenings wat beskikbaar is by die Fakulteit Teologie.

.

4.3 Boeke

Ek het alreeds nege van Wolterstorff se boeke aangekoop en ‘n hele aantal fotostatiese afskrifte gemaak van sy artikels in Tydskrifte en ander boeke.

4.4 Kontakte / Interaksie

My supervisor, prof. Dirkie J. Smit, het onderneem om my te help met die opbou van kontakte plaaslik en in die buiteland. Ek sal elke week persoonlik met my supervisor skakel omdat ek gereeld by die Universiteit sal wees.

Die motivering en aktualiteit kom nou aan die orde in Hoofstuk 5.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5. MOTIVERING EN AKTUALITEIT

==========

…….. in biblical religion divine transcendence is inextricably linked with holiness and justice. God's majesty makes men tremble not only because God wholly transcends human proportions but because God judges the sinful world, and God's holiness is attractive not only because it offers consolation, but because it promises to turn right-side up a world that has been placed upside down by sin.

Gregory Baum [17]

==========

Hierdie afdeling sal behandel word onder die volgende *vyf* hofies: pragmatiese oorwegings, aktualiteits en kontekstuele oorwegings, omvang en tendense van die immoraliteit en ongeregtigheid, moontlike oorsake van die immoraliteit, ongeregtigheid en skending van menseregte, en die potensielë impak van die liturgie op genoemde morele vraagstukke.

5.1 Pragmatiese oorwegings

In my bediening van 32 jaar in die gemeentes Somerset-Oos, Hopefield, Steinkopf en Sarepta (Kuilsrivier), sowel as in die konsulentsgemeentes en optredes in ander kerkgenootskappe, het ek intens bewus geword van die groot vreugde, entoesiame, oorgawe, aanbidding, verwondering en dankbaarheid wat mense – oud en jonk - in die liturgie beleef. Die liturgie is vir hulle 'n fees. Daar word Gods teenwoordigheid ervaar, word Sy beloftes ontvang; daar kom hulle ook getuig van die wonderbaarlike ingrypings van die Verlosser in hulle lewens. Daar vind 'n ontmoeting tussen mens en God plaas. Hulle soek 'n Godservaring. Hulle verheug hulle die hele tydsduur in die liturgie want die Woord word hulle verlustiging, dit is soos heuning; die Woord gee hulle insig om God beter te ken. Hulle bely en roep: **"Ek was bly toe hulle vir my gesê het: 'Kom ons gaan na die huis van die Here toe!"** (Ps. 122:1). In elke liturgiese moment maak die Gees hulle nuut! Hulle juig voor sy aangesig! In ootmoed word gebuig en soms trane van blydskap laat vloei oor sy reddingsdade, sy barmhartigheid. Dit het egter ook vir my duidelik geword dat lidmate wat met lyding worstel, hul lewensomstandighede as 'n "*morele woestyn*" ervaar. En binne in hierdie

17. Baum, Gregory,1980:119, "Peter Berger's unfinished symphony", in Baum, G (ed.), *Sociology and Human Destiny. Essays on sociology, religion and society.* New York: Seabury.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"woestyn" is daar in hulle harte 'n diepe verwagting om in die liturgie die Woord van God te hoor; 'n hunkering dat God Homself aan hulle sal openbaar. Daar is 'n soeke na troos, na hoop, 'n vraagstelling na die eie identietit, 'n gryp na ankers om aan vas te hou, 'n poging om hulle weer te wil oriënteer aan die Son van geregtigheid; om soos die vroeë Christene weer Oos te wil kyk, na die krag, lig en heling van die opkomende Son. As hoorders van die Woord, soek andere weer na norme en waardes waarmee hulle verantwoordelike en goeie besluite binne hierdie woestyn kan maak. Hulle wil altyd hulle doelwitte só rig dat dit tot goeie gevolge aanleiding gee. Hulle wil ordentlike mense wees; mense van karakter, deugde, rein gewoontes. Hulle wil hê die preek moet vir hulle 'n maatstaf in die hand lê waarmee hulle die bouwerk aan 'n veilige dorp vir hulle kinders kan toets.

David Gill (2005: 11) redeneer in sy boek getiteld, *Becoming Good* dat die mens vandag in 'n "ethical wildernis" lewe. Rasmussen (1997: 57) beweer ons leef van "moral fragments." Thomas G. Long (1991: 6-7) skryf die kerk word Sondae geruk deur "liturgical storms" en "worship pathology" asook "worship dysfunction" wat veroorsaak dat christene nie toegerus word vir hulle taak as getuies van God se *shalom* nie; die lydende vind geen vertroosting nie; en die immorele mens word nie deur die Woord aangespreek, voor 'n spieël geplaas nie!

Christene is mense van die Boek maar die Christen se religie is nie 'n godsdiens van die Boek *an sich* nie want die sentrum van dié religie is nie die Boek nie maar die voorstelling en interpretasie van Jesus Christus. En hierdie Jesus het gepreek oor geregtigheid (Matt. 5:6, 10). Hy het die liturgiese ruimtes met 'n sweep gereining toe Hy sien dat ongeregtigheid daarin plaasvind (Joh. 2:13-22). Hy het die profesie van die Ou Testamentiese profete dat Jahwe 'n God van liefde, hoop, vergifnis en geregtigheid is, kom vervul.

Die motivering is dat die produk van hierdie navorsing beoordeel sal word as bruikbaar en van waarde vir al hierdie groepe mense van die Boek. Hierdie navorsing mag die groepe – asook groepe in ekumeniese verband - stimuleer en bemagtig om verantwoordelik voor die aangesig van God [*Coram Deo*] te leef; om in die liturgie 'n spiritualiteit van hoop te ontdek. 'n Verdere belangrike motivering is die feit dat my pastoraat my in kontak gebring het met benaderings wat etiek beperk tot die geestelike dimensie van die mens se eksistensie. Die pastoraat het my ook tot die besef gebring dat lidmate nie doelbewus verkeerde besluite maak nie, maar dit is omdat hulle nie oor 'n toereikende kognitiewe raamwerk beskik nie; omdat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hulle nie ‘n proses vir etiese besluitneming het nie. Kenmerkend van hierdie tekortkominge is bv. dat geregtigheid konsekwent as ‘n sinoniem vir wraak/ vergelding beskou word, en nie tuishoort binne ‘n christelike etiese teorie en die liturgie nie; of dat heiligheid uitsluitlik ‘n innerlike bekering is. Hierdie navorsing word dus onderneem om die VGK en die breër Kerk te begelei *oor hoe daar teologies oor heiligheid, geregtigheid en menseregte gedink behoort te word* en hoe ons daartoe *bevry* en *gemotiveer* kan word.

5.2 Aktualiteits / kontekstuele oorwegings

Teologiese refleksie geskied altyd binne ‘n spesifieke *tyd*, ‘n spesifieke historiese *situasie* vir ‘n spesifieke gehoor en *adres.* Die christen word in sy eie eksistensieel-historiese ervaring nie net met hom-/haarself gekonfronteer nie, maar ook met die ervaring van die ander. Sedert 1994 is Suid-Afrika ‘n liberale demokrasie. Wat Wolterstorff skryf, is dus aktueel vir ons. Ek skets vervolgens hoe aktualiteit en konteks mekaar aanvul. George Hunsinger (2006: 280) skryf oor Karl Barth **(1886 – 1968)** se teleurstelling op ‘n sekere tydstip. Gedurende die 1ste wêreldoorlog word ‘n dokument onder teoloë gesirkuleer van “ 93 biblical scholars and artists including his own teachers Harnack and Wilhelm Hermann who supported the war policy of Kaiser Wilhelm II.” Barth is verontwaardig want die dokument is iets “which seemed to him to call into question his colleagues understanding of the Bible, history and dogmatics.**”** Een van sy dosente het nogal die “speech” vir die keiser geskryf.

Durand skryf dat die Skrifboodskap altyd ‘n teks binne *konteks* is (1986: 87). Smit, beklemtoon die belangrikheid van “tydsgees”, “die lewensvrae van die dag (2009: 1, 42-43). Gorringer praat van die *wisselende omstandighede oor dekades* wat Barth se nadenke begelei. Hy sê Barth se “theology is a historical work…. It is always on the way, *theologia viatorum*, a pilgrim theology” (1961). Hunsinger wys verder op die radikaliteit in Barth se teologie en lewensoptrede sowel as die belang van die *sosiaal-politieke agtergrond* van Barth se denke (1976: 112-184). Karl Barth self praat van die “historisiteit” wat deur die Skrifboodskap aangespreek moet word. En hierdie “historisiteit” sluit in wat hy in 1911 beskryf as die “class warfare, which was going on in my parish, before my very eyes, which introduced me almost for the first time to the real problems of real life.” Hierdie ontdekking dryf hom daartoe om die opspraakwekkende lesing, *Jesus Christ and the Movement for Social Justice”,* te lewer. Om hierdie “historisiteit” te verstaan, interpreteer en in die liturgie tot uitvoering te bring, lees Barth dan nuusblaaie soos die *Trade Union Journal* en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die *Textile Worker* omdat baie van sy lidmate tekstielwerkers was. In die hoofstuk *Fiat iustitia*, bl. 260 – 271, skryf Barth dat die teoloog se beoefening van gebed moet berus op 'n deeglike analise van die ongeregtighede in die samelewing. Gebed is konteksgerig.

Manfred Josuttis weer praat van "Liturgie als Wahrnemung" van die sosiale gebeure (2005: 238). Hansen verwys in sy doktorale proefskrif na die Tweede Vatikaanse Konsilie (in die dekreet *Gaudium et spes*) waarin 'n beroep gedoen word dat meer aandag aan die "tekens van die tye" gegee word en dat die Evangelie ooreenkomstig verkondig moet word (2008: 131). Wolterstorff skryf dat Kuyper se geskrif: *The Social Question of the Christian Religion*, in wese 'n "descriptive and sometimes analysis" is van die *geskiedenis* waarin hy hom bevind het. Kuyper se teologie sien Wolterstorff as "a body of theological doctrine, as a certain Weltanschauung, a world-and-life-view – a wereldbeschouwing" (2006). Hierdie navorsing sal dus gedoen word met 'n voortdurende bewussyn van die historiese gesitueerdheid van die mens. Die kontekstuele beklemtoning word deur Wolterstorff self op die agenda geplaas in 'n opspraakwekkende artikel getiteld: "*How Social Justice Got to Me and Why It Never Left*":

> "In September 1976, the college where I was teaching, Calvin College, sent me to a conference at the University of Potchefstroom in *South Africa*— this being one of the old Afrikaner Universities. There were a fair number of Dutch scholars present at the conference. They were well acquainted with the *South African situation*, much better than were any of us who came from North America. And they very angry with the Afrikaners. For two days they exploited every opening they could find to vent their anger at the Afrikaners; the Afrikaners, in turn, exploited every opening they could find to vent their anger at the Dutch for being so angry at them. After a couple of days of this angry back-and-forth, neither party had anything new to say to the other. Then the scholars from South Africa who were so-called blacks and coloureds began to speak up, not so much in tones of anger as in tones of hurt. They described the daily indignities heaped upon them and the many ways in which they were demeaned, they spoke of being expelled from their homes and herded off into Bantustans, and they cried out for *justice*. I was deeply moved. I felt that I had been issued a call to speak up for these *wronged* people—in the classic Protestant sense of a call. I did not hear God speaking words in the air. But I had no doubt that fidelity to God required that I speak up for these victims of *injustice* in whatever way might prove appropriate." [18]

In Mei 1978 was hy genooi na Chicago om 'n konferensie oor Palestinian Rights, georganiseer deur the Palestinian Human Rights Campaign by te woon. Sy ervaring verwoord hy so:

> "Once again I felt that I had been confronted with a call to speak up for this wronged and suffering people, yet without forgetting for a moment all the wrongs inflicted on the Jewish people. Soon I was chairman of the Palestinian Human Rights Campaign."

18. Wolterstorff skryf dit in *Justice: Rights or Wrongs* asook in die *American Journal of Religion.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die kontekste in Suid-Afrika, Palestina en elders in die wêreld het hom tot geregtigheid gebring en sedertdien is dit sy bemoeienis. Ek gaan vervolgens oor tot die omvang en tendense van immoraliteit, ongeregtigheid en skending van hierdie en ander menseregte soos wat dit deur teoloë en ander wetenskaplikes beskryf word - binne Suid-Afrika en buite Suid-Afrika.

5.3 Omvang en tendense van immoraliteit, ongeregtigheid en skending van menseregte

Soos genoem in hoofstuk 1 wil ek uitvind of Wolterstorff se aanspraak dat die liturgie die samelewing kan heilig, meriete het. Maar wat moet geheilig word? Wat is die onheiligheid wat uit die samelewing gehaal moet word. Wat is die immoraliteit en ongeregtighede in die totale publieke lewe. Kan die heiligheid van die erediens soos suurdeeg die samelewing deursuur sodat ook die samelewing die heiligheid van God kan weerspieël? Vir die afgelope dekades het verskeie predikante, teoloë, persone in diens by NGO's en ook persone in ander vakrigtings hulle besorgdheid oor die morele krisis en ongeregtighede uitgespreek. Ek boekstaaf nou van hulle bevindinge as verdere motivering vir goedkeuring om hierdie navorsing te mag onderneem.

Johannes van der Ven, "Vengeance or Justice", verwys in die boek *Divine Justice – Human Justice,* na die politieke planne wat in ons land geimplimenteer is om die onmenslike toestande waarin mijloene mense steeds leef en ly, uit te skakel. Hierde toestande noop hom om te pleit dat pogings aangewend moet word om leefbare toestande vir diegene te skep en om hulle menseregte te beskerm. Hy noem ander krisisse soos die hoë vlakke van geweld wat roof, verkragting en aanranding met die oog om dood te maak, insluit (2002: 143).

In sy kommentaar op die werksaamhede van die Waarheids- en Versoeningskommissie skryf 'n voormalige aartsbiskop van Kaapstad, Njongonkulu Ndungane (2000: 260) in *Looking back, Reaching forward, Reflections on the Truth and Reconciliation Commission of South Africa* soos volg oor die situasie in ons land: 7 miljoen Suid-Afrikaners leef in pondokke; 12 miljoen het geen toegang tot skoon vars water nie en 21 miljoen het geen voldoende sanitasie geriewe; werkloosheids statistieke is skrikwekkend hoog en die getal ongeletterdes is heeltemal onaanvaarbaar. So ver het die politieke verandering nog geen gelyke verdeling van grond, lone, werksgeleenthede en opvoeding gebring nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Elna Mouton skryf oor die 24 ste vergadering van die World Alliance of Reformed Churches wat van 30 Julie tot 13 Augustus 2004 in Accra, Ghana gehou was, onder die tema **"Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed."** (Joh.10:10) In die paragraaf, *Reformed Churches covenanting for justice in Accra*, bied Mouton gedeeltes uit die vroue-afgevaardigdes se finale Verslag. Die vroue afgevaardigdes het hul só uitgedruk:

> "We shared our stories of struggle and hope and listened attentively to the voices of women from all over the world….. We heard many speak of domestic violence, and of how rape and sexual violence against women and children is being used systematically as a weapon of war and for ethnic cleansing. We heard of increasing prostitution of women, and of trafficking in women. We heard of environmental racism within and between nations, and of violence of poverty and of the exclusion of millions of women, men and children from the fruits of development…… We heard of the wrenching grip of HIV/AIDS over the lives of communities, and that women are often overburdened with the care of the sick and the orphaned. We also heard of the too often silence and hesitance of the churches to address issues of human sexuality and dignity." [19]

Kloppers se bydrae "Waar die kerk werk, bou gelowiges aan moraliteit", in die boek getiteld *Waar die Kerk werk*, neem die vertrekpunt in die liefdesopdrag wat Jesus vir ons gee: om aan ander te doen soos jy aan jouself gedoen wil hê (2005: 29). Hierdie opdrag is vir Kloppers nie net 'n goeie definisie van morele optrede nie, maar ook 'n riglyn hoe om reg van verkeerd te onderskei. Gelowiges wat reg optree neem altyd die medemens se persoon, bates en gevoelens in ag en streef na die bou van verhoudinge wat eiewaarde aan mekaar verleen. Die gebrek hieraan lei tot morele verval. Kloppers skryf verder dat uit gesprekke wat Suid-Afrikaners voer in koerante en vriendekringe, dit duidelik na vore kom dat mense meen Suid-Afrika is in 'n ernstige moraliteitskrisis vasgevang. Die talle voorvalle van geweld, misdadigheid, rassisme en vandalisme ondersteun volgens hom die gevolgtrekking dat Suid-Afrikaners se gedrag nie voldoen aan die vereistes vir goeie morele optrede nie. Ook die berigte oor gesinsgeweld, verkragtings en bendegeweld, versterk hierdie gevolgtrekking. Hierby moet gevoeg word korrupsie, witboordjie-misdaad en 'n algemene kultuur van oneerlikheid, wat die indruk laat dat die stelsel gierigheid en selfsug beloon.

Nadine Bowers Du Toit se artikel "The Marginalisation of women and children: Ethical perspectives", in *What is a Good Life*, (2010: 181 -195) beskou die ongelyke behandeling

---

19. Aangehaal deur Elna Mouton, (2006: 177) "Interpreting the New Testament in Africa", in die boek *The New Testament Interpreted. Essays in honour of Bernard C. Lategan.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van vroue en kinders in Afrika en elders in die wêreld as 'n groot krisis want daar is baie "ethical problems that arise due to inequalities based on age and gender." Sy is van mening dat die Kerk te min aandag gee aan "the exploitation of children through child labour… the reduction of child mortality… violence, abuse and sexual trafficking… the negative effect of patriarchal cultures…." Diskriminasie teen vroue kom ook voor in die arbeidsektor omdat vroue baie minder as mans verdien in dieselfde posvlak selfs binne dieselfde maatskappy. Sy sluit af met die vraag: "Is it ethically right for women and children to have fewer legal rights than men and adults?"

Desiree Snyman se artikel: "HIV/AIDS, women and poverty", in dieselfde boek, *What is s Good Life*, (2010: 200–215) artikuleer soortgelyke sentimente en vra die Kerk se gewilligheid "to understand the nature of HIV/AIDS and gendered poverty as an ethical problem for the Church". Die Bybelse waardes wat volgens Snyman noodsaaklik is vir bemoeienis met dié vraagstukke - veral in pastoraat en prediking - is liefde en sosiale geregtigheid.

André Van Niekerk, "How are good people formed?", skryf in die boek *What is a Good Life*, dat moraliteit nie slegs met geweld te doen het nie (2010: 101 – 127). Moraliteit het volgens hom ook te make met mense se gesindhede en waardes: die tipe rolmodelle wat jongmense admireer, die kwaliteit van huwelike en die gesinslewe, wit-boordjie misdaad, die tipe films en advertensies wat mense verkies; die wyse waarop ons konflikte hanteer; swak taal en selfs vloektaal; die gebrek aan in-diepte refleksie en besinning oor moraliteitskwessies deur instellings en leierskapsgroepe. Die gebrek aan dissipline in skole asook huisgesinne in Suid-Afrika en elders in die wêreld, lei tot ongelukkigheid, konflik, tienerswangerskappe, alkoholisme, dwelmmisbruik en misdaad. Hy verwys na 'n artikel in die *Sunday Times* (9 Sept. 2007) wat die volgende gelys het: geweld, moord dreigemente, diefstal, vernielsugtige gedrag, seksuele molestasie van leerders deur leerkragte, en hoë vlakke van stres en vrees by leerkragte.

Mercy Oduyoye van spreek in 'n artikel getiteld, "The Church of the Future: Its Mission and Theology: A View from Africa", in *Theology Today* (2002: 145), haar besorgdheid uit oor die miljoene vroue, kinders en jongmense in haar eie land Ghana, sowel as in die res van Afrika wat gebuk gaan onder armoede, swak huisvesting, ongeletterdheid, HIV/VIGS en ander siektes. Sy voeg by dat swak leierskap 'n ewe groot morele krisis in Afrika is. Die afwesigheid van 'n teologie van geregtigheid vir menslike verhoudings dra hiertoe by. 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ander uitdaging is om Regerings sover te kry om opreg lief te wees vir die mense wat hulle regeer. Die erosie van verantwoordbaarheid is egter "firmly lodged in Africa's colonial past." Die traumatiese ervaring om regeer te word deur vreemdelinge wat jou kennis minag, het 'n erfenis gelaat van patriarchie, of nog erger, geweldadige diktatorskap van selfsugtige mans.[20]

Hauerwas en Willimon skryf in *Residient Aliens*, oor die moraliteit in hulle land, Amerika (1989: 53 – 54). Hulle sê die kerk het nie 'n sosiale etiek nie, dit *is* 'n sosiale etiek. En hierdie sosiale etiek moet *offensief* uitgeleef word om die immoraliteit en ongeregtigheid aan te spreek wat uiting vind in ongeloof, eensaamheid, kunsmatige godsdiens en 'n plunderende verbruikerswese. Die liberale teoloë so aanspraak dat die geëmansipeerde mens nou vry is, word weerspreek deur "overstocked medicine cabinets, burglar alarms, vast ghettos, and drug culture. Eighteen hundred New Yorkers are murdered every year by their fellow citizens in a city whose police department is larger than the standing army of many nations."

Die teoloog Herman Noordegraaf (1990: 48-50) skryf in sy boek getiteld *Armoede is onrecht. De kerk en de arme kant van Nederland*, dat die patrone van armoede roep tot 'n herdefiniëring van dié verskynsel. Hy argumenteer dat dit nie langer maar net as 'n morele vraagstuk beskryf kan word nie. Dit is ook 'n onreg. Armoede is geen noodlot; dit hang saam met politieke en maatskaplike keuses. Dat die kerke besluit het om die armoede-problematiek onder die hoof "gerechtigheid' te plaas in gehoorsaamheid aan Gods Woord, en nie onder barmhartigheid, of erger nog, liefdadigheid nie, kan gesien word as 'n revolusie in hulle eie geskiedenis; die dryfveer is: elke mens het die reg op 'n menswaardige bestaan. [21]

Dieselfde standpunte as Noordegraaf word gehuldig deur Van Bommel, Bussemaker &

---

20 Mercy Oduyoye, van Ghana, was 'n professor in Teologie aan Princeton Universiteit, VSA. In die boek *African Christian Theologies in Transformation* (ed.) Conradie, E.M. 2004, skryf Oduyoye die hoofstuk: "Transforming the landscape of theology in Africa: Women's agency". (bl. 68 – 74). Ook hier spreek sy haar uit teen die marginalisering van vroue. Sy is van mening dat preke oor God in slegs manlike beelde 'n negatiewe houding teenoor vroue skep. Sy sê verder: "We had to see God in relational terms and not as the 'Omen' that has laid down and promotes the demonization of women and who legitimises violence against women. God is compassion, God is justice." (bl. 73). Oduyoye spreek dieselfde sentimente uit in Oduyoye, MA.1996. "Poverty and Motherhood." In: Schüssler Fiorenza, E. 1996. *The Power of Meaning*. 124 – 131. Orbis Books.

21. Verdere ondersteuning in hierdie lyn word ook gebied deur Long, D.S, 2003. *Divine Economy*, 183 – 240; Owensby, W.L. 1988. *Economics for Prophets. A Primer on Concepts, Realities, and Values in our Economic System*. 141 – 150. Boesak, A. 2005, *The Tendernesss of Conscience*, 204 -210 wys op Wolterstorff, De Gruchy en Calvyn se eenstemmige standpunt dat dit die mens se reg is om nie arm te wees nie. In **Verbum et Ecclesia** Vol. 29(3), bl. 652 haal hy eweneens vir Wolterstorff aan wat verklaar "the poor should not be made beggars."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Manenschijn in *Gelijker = Rijker. Over rijkdom, verdeling en sociale ethiek* (1999). Hulle verwys na die miljoene rande wat per maand aan een sokkerspeler betaal word, terwyl baie arm en middelklas kinders in dieselfde Europese lande nie sportgeriewe en sporttoerusting het nie. Reinhold Niebuhr (1957: 112), *Love and Justice, Selections from the shorter writings* handhaaf ook die standpunt van Noordegraaf. Hy self is sterk gekant teen die feit dat armoede bloot as 'n saak van liefdadigheid benader word. Hy sê:

> "I insisted that whenever the love ideal of Christianity degenerates into pure philanthropy without regard for the difficult task of achieving social justice, it becomes a cloak behind which social injustice hides itself."

Die biskop van die Evangelies Lutherse Kerk in Duitsland, Bedford-Ström, (2008/2: 144 -162), onderskei vier modelle waarvolgens die Kerk die Bybelse opsie vir die armes hanteer: (ii) die "*charity model*" ontken enige politieke betekenis van die opsie; (ii) die "*fundamental critical model*" koppel hierdie Bybelse opsie maar net aan 'n "confessional critique of Western capitalism and its market approach." ; (iii) die "*political advice model*" bied nie 'n eksplisiete verduideliking van sy teologiese begronding nie maar probeer praktiese politieke oplossings aanbied; (iv) die "*public theology model*" "connects a clear theological profile with the involvement in the public debate on economic strategies which reflect the option for the poor." Laasgenoemde model is "tweetalig" – dit praat die taal van die Teologie én die taal van die sekulêre wêreld. Vanweê die betrokkenheid van Publieke Teologie in die openbare arena, word Publieke Teologie dus verstaan as 'n Verlossingsteologie binne 'n demokratiese samelewing. In die artikel bou hy sy keuse vir model vier op die leer en lewe van Martin Luther en Dietrich Bonhoeffer, "… *public theologians who, in their time, have been advocates for the poor.*" Die artikel word afgesluit met 'n beklemtoning van eskatologiese geregtigheid.

In dieselfde gees van Noordegraaf, Van Bommel en Bedford-Ström, word armoede, ongelykheid, hongersnood, mishandelinge en ander maaskaplike euwels onder die temas van ongeregtigheid en menseregteskenings in *Global Justice* (Pogge, 2001, ed.) bespreek. Die globale omvang van hiervan word deur Pogge beskryf in die 1ste hoofstuk getiteld: "Priorities of Global Justice" (6 – 23). Hy gee die UNDP statistieke van 2000: 790 miljoen mense word nie genoegsaam gevoed nie; 1 biljoen is sonder skoon vars water; 2.4 biljoen is sonder sanitasie geriewe; meer as 880 miljoen het nie toegang tot basiese gesondheidsdienste nie; 1 biljoen is sonder voldoende huisvesting; 2 biljoen is sonder elektristeit; 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kwart van alle kinders tussen die ouderdomme 5 – 14 (ongeveer 250 miljoen) werk buite die gesin, soms onder moeilike omstandighede in die landboubedryf, konstruksiebedryf, tekstiel of matvervaardiging, as prostitute, soldate en huishoudsters vir lae lone; dié kinders het geen of baie min skoolopleiding, en baie van hulle wat oorleef, word deel van die groep ongeletterde volwassenes wat alreeds 1 biljoen is. Armoede het 'n direkte verband met menseregte. Pogge stel dit so:

> "Severe poverty causes not only massive underfulfillment of *social and economic human rights*, such as the right to a standard of living adequate for the health and well-being of oneself and one's family, including food, clothing, housing and medical care. Severe poverty and economic inequality also contribute significantly to the underfulfillment of *civil and political human rights* associated with democratic government and the rule of law**."**

Pogge meen armoede en ongelykheid in die wêreld neem toe omdat van ons prioriteite moreel verkeerd is. Hy noem as voorbeeld die ryk lande wat duisende miljoene rande aan militêre bewapening asook oorlogvoering bestee, teenoor klein bedrae vir voedsel, bou van infrastruktuur en primêre gesondheid in onontwikkelde lande. Ook haal hy aan uit verslae van die Konsultasie wat gereël was deur die Verenigde Nasies se Program vir Voedselvoorsiening. Hy betreur dit dat sekere afgevaardigdes genoem het dat ryk lande onder geen morele verpligting is om arm lande se armoede te help verlig nie.

Rüdiger Bittner, morele filosoof by Bielefeld, Duitsland, skryf die hoofstuk "Morality and World Hunger." Volgens Bittner is die wyse waarop politieke state in die verlede tot stand gekom het, sowel as die huidige ekonomiese belange van die elite, en die politieke doelwitte van groot moondhede in arm lande, voldoende verklarings vir vele van die huidige stand van globale armoede. Hy vra met besorgdheid:

> " the amount of human suffering that world hunger brings with it is not just considerable - it is vast. Hence, world hunger should be high on people's moral agenda. In fact it is not. Why?

Die antwoorde lê vir Bittner deels daarin dat armoede slegs objektief benader word: hoeveel lande en hoeveel mense word geraak, in plaas van ook subjektief – hoeveel instansies en hoeveel mense wat nie arm is nie, gee werklik om; vrede en wêreldvrede word polities-objektief gedefinieër as afwesigheid van rusie of oorlog in plaas van ook moraal-subjektief – liefde (Lev. 19:19), geregtigheid (Jes. 32:17), morele beskerming van die vreemdeling (Eks. 22:21); verlening van regstatus aan die weduwees, wese en arme (Eks. 22:22). Sy eerste kennismaking met moraliteit beskryf hy so:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> "As for me, I learned my basic moral lessons at my older sister's knees, who devided any incoming chocolate, and so on, evenly among the three of us children, thus ensuring that none of us would be very badly off, that is, go without any of the chocolate and without any respect. She did this, however, in view of, and for the sake of, this small group of people living together…… Justice is good for peace.." (bl. 26)

In die hoofstuk "Justice and Nakedness" (bl. 92 – 105) maak Stéphane Chauvie die stelling dat armoede toeneem omdat sommige akademici en politici plaaslike beginsels en teorieë vir "distributive justice" netso van toepassing wil maak op die globale internasionale konteks.

Ten slotte noem ek onder hierdie paragraaf 5.3 die stemme vanuit Zimbabwe soos weergegee deur Smit, *Essays in Public Theology*, in die opstel "Kairos Documents" (2007). In 1998 publiseer 'n groep Christene in hierdie land via hulle Ecumenical Support Services, 'n *Kairos* dokument. Die Christene verhef hulle stemme teen "ill-health, bad governance, corruption, fear and hopelessness." In die gees van die metodologie van die Suid-Afrikaanse Kairos dokument van 1985, argumenteer hierdie Christene dat die nasie van Zimbabwe "had been plunged into a political, economic, and above all a moral crises shaking its very foundation." Hulle blameer die regerende ZANU (PF) party dat hy alle hoop, drome en verwagtings wat hulle gekoester het na onafhanklikwording in 1980, verpletter het. Instede van ware vryheid, is daar nou 'n swart politieke en ekonomiese elite wat dieselfde verdrukkende strukture as dié van die vorige wit meerderheid instel en instandhou. Armoede is aan die orde van die dag en die land word al hoe meer geïsoleerd van die res van die wêreld. Die Kerke word enersyds geprys vir hulle volgehoue protes teen ongeregtigheid voor en ná onafhanklikwording, en andersyds word hulle krities aangespreek vir hulle versuim om hulle lidmate op te voed oor die misbruik van mag deur owerhede.

Teen die agtergrond van hierdie situasies wat wêreldwyd manifesteer, kom die vraag na kousaliteit outomaties na vore. Ek skenk vervolgens nou aandag aan wat as die oorsake van die voorafgaande probleme en ongeregtighede aangedui word.

5.4 Oorsake van probleme, ongeregtighede en skending van menseregte

Agter hierdie genoemde morele vraagstukke is daar waarskynlik vele oorsake te bespeur.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Baie bekende denkers in die teologie en ander vakgebiede uit verskillende lande bied oor en oor dieselfde verklarings en oorsaaklikheid in hulle eie kontekste. Ek bied nou enkele van hierdie denkers se verklarings.

Louise Kretzschmar (2010: 157 – 176), "The Call to moral life-giving Leadership", in die boek *What is a Good Life* skryf dat een van die groot oorsake van die morele krisis die wanfunksionering van leiers is. Sy bemerk dit by politieke leiers, gemeenskapsleiers, sakeleiers, geestelike leiers en gesinsleiers (ouers). Kretzschmar stel die vraag: "When is leadership life-giving and when is it death-dealing?" Teenoor die goeie leier wat handel as "a servant of God, someone who tells the truth, is honest, just and caring, someone who serves the genuine needs of others and acts with gratitude, wisdom and respect for God's creation", is daar die tipe leier wat 'n "toxic leader" is. Die toksiese leier se "immoral, abusive and inept leadership has extremely negative consequences…. those in positions of power misuse their power illegally in order to obtain contracts worth millions of rands." Hierdie tipe gedrag veroorsaak "unemployment, poverty, lack of delivery and corruption." Sy gee as voorbeeld van 'n goeie leier Albert J.M. Luthuli (**1898-1967**), voormalige leier van die ANC en leke-prediker in die Metodiste Kerk. 'n Voorbeeld van 'n toksiese leier noem sy met reg Charles Taylor (**1948 -**) van Liberië onder wie se presidentskap vanaf 1997 tot 2003 meer as 300 000 mense gesterf het en die staatskaste van sy land en Sierra Leone met minstens $100 miljoen geplunder is. Ook het Taylor baie plase, diamante, duursame hout en rubber vir homself deur korrupsie bekom.

Karin Lebacqs (1987: 11 – 85) skryf in *Justice in an Unjust World,* oor morele vraagstukke as ongeregtighede. Hierdie ongeregtighede sien sy in Noord-Amerika, Latyns-Amerika, Asië, Europa, Afrika insluitende Suid-Afrika. Sy haal op verskeie bladsye ons vorige Staatspresident, Nelson Mandela, aan. Die boek bevat hartroerende insette van inwoners in die Tuislande wat hulle ellende, pyn, aanrandings en soeke na menswaardigheid vertel het. Lebacqs skryf dat morele en juridiese ongeregtighede dekades daarna nog negatiewe effekte op inwoners se intellektuele, ekonomiese en maatskaplike welsyn het. Hierdie effekte word sigbaar in armoede, swak behuising, siektes, swak selfbeeld, misdaad, ongelyke geleenthede, ongeletterdheid. Die *ses tipes* ongeregtighede wat in baie lande tot hierdie negatiewe effekte aanleiding gee, is: *Kulturele ongeregtigheid* - die verwydering van mense uit hulle inboorling grondgebied, taal en tradisies; *Ekonomiese ongeregtigheid* - uitsluiting van mense uit die hoofstroom ekonomie, swak lone; *Verbale ongeregtigheid* - die retoriek en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

woordeskat wat gebruik word om mense se waardigheid en selfbeeld af te kraak; *Etniese ongeregtigheid* - rassisme, wette wat sekere etniese groepe toegang tot sekere dorpsgebiede beperk deur die dra van sekere dokumente; hulle mag ook nie na 'n sekere tyd nog in die dorpe mag wees nie; *Politieke ongeregtigheid* - onderdrukking, korrupsie in die regsisteem en howe; wette en beleide wat burgers se regte t.o.v. opvoeding, grondbesit en magsverdeling skend. *Seksuele ongeregtigheid*: verkragting, aanranding van homoseksuele en lesbiese persone. Lebacqs voer aan dat die Kerk die taak het om al bogenoemde ongeregtighede te beveg én om dit van geslag tot geslag oor te vertel. Geskiedenis is nie net dit wat gebeur het nie, maar dit wat *onthou* word. Sy wys op die Bybelse opdrag aan die Israelitiese ouers om die slawerny in Egipte en die verlossing daaruit aan die kinders en kleinkinders te vertel by die pasga en ander geleenthede. Selfs die profete in die Ou Testament én die gelowiges in die Nuwe Testament het hierdie verhale *onthou*, *oorvertel* en as *morele basis* gebruik om onreg te beveg en hoop te vestig. Die band tussen onthou en beveg, sê sy, word gesmee in die liturgie:

> "The perception of history as the memory of a believing community comes close to the remembrance of the Exodus and the Lord's Supper enjoined to the Jewish and Christian communities, respectively. Worship and ritual therefore becomes important aspects of justice. Nicholas Wolterstorff argues that setting aside a day of worship is what gives meaning to the remainder of our lives: worship is the practice of remembering, of bringing to the fore (in memorializing celebration) the actions that constitute the abiding context of our existence. Liturgy is crucial tot remembrance and re-membrance." (bl. 101) [22]

Die standpunte van Pieterse in sy boek getiteld *Preaching in a context of Poverty*, is vir ons studie van wesenlike belang (1994: 3, 12 – 65). Pieterse, professor in Praktiese Teologie aan die Universteit van Suid-Afrika, fokus op die verband tussen prediking en heling van die samelewing. Wanneer daar in Bybelse tye verlossing vir mense gekom het, was dit die praxis van God wat sigbaar geword het in daardie persone se omstandighede. Die taak van die prediker, sê Pieterse, is om as medewerker van God hierdie praxis van God vandag nog te laat realiseer. Predikers moet teologies sensitief wees vir die spore van God se praxis in die alledaagse gebeure; hulle moet dit interpreteer in terme van die Bybelse boodskap en die voortgaande vernuwingswerk van die Heilige Gees. Pieterse maak voorts die stelling dat die

---

22. Karin Lebacqs herhaal van hierdie argumente in haar ander twee boeke. Lebacqs, K. 1985. *Professional Ethics. Power and Paradox.* Nashville: Abingdon Press; Lebacqs, K. 1986. *Six theories of justice. Perspectives from philosophical and theological ethics*. Minneapolis: Augsburg Publishing House. Van besondere belang vir my studie is Lebacqs se standpunt dat liefde en geregtigheid onlosmaaklik aan mekaar verbonde is. Sy sê slegs saam bring dit vreugde – die opstandingsvreugde. Wat die ekonomie betref, sê sy daar moet drie vrae gestel word. (i) Wat doen die ekonomie *vir* die mense in nood? (ii) Wat doen die ekonomie *aan* die mense in nood? (iii) Hoe neem hulle *deel aan* die besluitneming oor ekonomiese beleid wat hulle raak?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

destydse liturgiese bemoeienis van kerke vanoor die hele ekumeniese spektrum bygedra het tot die vestiging van 'n demokratiese bestel. Dit is nou die taak van die Kerk om voort te gaan met hierdie liturgiese vernuwing veral in die konteks van armoede. Om aktueel en verlossend te preek, is dit nodig dat die kerk die konteks reg lees en verstaan sodat al die oorsake van morele verval in die liturgie verwoord kan word. Hierdie aktuele prediking sal die lidmaat die kennisinhoud gee om sy/haar dissipelskap van Maandag tot Saterdag verantwoordelik uit te leef. Die eerste oorsaak wat Pieterse noem, is die gevolge van die vorige staatkundige bedeling. Hierna noem Pieterse ekonomiese globalisering, die internasionale finansiële krisis van 1998, die ongelyke verdeling van welvaart, die jarelange effek van ekonomiese sanksies, asook gebrek aan binnelandse kapitaal. [23]

Piet Naude, professor in etiek aan die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit in Port Elisabeth, skryf oor die situasie in Afrika vanuit 'n ekonomiese en historiese perspektief (2010). Hy noem dat dit onmoontlik is om te praat van *een* geskiedenis van Afrika. Daar moet veeleerder gepraat word van 'n "multitude of regional histories." Die pessimisme binne Afrika asook buite Afrika word gedryf deur die volgende feitlikhede: (i) Afrika se bevolking van 832 miljoen verteenwoordig 13% van die wêreld bevolking, maar Afrika is verantwoordelik vir slegs 1% van Direkte Buitelandse Beleggings, 1% van die Bruto Binnelandse Produk en omtrent 2% van die wêreldhandel; (ii) van die 48 lande wat die swakste ontwikkel is, is 35 in Afrika; (iii) meer as 40% van die sub-Sahara bevolking leef benede die internasionale drempel van $1 'n dag; (iv) ongunstige klimaatstoestande en voortdurende veesiektes bedreig voedsel voorsiening; (v) siektes soos malaria en Aids (6.1%) het 'n negatiewe effek op die lewensduurte van miljoene mense asook op die ekonomie; (vi) Afrika se isolasie en gemarginaliseerdheid vererger as gevolg van groot agterstande in digitale tegnologie en intra-Afrika kommunikasie. Naude gebruik die aanname dat menswaardigheid fundamenteel verbind is met positiewe sosiale identiteitsvorming.

---

23. Hierdie laaste oorsaak word ondersteun deur die volgende uitspraak van Kinghorn (1990:54-55) in '*n Tuiste vir Almal*: "Klaarblyklik het daar 'n stagnasie in die Suid-Afrikaanse ekonomie ingetree en dit word byvoorbeeld daarin weerspieël dat die gemiddelde groeikoers oor die afgelope dertien jaar skaars een persent per jaar was, terwyl die totale bevolking teen amper drie persent per toegeneem het…… Hoe klein die nywerheidskern van die ekonomie in verhouding werklik is, blyk uit 'n onlangse studie wat toon dat as alle maatskappywinste van 1988 in die land per kop verdeel sou word, elkeen maar R17 per maand sou kry. Of om dit op 'n ander manier duidelik te maak: die Suid-Afrikaanse aandelebeurs noteer minder as een persent van die wêreld se aandele en minder as tien persent van dié op die Londense beurs (in waarde gemeet) - en dit ten spyte van al die goud, diamante en ander grondstowwe." Sampie Terreblanche (2005) noem dat in die onderhandelingstydperk (1991 – 1994) die staatskuld onverklaarbaar vermeerder het. Van ongeveer R70 biljoen na R491 biljoen.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Sulke identiteit is 'n dinamiese en voortgaande historiese, kulturele en ekonomiese proses. Uitbuiting, gemarginaliseerdheid en swak bedingingsmag is kern faktore wat verhoed, of ten minste die vorming van positiewe sosiale identiteit vertraag. Naude noem dat Afrika tot en met die 15de eeu op vele terreine 'n mag was waarmee rekening gehou is. Huidige sosio-ekonomiese omstandighede het 'n band met die geskiedenis vanaf daardie tydperk tot op hede. Die huidige "indignities' het oor dekades gegroei en is die kumulatiewe gevolg van ten minste *drie* faktore:

(a) die Atlantiese slawehandel,

(b) die Koloniale en die post-koloniale tydperk,

(c) die effek van 'n globale monetêre sisteem.

Wat (a) betref, noem Naude dat die meer as 13 miljoen slawe wat oor 'n tydperk uit Afrika verwyder is, die kontinent se werkerskorps verminder het. Die effek van kolonialisering wat gewoonlik eers in die post-koloniale tydperk na vore tree, word só deur Naude beskryf:

> "Colonial powers neglected to invest in general education, and training in political and administrative rule; power transitions were poorly managed; new rulers compiled economic policies that could not be sustained and which lead to indebtedness; dictatorships emerged due to weak civil societal structures; corruption and misrule became widespread; tribal wars escalated; and multi-party democracies were not sustainable due to inadequate levels of preparation for governments of this nature…… Coupled to this, is the deep and enduring socio-psychological impact of a colonized self-perception and a mind-set that leads to cultural diffidence and a notion that 'foreign' must be 'better'."

Naude noem verder dat die Afrika Unie nou sy stem begin dik maak en sy lidlande aanmaan tot ernstige self-ondersoek oor hulle verantwoordelikheid om "distrust for constituted authority, corruption and impunity coupled with human rights abuses… conflict, undermining of initiatives towards sustainable development" uit te roei.

Kwame Anthony Appiah, 'n boorling van Ghana koppel eweneens morele probleme aan geskiedenis en identiteit. Die boek *In My Fathers House* (1992), is deur Appiah geskryf na aanleiding van Joh. 14:1-2. In hoofstuk 9 noem hy dat "African Identities" ingebed is in tradisies en narratiewe want identiteit groei "out of a history of changing responses tot economic, political, and cultural forces." In die boek *Cosmopolitanism* skryf Kwame Appiah hartroerend oor sy en vele ander in Afrika se psigologiese pyn oor kultuurskatte wat in die koloniale tydperk deur die koloniale regeerders uit Ghana en ander Afrika lande se konings-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

huise en argiewe verwyder is. Baie van hierdie skatte, sê Appiah, pronk vandag nog in museums en ander sakeondernemings in die Weste. Een van die gevalle was koning Kofi Prempe wie se skatte van hom en sy mense geneem is. Koning Prempe en sy mense het dit as "looting" (plundery) beskou. Die generaals het gesê hulle is besig om 'n bevel volgens 'n geldige proklamasie/wet uit te voer. Benewens hierdie "forces" van die verlede is daar ook hedendaagse "forces" wat die ontwikkeling van Afrika belemmer naamlik rassisme, ekologiese probleme, die nalatenskap van die slawehandel, te groot afhanklikheid van die wêreld ekonomie. Die politieke leiers na onafhanklikheid gedurende sy vader se tyd en daarna het almal hoë ideale gehad. Vele van hierdie ideale het geswig voor korrupsie, onbevoegdheid, despotisme. Die Afrika mens se strewe na religieuse betekenis en sosiale identiteit laat egter telkens die *hoop* opvlam. Hierdie hoop is nie gebou op 'n enkel vaderlandsliefde nie. Dit is ook vir die buurland, dit groei uit 'n planetêre liefde, dit is geankerd in geloof. Dit is 'n opregte "cosmopolitanism", 'n hoop vir die breë wereld. [24]

Hierdie gebrek aan 'n breë wêreldvisie by die koloniste word met evangeliese besorgdheid beskryf deur die Rooms katolieke teoloog, Joseph Thompson (1997) in *Justice and Peace*. Hy is mede-professor in Christelike etiek en Godsdiens Studies aan St. Joseph College, West Hartford, Connecticut. Hy neem sy vertrekpunt in verse soos Gen. 1:17; 9:8-10; Eks. 22:21; Jes. 2:2-4; Matt. 5:14-15; Luk. 6:20-21, Efes. 6:10-11, 14-17 en skets volledig die praktyke van die destydse koloniste. Om groot geld te maak, moes die inheemse volke produkte vir uitvoer aanplant bv. suiker, katoen (Karibiese Eilande, Fillipyne), tee (Sri Lanka), koffie (Brazilië), sisal, koring (Kenia) en ander produkte wat die Europese markte gesoek het. Hulle kon dus baie min plant vir huishoudelike voedselgebruik (rys, boontjies, koring). Die

---

24. Appiah, voorheen by Harvard Universiteit, is tans die Laurence S Rockefeller professor in Filosofie vir die Centre for Human Values aan Princeton Universiteit. In *Experiments in Ethics* (2008) skryf hy deugde-etiek is belangrik vir identiteitsvorming. Appiah gebruik die term "cosmopolitanism" tenooor "patriotism". Die vorige regeerders van Afrika was sterk patriote. Hulle liefde vir hul eie land se vooruitgang het ander lande benadeel. Die betekenis van hierdie term kom uit die tydperk van die Grieke. Die filosoof Sokrates skryf oor Diogenes, 'n inwoner van Athene. Wanneer Diogenes gevra was van watter dorp hy 'n burger is, of wat sy woonplek of afkoms is, het hy altyd geantwoord: "Ek is 'n burger van die wêreld, ek is 'n *kosmopolites*!" Wat hy vir sy eie stad gedroom het, het hy vir die wêreld gedroom. Koloniste ken geen "cosmopolitanism" nie, geen "planetary love". Smit D.J. 2009. "Schreie nach Leben - eine südafrikanische Stimme", *Verkündigung und Forschung,* 1/2009, doen 'n uitstekende analise van Appiah en ander Afrika geleerdes, soos Simon Kobia (van Kenia), se standpunte. Kobia, sê Smit, redeneer met geloof en "die Hoffnung." Agter die toeloë se "Schreie" verberg hulle „tiefe menschliche Erfahrungen, tragische historische Entwickelungen, reiche geistliche Uberzeugungen und starke moralische Verpflichtungen." Vanuit die hoop moet die kerk veg teen "Armut... den politischen Misserfolgen des Nationalstaats, die Krise der Korruption und die Auswirkungen von Modernität und Globalisierung." Wat swak leierskap en geldgierigheid betref redeneer hulle soos volg: "Durch die Geschichte der Akkumulation von Kapital unter dem kolonialer Regierungen sei Korruption heute in Afrika eine 'eigene Lebensweise' geworden." Lees hiermee saam Thompson se weergawe oor die koloniste werksaamhede in Kenia op die volgende bladsy. Moore SD & Rivera, M (Eds.), 2011, *Planetary Loves*, New York: Fordham University Press, bied ook goeie insigte.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

mynbou is grootliks genasionaliseer. Mense is verskuif van hulle vrugbare landbougrond en gebiede wat minerale en edelgesteentes bevat het na reservate, bv. die Masai en Kikuyu stamme in Kenia en Uganda; instel van belasting om inboorlinge te dwing om op die myne en staatsplase te werk; klassifikasie van mense in sosiale groepe met die inheemse mense heel onder op die lys; uitvoerbeperkings op goedere soos bv. op die florende tekstielbedryf van Indië; die plasing van hoofstede aan die kus of op handelsroetes om uitvoer te vergemaklik in plaas van sentraal sodat administrasie effektief kan geskied; die saamvoeg van reeds opponerende etniese stamme in een provinsie/staat, en die opbreek van eensgesinde stamme in twee of drie provinsies/state; die uitwissing van inheemse kultuur; siektes, hongersnood, ongunstige werksomstandighede, moord, marteling, lewendige verbranding, breek en afsny van ledemate wat inheemse bevolkings verminder het. In Suid-Amerika bv. het dit verminder van 100 miljoen (1522) tot slegs 1 miljoen (1608). In Kenia het die bevolking in die eerste twee dekades van die 20ste eeu verminder van 4 miljoen na 2,4 miljoen. Die koloniale kommissaris in Kenia wat in 1904 die stamme verder die onherbergsame woude ingedryf het na *kleiner* reservate het hom hieroor soos volg uitgelaat:

> **"**There can be no doubt that the Masai and many other tribes must go under. It is a prospect which I view with equanimity and a clear conscience." [25]

Thompson sê: "Here, surely, is a piece of genocide that rivals any in history**"** (2000: 10,13). Die Spaanse en Engelse konings het vroeg reeds sommige sendelinge se arbeid gestaak. Dié sendelinge is vervang deur biskoppe en sekulêre priesters wat deur die konings aangestel is. So het dié kerkleiers agente van die sisteem geword en dus ook besitters van baie grond. Hulle het die inboorlinge met die Bybel tot slawearbeid oortuig en vergifnis gepredik. Hy sê:

---

25. Thompson wys op die korrelasie tussen verdraaide godsdiens en skending van menseregte, armoede, onderontwikkeling, asook psigologiese verslawing. Hy steun op die werk van Richard D. Wolff, *The Economics of Colonialism – Britain and Kenya*, 1870 – 1930. New Haven, CT: Yale University Press, 1974. Thompson wys in die laaste hoofstukke van sy boek op die hedendaagse oorsake van morele vraagstukke in Afrika en die res van die wêreld. Sedert 1940 tot die huidige vind hy die volgende: nasionalistiese motiewe, etniese haat (Rwanda, Burundi, Zaire); rasse hoogmoed, godsdienstige verskille (Sudan, Noord Ierland, Sri Lanka); politieke onverdraagsaamheid, gevegte oor skaars natuurlike en minerale bronne. In baie Afrika State het hierdie oorsake *na onafhanklikwording* gelei tot massamoord, oorlogsmisdade, armoede, verval van die regsstelsel wat regverdige verhore ontmoontlik maak, verswakte ekonomie, behuisingsnood, werkloosheid, vlugtelinge wat in ander lande asiel soek. Die beherende party het hulle ook bevoordeel deur middel van 'n etniese-kwotastelsel vir onderwys, behuising, werk in die staatsdiens en gesondsheidsgeriewe. In Murungu, C. & Biegon, J. (eds). 2011. *Prosecuting International Crimes in Africa*. Cape Town. Pretoria University Law Press,word van hierdie feite bevestig. Suid-Afrikaanse en internasionale regsgeleerdes skryf in hierdie boek hoe die koloniale regerings se administrasie bygedra het tot etniese konlflik, burgeroorog, armoede, diskriminasie en skending vir menseregte in Uganda, Rwanda en Sierra Leone. Ook van den Herik, 2005. *The Contribution of the Rwanda Tribunal to the Development of International Law*. Leiden: Martinus Nijhoff Publishers, bevestig die impak van kolonialisme op die konflik in Rwanda.
Die Nigeriër, Chinua Achebe van die Ibo stam, skryf sy Roman "*Things Fall Apart*" (1958) vanuit die gesigshoek van kolonialisme: die vernietiging van waardes, optrede teen leiers wat die koloniste teengestaan het, en die gebruik van godsdiens om saamhorigheid tussen mense te verbreek, is van die faktore wat die hoofkarakters se lewens en hulle stamme uitmekaar laat val.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> "The religious message to the peasants was that the Lord would reward their humble obedience in the next life…. Economic dependency and underdevelopment are two of the legacies of colonialism. It can be said that the colonial powers created the Third World."

Thompson noem dat groot gedeeltes van die kerk vandag nog soos die koloniste vrede sien as die einde van konflik tussen opponerende politieke parye of faksies, en 'n gesonde nasie as 'n nasie waar daar nie meer oorlog is nie. Hy meen die Bybelse boodskap is: "To be Christian is to be a peacemaker and to pursue peace is to work for justice." Hy sê dit na aanleiding van die Saligsprekinge. Vrede is 'n oorvloed van omgee, geregtigheid, kos, liefde vir almal.

John Brueggemann (2007), godsdiens-sosioloog aan Skidmore Kollege, New York, wys netsoos Naude op die kousale verband tussen maatskaplike probleme en die tipe ekonomie. Hy sê daar is 'n korrelasie tussen individue of groepe se soeke na betekenis (identiteit, behoort aan, 'n doel in die lewe), en die verspreiding van ekonomiese mag. Hy is van mening dat sekere beginsels van die markgedrewe logika, soos privatisering en oordrewe kompetisie, baie etiese waardes soos skoonheid, geregtigheid, behoeftebevrediging en gemeenskaplikheid verdryf. Dis nie slegs ekonomiese kommodideite wat verkoop en gekoop word nie, maar ook ander goedere soos gesondheidsdienste, opvoeding, behuising en sekuriteit. Verskeie patrone van gestruktureerde ongelykhede volg uit hierdie logika. Hy noem die volgende: Die ryk 10% van families in die VSA hou 70% van die totale rykdom; 13% van Amerikaners – ongeveer 35 miljoen - is arm in hierdie rykste land in wêreldgeskiedenis. Hy beroep hom hier op Collins, C. & Yeskel F, *Economic Apartheid in America.* New York: New Press, 2005. Op 'n globale skaal gesien, ontvang 25% van die wêreld se bevolking 75% van die wêreld se inkomste; uit die globale bevolking van 6 biljoen, verdien 2.4 biljoen mense minder as $1.000 in jaarlikste inkomste; uit die 100 grootste ekonomieë in die wêreld, is slegs 49 soewereine state; die res is multinasionale korporasies. Dit beteken dat hierdie 51 korporasies "more powerful" is as baie van die wêreld se State. Brueggemann kom dan tot hierdie gevolgtrekking:

> "What this means is we now have more unnecessary poverty and inequality than ever before. The poverty that exists in the world today, including in our own country, is less the result of technological, logistical obstacles and more the result of insufficient moral will and political imagination."

Chris Jones beskryf in sy bydrae "Waar die kerk werk bestry gelowiges misdaad", in die boek getiteld, *Waar die kerk werk*, die oorsake op 'n unieke wyse (2005: 69vv). Met behulp van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

statistieke verkry van die Instituut vir Sekerheidstudies, skets hy die hoë vlak van geweld en misdaad vir die tydperk 1994 – 2004, asook watter misdade afgeneem het en watter misdade toegeneem het. Die effek van hierdie misdade is 'n kultuur van vrees, waarin agterdog en bitterheid eerder as sorg en gasvryheid wat mense se verhoudings kenmerk. Ander effekte is die hoogs negatiewe impak op die landsekonomie omdat dit onder meer voornemende beleggers afskrik. Goeie buurmanskap word ook geskaad en dit lei weer tot individualisme. Hierna noem Jones vyf oorsake van misdaad en geweld wat hy as belangrik beskou, naamlik: swak selfbeeld wat lei tot swak moraliteit, gebrekkige opvoeding, negatiewe rolmodelle, die strafregstelsel wat nie genoeg respek afdwing nie, en werkloosheid en armoede.

Dirk Smit, die internasionaal bekroonde sistematiese teoloog, skryf in die opstel "Globalization: An orientation?" gepubliseer in sy reeds aangehaalde bundel, getiteld *Essays in Public Theology*, dat ten spyte van die positiewe elemente wat globalisering het vir die kultuur, politiek en ekonomie, dit ook gekenmerk word deur "devastating results, destroying human life in many and complex ways and threatening human dignity in major ways." [26] Samehangend hiermee skryf Smit is die effek van die modernisme wat met die oorgaan na die demokratiese stelsel plotseling op Suid-Afrikaners afgekom het. Die land se Konstitusie is 'n liberale modernistiese dokument. Met die aanbreek van die nuwe Suid-Afrika is daar 'n skuif van pre-modernisme na 'n modernistiese staatsbestel. Die negatiewe impak van modernisme is nie net op die liturgie nie maar ook op die teologiese opleiding. Modernisme, skryf Smit, word gekenmerk deur 'n klem op individualisme ten koste van gemeenskaplikheid; die oortuiging dat die mens morele besluite moet maak deur rasionele denke alleen; die oortuiging dat tradisie, die geskiedenis en die godsdiens geen rol te speel het in morele besluitneming nie – dit is m.a.w. a-histories; die verabsolutering van tegnologiese en wetenskaplike uitvindsels; die mens is in sy rasionaliteit outonoom en vry; die mens moet hom/haar losmaak van enige vorm van outoriteit (geloof, kerk, die Bybel, staatsgesag). Dit het vervreemding en isolasie tot gevolg. Vervreemding tussen teologie en die daaglikse lewe asook tussen vakdissiplines en moraliteit. Dirk Smit druk hom verder

---

26. Dieselfde standpunte word gehandhaaf deur Stackhouse, ML, Paris, PJ. (eds) 2000. God and Globalization, Volume 1, " Religion and the Powers of the Common Life"; Haspel, M. "Globali-sierung: theologish-etisch", in *Verkündiging und Forschung*, 54, Jahrgang 1/2009; Kingdom, G, & Knight, J 2007." Unemployment in South Africa, 1995-2003: Causes, Problems and Policies". *Journal of African Economics* 16(5):813-848; Klasen, S, & Woolard, I, 2008. "Surviving unemployment without state support: unemployment and household formation in South Africa". *Journal of African Economics* 18(1):1-51.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

soos volg uit:

> "Society becomes secularised. In a modern, secular society religion is privatised. "It loses its place in public life – often voluntarily and gladly. Its connections to other subsystems, such as politics, economic life, the public media, the legal system public education, etcetera, are seriously threatened and often made impossible by walls of separation." (2007:84)

Die Lutheraan, Larry Rasmussen (2003: 24 – 82), skryf dat die belange en perspektiewe van modernisme die hedendaagse samelewings in liberale samelewings laat ontaard het. Die heerskappy van die ope markstelsel van die kapitalistiese ekonomie - laissez-fair of staatsgereguleerd - lei tot individualisme en selfgesentreerdheid. Dit het 'n vernietegende effek op die tradisionele gemeenskappe se samehorigheid. Teenoor die selfbeheersing van die tradisievaste mens, kry ons die liberale mens se gebrek aan selfbeheersing. Ons leef van fragmente van redding gekoppel aan fragmente van onderlinge gemeenskap en moraliteit. Ten spyte van al die blink prestasies van modernisme op baie terreine, is dit besig om samelewings dood te maak.

Sampie Terreblance (2002: 105) sê 'n oorsaak van die voortgaande sindroom van geweld, armoede en kriminaliteit is die mate waarin kinders daaraan blootgestel word . Behalwe die fisiese verwaarlosing van arm kinders, is dit veral die geestelike, psigologiese en morele verwaarlosing van kinders gedurende hulle voorskoolse jare wat bydra om die mentaliteit van armoede van geslag tot geslag te laat voortduur. Die steeds toenemende getal werkloses onder 'n groot gedeelte van die bevolking – veral in landelike gebiede - kan toegeskryf word aan 'n ekonomiese beleid wat gedeeltelik op mites gebaseer is. Hy glo die premise dat 'n hoë ekonomiese groeikoers tot werkskepping en uitwissing van armoede sal lei, nie waar is nie. Dis volgens hom 'n mite en naïewe optimisme. Die eskalering van oordraagbare siektes, verskeurde gemeenskappe, vernederende armoede en misdaad is deels ook toe te skryf aan die onwilligheid of onvermoë van howe en die regering om tweede en derde generasie menseregte af te dwing. Nog 'n oorsaak daarvoor is die ongelyke verdeling van die nasionale inkomste. Volgens hom wys die 2001 statistieke dat die boonste 20% van huishoudings (ongeveer 17% van die bevolking) meer as 70% van die nasionale inkomste ontvang het. Die ryk swart elite wat sedert 1990 ontstaan het, is hierby ingesluit. Die armste 40 % van huishoudings (ongeveer 50% van die bevolking) het minder as 3,5 % van die nasionale inkomste ontvang. Die afwesigheid van 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

houding van simpatie teenoor die minderbevoorregtes veroorsaak ook dat miljoene inwoners se waardigheid en menslikheid geskend bly.

Terreblance skryf dat sosiale geregtigheid nie so gou behaal sal word nie as in gedagte gehou word dat die staatskas met die oorgang van die vorige regering na die eerste demokratiese regering in 1994 etlike biljoene rande skuld gehad het. Hierby kom korrupsie en wanbestuur van staatsfondse beide voor en na April 1994. Terreblance (2005) noem hierin dat die legalistiese teorie wat slegs op skending van regte deur individue konsentreer, klaarblyklik 'n rol gespeel het in die Waarheids en Versoeningskommissie (hierna genoem die WVK) se handelinge. Dit het verhoed dat die WVK die grootskaalse armoede en infrastruktuur agterstand wat gedurende die vorige regering se bewind ontstaan het, aan te spreek en besluite te maak wat dit kon elimineer. Terreblance bemerk dit in die WVK se interprestasie van hulle "mandate" asook in hulle beoordeling van die Sakesektor en die minderheids-Regering se handelinge aan die term "gross violations of human rights" soos gedefinieër in hfst. 1, seksie 1(1)(ix) (a) en (b) van Wet 34 van 1995.

Hy meen die WVK het 'n gulde geleentheid deur hulle vingers laat glip het om die ongeregtighede en skending van menseregte wat deur die Wetgewing aangerig is, te oorweeg en om die Resolusies van die Veiligheidsraad dat Apartheid 'n misdaad teen die mensdom is, aan te wend na aanhoor van getuienisse. Hy redeneer voorts dat die WVK se versoek aan die Sakesektor dat hulle *vrywllig* betrokke moet raak by die opheffing van armes en kwesbares, onaanvaarbaar is; hierdie mense het nie vrywillig arm geword nie. Hy verwerp daarom die idée van die WVK om geregtigheid te vervang met liefdadigheid. Miljoene mense is *deur Wetgewing* arm gemaak en daarom moes die WVK aanbevelings gemaak het wat die waarheid sou vestig, armoede sou verminder en benadeeldes in hulle sosio-ekonomiese regte sou herstel. Ek laat Terreblance self praat:

> "What should be remembered, however, is that the exploitation of blacks did not happen voluntarily. It was compulsary and *systemic*. It was based on an economic and political system embedded in a network of compulsory legislation and justified by ideologies that were propagated as self-evident truths. To expect that business will be prepared to compensate the blacks *voluntarily* – *a*nd to the necessary degree – for the *injustices committed* towards the majority of them for almost a century is not only too idealistic but also rather naïve. To give business the opportunity to pay off their "apartheid debt" through 'charity' will boil down to an opportunity to let them off the hook." (2005: 267 – 268)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Allan Boesak (2005: 190 – 194), *The Tenderness of Conscience,* ondersteun van bogenoemde argumente . Hy beklemton dat versoening nie van geregtigheid losgemaak kan word nie. Volgens hom is die Waarheids- en Versoeningskommissie se uitsprake oor die ekonomie 'n bewys dat hulle nie staan waar die Bybel die Kerk vra om te staan nie: aan die kant van die benadeeldes, armes, weduwees en wese. Die uitsprake toon ook die "TRC's failure to soberly understand and analyse the association of big business with the capitalist system**."** Die WVK lede se verweer dat hulle mandaat "versoening" was, en nie armoede of ekonomiese geregtigheid nie, is 'n bewys dat hulle liturgie in die samelewing gebaseer was op "critical solidarity" in plaas van die vereiste "prophetic faithfulness"; dat hulle versoening en vrede wou ombuig na 2 Kor. 5:17 toe sonder 'n bereidheid om as gelowiges eers die lied van Psalm 94 te sing; dat die inisieërders van die WVK doelbewus gekies het vir *politieke versoening* om sodoende Golgota se kosmiese implikasies te ontduik; ook om te ontkom aan die Ou Testament se opdrag dat regspraak en besluite oor benadeeldes, gekenmerk moet word deur die reg wat aanrol soos watergolwe en geregtigheid soos 'n standhoudende stroom (Amos 5:24). Boesak pleit vir "moral leadership", vir 'n herlewing van die voor-1994 "spiritual dimension", die "spiritual tradition" waarsonder 'n toekoms vir die land nie moontlik is nie, want, sê Boesak, die Bybel verklaar in Psalm 127 as die Here die huis nie bou nie swoeg dié wat daaraan bou tevergeefs, en as die Here die stad nie beskerm nie, waak dié wat dit beskerm, tevergeefs. In die lig van die akute armoede, Aids, werkloosheid en misdaad, beskou hy Gerwel se uitsprake van Suid-Afrika as " a nation in relatively good health.", "is not an unreconciled nation", die bedoeling was "the *sober politics of accommodation* borne out of a historically conditional sense of shared South African nationhood" as blote wensdenkery (Jakes Gerwel, "Holy Grail or Secular Pact" in *Looking Back, Reaching Forward*).

Volgens Boesak het die WVK talle benadeeldes, en diegene wat deur die vorige beleid weduwees, wese en armes gemaak is – wit en swart - in die steek gelaat. Hy waag hierdie stelling op grond van 'n *Leitmotif* wat hy sê aanwesig is by Calvyn (**1509-1564**) en Abraham Kuyper (**1837 – 1920)**, by Barth (**1886 – 1968**) en De Gruchy, by Bonhoeffer (**1906-1945**) en Wolterstorff naamlik: *liefde, geregtigheid en versoening mag nie van mekaar geskei word nie!* Uitleef van hierdie waardes is ook alleenlik gehoorsaamheid aan God indien dit gerealiseer word in sosio- ekonomiese geregtigheid en volhoubare transformasie. Met profetiese passie vra Boesak:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> "What kind of country does South-Africa want to be? It is not a question of political common sense only; it is a question of morality. Why is it so necessary to continue with the myth that the concept of Christian reconciliation is a denial of justice?" [27] (bl. 202)

In Noord-Amerika wys Willimon (2009: 366) van die United Methodist Church, op sekere kenmerke van die liberale demokrasie wat die teologie en veral mense se morele oordeel negatief beïnvloed. Dit is (a) die privaat/publiek dichotomie, (b) skeiding van staat en kerk met laasgenoemde ondergeskik aan die staat, (c) die oordrewe klem op vryheid van gewete en oortuiging. Volgens die privaat/publiek dichotomie moet daar 'n onderskeid getref word tussen 'n politieke amptenaar se privaat lewe en sy/haar professionele lewe. Dié oortuiging word weerspieël in 'n senator se uitspraak oor beweerde onetiese gedrag van 'n president:

> "As citizens, we do not have either the capacity or the authority to judge the president's personal life; that is the providence of the Almighty. We do have a responsibility to evaluate

---

27. Op min of meer dieselfde trant skryf Boesak in twee artikels in **Verbum et Ecclesia,** 2008**,** Vol. 29(3). 636 – 654; **Verbum et Ecclesia.** Vol. 29(1), bl. 32 – 44). Wat Boesak uit die oog verloor, is dat die WVK afspeel na 1994. Suid-Afrika was toe al 'n liberaal demokratiese Staat. Wolterstorff se ontledings in *Religion in the Public Square,* (bl. 11 – 15) is hier ter sprake: Geen godsdienstige redes mag toegelaat word nie! Ek voer aan die Wet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening (Wet 34 of 95), is 'n *amnestie met versoening instrument* ooreenkomstig nasionale wette. Die doelwitte was *inter alia*: rektifikasie en restourasie, soek na die waarheid, gesprekvoering, vrede, nasiebou. Genoemde instrument hou verband met Suid-Afrika (as voormalige Statebonds land) se onderskrywing van die "dualist doctrine." Hierteenoor is 'n *geregtigheid met versoening instrument* ooreenkomstig nasionale én internasionale wette aanvaar vir Joego-Slawië, Rwanda, Sierra Leone, die DRK, Uganda, Liberië, Sudan. Oortreders is deur 'n tribunaal of geregshof verhoor. In van hierdie State is 'n versoeningskommissie ingestel eers nadat die vervolging in die tribunaal/hof afgehandel is. Vandaar dat Amnesty International en ander menseregte-groepe gekla het dat die bewoording van die amnestie klousule in Wet 34 van 1995, die integriteit van internasionale menseregte wetgewing bedreig. Aartsbiskop Desmond Tutu se artikel, *"Will Africa let Sudan off the hook?* in die *New York Times,* 2 Maart 2009, hou verband met die verlangde uitlewering van president Omar al-Bashir aan die Internasionale Geregshof. Boesak spreek hom ook uit teen Villa-Vicencio (2009, *Walk with us;* 2009*, Peace versus Justice*) se instemming met politieke versoening. Laasgenoemde gebruik die terminologie van John Rawls (sien bl. 21 hierbo) soos "a social contract," "political reconciliation in the sense of social cohesion", "political compromise," "political benefit," "national agenda." Morele vereistes soos bekering, vergifnis en restitusie is dikwels "political unhelpful." Die proses is "not dependent on the kind of intimacy that religious and some forms of individual reconciliation may demand." Hy meen dat politieke versoening ook "grace" insluit, maar dit is die "grace of magnanimity" en nie "the grace of God." Villa-Vicencio se Rawlsiaanse "social contract" wat deur Wolterstorff verwerp word, kies vir vrede ten koste van *shalom*. *Shalom* word gevestig deur reg en geregtigheid (Jes.9:1-6), en wil nie slegs politieke opponente laat ophou baklei nie (politieke vrede) maar ook die benadeeldes laat ophou baklei teen die gevolge van die politieke opponente of bevoordeeldes se persoonlike en statutêre menseregte vergrype (Bybelse vrede). Wolterstorff wys juis in die opstel "the tragedy of liturgy in Protestantism" op die tragiese gevolge wat intree as Christene die band tussen liturgie en geregtigheid ignoreer. Heel dikwels word na die WVK as die Kerk se publieke liturgie verwys!
Ek voer aan dat 'n gesprek wat nie uitloop op 'n gespek met God nie, is alles behalwe ware versoening! In versoening erken en aanvaar jy die korrektheid van God se oordeel én die plig van universele menseregte instrumente oor jou; jy sien jouself en jou verlede, soos God en jou naaste vir jou en jou verlede sien en stort dan met berou (remorse?) die feitlike en juridiese waarheid uit (Gen. 32; Ps. 51), jy soek 'n nuwe identiteit (2 Kor. 5:17-21) en nuwe deugde (Efes. 4:24-32). Die dryfkrag is nie heurisme, maar die hoedanighede van God want deelname in die publieke arena is soos Bria asook Barth sê: die liturgie ná die liturgie! (bl. 55-56 hieronder). N. Botha (2008/29(3), 655 – 680] en T. Maluleke (2008/29(3): 681 – 696] handhaaf soortgelyke besware as Boesak. M. Ramphele (2008: 46 – 49) praat selfs van "the miracle that never was." Bell & Nstebeza (2001: 1- 3) wil weet "Was the truth and justice sacrificed to reconciliation?" Die Oosterse Ortodokse teoloog, Soloviev (in Witte, 2006: 437), meen die ekumeniese kerk het te lank "the moral basis" slegs op " the priestly" gebaseer. "The church must regenerate and transform its social and political life. Here opens up a field of action which is man's own proper sphere, the devine-human action is no longer an accomplished fact as in the priestly Church, but a task awaiting fulfilment, the task of making the devine Truth a reality in human society, of putting Truth into practice; and Truth, expressed in practice is called Justice."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> democracy has survived and prospered not because our presidents have been virtuous in their private lives but because most of them have taken their public responsibilities seriously

Willimon skryf verder dat hierdie liberalisme daartoe lei dat openbare figure wêreldwyd swak rolmodelle vir die jeug word: dit is openbare figure wat glo in vrede en versoening maar nie in Jesus Christus nie. [28] Die jeug se kritiese denke oor wat moreel reg en verkeerd is, wat die norm behoort te wees, word hierdeur negatief beïnvloed. Hy noem dat die Kerk ook heel dikwels in die strewe na populariteit hierdie tipe denke as bybelse vergifnis verdedig. Hy pleit dat die kerk in Amerika nie 'n onderskeid tussen die private en die publieke lewe mag voorstaan nie omdat Christene se oordele altyd met hulle aanbidding moet ooreenstem.

Ek sluit paragraaf 5.4 af met die volgende samevatting: Op bogenoemde probleme, ongeregtigheid en skending van menseregte, word die Kerk geroep om die sout van die aarde en die lig vir die wêreld te wees; om die karakter van God te weerspieël soos wat Jesus Christus dit gedoen het: God as Lig, Waarheid, Lewe, Oorvloed, Herder, Genade, Voetewasser, Weg, Waarheid, Liefde. In die Kerk se *Missio Dei* kom die appèl tot diens na vore: "**Soos die Vader My gestuur het so stuur Ek julle?** (Joh. 17). Die erediens is die ruimte van waar die Kerk hierdie opdrag van stapel stuur. Die vrugte van hierdie Gees word hier 'n rivier wat oorvloei vanuit die erediens na die wêreld. Die nuwe lewe wat Christus se opstanding ons bied, moet andere daar buite ook nuut maak. Ons is vrygemaak sodat die wêreld ook vrygemaak kan word (Rom. 6). God se bevrydende praxis en die morele krisis ontmoet dan mekaar. Maar dit kan eers gebeur as *ons reg kan sien;* moreel reg kan sien; self-krities anders kan sien; die gebeure in die wêreld werklik kan raaksien soos wat dit is. Ons kan nie die realiteit wat deur ongeregtigheid geskep is, ongedaan maak nie, maar ons kan die oë wat dit sien verander. En hiertoe help die liturgie. Aan die liturgietafel gaan oë oop en word ons eie *verstaan* van Jesus se lewe, sterwe en opstanding gekorrigeer (Luk. 24:13-35). Nooit mag die *dissipels* se liturgie 'n blote refleksie van die samelewing wees nie; 'n legitimering van die norme en waardes wat in die samelewing aanvaarbaar is; 'n doelbewuste viering en onderskrywing van die samelewing of eie groep se verwagtings en

---

28. Willimon, W.H, se artikel: "Christian Ethics: When the Personal is Public Is Cosmic". *Theology Today*, Vol. 52, No. 3, bl. 366 – 375. Ook Hauerwas, S. *A Community of Character* spreek hom sterk uit teen die effek van hierdie dichotomie. Hauerwas (ook Methodist) sien dit as die uitleef van Thomas Jefferson se beginsel: "A central purpose of America's political arrangements is the subordination of religion to the political order."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

doelwitte, en nie die Evangelie se verwagtings en doelwitte nie. Wanneer dit gebeur, dan vervang ons die lewende God wat buite menslike beheer is, met 'n god wat gemanipuleer kan word vir eie belang; 'n god in wie se naam ons die verkeerde en ongeregtighede - versuim, handelinge, vredesmodelle, protokol - in die wêreld seën. [29]

Noudat die breë spektrum van vraagstukke in die wêreld blootgelê is, is dit op hierdie stadium aangewese om Wolterstorff se aanname dat 'n geloofwaardige liturgie 'n helende impak op genoemde immoraliteit, ongeregtighede en skending van menseregte sal hê, in 5.5 aan die orde te stel.

5.5 Die potensiële impak van die liturgie op die immoraliteit, ongeregtighede en skending van menseregte

==========

"Die serafs het mekaar telkens toegeroep: Heilig, heilig, heilig is die Here, die Almagtige! Die hele aarde is vol van sy magtige teenwoordigheid. Een van die serafs het toe 'n gloeiende kool met 'n tang van die altaar af gevat en na my toe gevlieg. Hy het my mond aangeraak met die kool en gesê: 'Noudat die gloeiende kool jou lippe aangeraak het, is jou oortredinge vergewe, jou sonde versoen'. Toe het ek die Here hoor vra: 'Wie kan Ek stuur? Wie sal ons boodskapper wees?' Ek het geantwoord: 'Hier is ek, stuur my! "

Jesaja 6:3-8

==========

'n Onderliggende aanname van my projek is uiteraard dat Wolterstorff korrek is in sy argument dat liturgie 'n verskil kan maak - aan die morele krisis, aan die vorming van

---

29. Van hierdie standpunte word christologies verwoord deur De Gruchy, J.W. 1991. *Liberating Reformed Theology.* In die artikel "Understanding the Church Situation and Obstacles to Christian Witness in South Africa", in: *The Road to Rustenburg, The Church looking forward to a new South Africa* 1991*:* skryf De Gruchy: "The reason for superficial or cheap reconciliation is that we too often fail to speak the truth to each other, and therefore our expression of unity, when it emerges, is far too shallow. It is not the unity which the Spirit gives, but a cheap reconciliation conjured up by our own emotions or sense of goodwill… For precisely the same reason, any talk about reconciliation in South African society is cheap unless it is based on truth and justice, upon righting the wrongs of the past, on ridding society not only of the legislation, but also of the aweful legacy." Dietrich Bonhoeffer (*The Cost of Discipleship,* [1937: 44, 45] beskryf dit in soortgelyke terme. Die genade van Golgota "is *costly*, because it costs God the life of His Son…. The gift which we must be asked for is *grace* because it calls us to follow Jesus Christ." Bonhoeffer sê verder daar sal altyd die versoeking vir die Kerk wees "to go along"; om onnadenkend, onkrities, of soms willens en wetens die "national agenda" te ondersteun; om gekoöpteer te word om die politieke behoeftes van die nasie te dien; om te roep vir, en te val vir "cheap grace. En hierdie "cheap grace" waarsku Bonhoeffer is "the preaching of forgiveness without requiring repentance .... grace without the cross, grace without Jesus Christ - living and incarnate!" Hood (1984: xiv) som Barth se beskrywing van Etiek in *Church Dogmatics* (Volume II, deel 2) soos volg op: "First, ethical action means that we confess an ignorance of being able to apprehend or decide about God's command without the aid of God's grace..."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

morele agente, aan die visie van 'n morele samelewing, selfs aan die openbare diskoers oor 'n goeie lewe. Die vraagstukke tesame met die oorsake daarvan roep volgens Wolterstorff as't ware die liturgie na vore. Onwillekerig word die integriteit, doelmatigheid, wetmatigheid en skopus van die liturgie op die tafel geplaas. Oor dekades heen het verskeie teoloë in hulle lande en kerkverbande oor hierdie aanname besin. Ek bied nou van hierdie standpunte aan:

Ion Bria (1996) 'n Romeense Ortodokse teoloog, noem dat die woord liturgie afkonstig is van die Griekse *leitourgia*, wat weer afgelei is van die woorde *leitos* (publiek, van *laos*, mense) en *ergon* (werk). Die subtitel van sy boek is: *Mission and Witness from an Orthodox Perspective*. Sy uitgangspunt is dus die belang van die liturgie binne Sending en Evangelisasie soos ook gereflekteer in Verslae van die Wêreld Raad van Kerke. Christene wat in die sending staan, is pelgrims en die nagmaal is "food for the pilgrims" In die nagmaal word die Christene versterk vir die getuienistaak, vir die gehoorsame uitleef van die *Missio Dei.* Bria sê, liturgie moet die christen toerus vir sy/haar sendingopdrag. In aansluiting by St. John Chrysostom spreek hy van "two altars: one within the sanctuary, one outside in the public" Sondag is die kerk besig met 'n liturgie. Die *vocatio* in die wêreld is ook 'n liturgie, diens aan God. Dit is "the liturgy after the liturgy…. a way of expressing how Christian worship is inseparable from committed engagement in society and culture."

Die uitmuntende Duitssprekende Protestantse teoloog, Karl Barth, (1938: 56) skryf in "*Gotteserkentnis und Gottesdienst nach Reformatorischer Lehre"* dat daar drie gestaltes van die kerk se "Gottesdienst" is naamlik

(i) die diens van God aan die Christelike lewe (etiek), [30]

(ii) die diens aan God van die erediens (liturgie),

(iii) die diens aan God van die politiek (*politische Gottesdienst*).

---

30. Hierdie standpunte word ook uitgespel in Barth, K. 1989. *Church Dogmatics*, Green, C. Volume IV, Part 4, The Christian Life. Grand Rapids: Wm. B Eerdmans, In *Theologische Studien* 104, Zurich: Theologischer Verlag 1938, maak Barth In die afdeling "Rechtfertigung und Recht " 'n onderskeid tussen "Gottesdienst" in die kerk, die "Gottesdienst der christlichen Existenz" na aanleiding van Jak. 1:27 en ook "einen politischen Gottesdienst" (3/4). In die afdeling "Christengemeinde und Bürgergemeinde" skryf hy: "Die Kirche erinnert an Gottes Reich, an Gottes Gebot und Gerechtigkeit und damit an die Verantwortung der Regierenden und der Regierten" (15/16); Op bl. 322vv in *Einführung in die Evangelische Theologie*, EVZ- VERLAG; ZURICH (1962), verwys Barth na die verband tussen amp en eer aan God in Wolfgang A. Mozart se simfonieë. Hierdie simfonieê, se Barth, is geskryf tot eer van God, vir Sy glorie. Dit is liturgie. Mozart komponeer in die tyd toe aardbewings verwoesting in Lissabon gesaai het. Hierdie menseverlies en skade aan eiendom het Christene laat worstel met die theodisee-vraagstuk: waar was God? Mozart se musiek wys die lig van God se teenwoordigheid, verdryf die donkerte van die doodsverlies; die vreugde verdryf die hartseer. Mosart skryf die lewe ken die dood maar vrees dit nie, ook nie die dood van Lissabon nie! Die simfonie, The Magic Flute, (1791) se woorde "The rays of the sun drive out the night." is vir Barth erediens. (CD, III/3, 297 – 299).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Barth argumenteer dat die *vocatio* van die Kerk behels dat die Boodskap van Christus se heerskappy op alle lewensterreine in woord en daad verkondig moet word.

George Hunsinger (1976: 181 – 234) bespreek Karl Barth se dogmatiek oor die verhouding tussen gebed en die daaglikse lewe. Hy skryf hoe Barth aangeraak was deur "issues of social justice, poor wages, factory legislation, and true union affairs" Hy sê Barth se "theology is a historial work…. It is always on the way, *theologia viatorum*, a pilgrim theology." Hy wys voorts op die referaat van Barth: *Jesus Christ and the movement for social Justice* waarin Barth klem plaas op (i) die belangrikheid van gebed in die stryd teen ongeregtigheid; (ii) die stryd van Christene is 'n opdrag van God (iii) die gebed "Laat u koninkryk kom", is 'n gebed waarin die Christen haarself/homself verbind om die sosiale lewe te transformeer.

Wainwright skryf dat ons nie moet twyfel daaraan dat die erediens 'n belangrike rol in die heiliging van die samelewing speel nie (1995: 72 -95); dat die erediens inderdaad mense geestelik moet vervul en toerus om mekaar se menseregte te respekteer in liefde, waardigheid en geloof. Hy sê daar is 'n band tussen "Gottesdienst, Glaube und Liebe" Die christen teoloog moet nie vra of daar 'n verband bestaan nie want "Liturgie, Lehre und Leben gehören wesensgemass zusammen." Die kwessie is veeleerder "das rechte Verhältnis zwischen Gebet und Glauben, zwischen Gottesdienst und Glauben." Hiervoor beroep Wainwright hom op Irenaeus se stelling: "Unsere Lehre (γνώμη) stimmt mit der Echaristie überein, und die Eucharistie bestätigt die Lehre (*Adversus Haereses* IV, 18, 4). Dit is vir hom 'n uitgemaakte saak dat die erediens inderdaad 'n belangrike funksie het in die heiliging van die samelewing. Die verband tussen aanbidding en etos, tussen ons geestelike erediens en ons burgerlike erediens moet gehandhaaf word.

In genoemde artikel asook in *Doxology: The Praise of God in Worship, Doctrine and Life* (1980), skryf Wainwright dat in die vroeë kerk daar verwys is na die verhouding van die *lex orandi* en die lex *credendi*. *Lex orandi* is die wet/voorskrif van aanbidding. *Lex credendi* is die wet/voorskrif van die geloof. M.a.w. die wet van die aanbidding skryf voor hoe ons moet glo; soos wat ons bid, behoort ons ook te glo; soos wat in ons die kerk/tradisie geleer is om te bid, so behoort ons ook te dink, te praat en te glo. Later is die verband na die lewe uitgebrei en is die uitdrukking *lex vivendi* bygevoeg. Soos wat ons bid, en soos ons glo, so behoort ons ook te leef/ saam met mekaar te leef. Die *orandi* stempel ons *credendi*, die *credendi* behoort ons *vivendi* te stempel. Die vloei van die heiliging geskied nie net vanaf

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die aanbidding na die geloof nie, maar ook omgekeerd:

> "Das Gesetz unseres Glaubens muss das Gesetz unseres Gebets bestimmen. Christlicher Gottesdienst darf legitimerweise nicht von christlichen Leben getrennt werden; das Ganze des Lebens ist rituell in der Liturgie zusammengefasst, die ihrerseits die alltägliche Existenz. durchstrahlen soll."

Wainwright verklaar verder dat in teenstelling met die Ortodokse geloof hy nie glo dat daar slegs 'n "Liturgie nach der Liturgie" moet wees nie, maar ook "eine Liturgie vor der Liturgie" want die Christen kom aanbid vir krag en oriëntasie saam met die versameling van gelowiges "aus dem alltäglichen Leben - in dem glaubenslöses Leben die Integrität ihrer Teilnahme am Kult fragwurdig machen wurde - und kehren in das alltägliche Leben zuruck, in dem die Wirkungskraft ihrer Teilnahme am Kult dem Test der Liebe unterworfen wird." In dieselfde gees van Wainwright, is die suggestie van die praktiese teoloog Klaus-Peter Jörns, dat die aksioom *lex orandi – lex credendi – lex convivendi* as paradigma vir die vernuwing van die Christelike kerk, die Christelike lewe, teologie, opleiding en onderrig gebruik moet word (1988b). Daarom dan dat ook Dietrich Ritschl verklaar "it is right to say that theology has its origin in worship" (1987:101). En Best & Heller dit genoodsaak voel om die band tussen erediens en geloofslewe saam te vat in die titel: *So we believe, so we pray* (1995). Al drie pleit soos Wainwright vir 'n betekenisvolle interaksie tussen die drie wetmatighede. Die verbande tussen liturgie, geregtigheid, getuienis en diens moet ontwikkel word. Christene wat in die erediens bid dat Gods wil moet geskied "on earth as it is in heaven" is verplig om hierdie gebed daadwerklik in die samelewing uit te leef.

Manfred Josuttis (2005) skryf in 'n artikel "Gottes Wirklichkeit und Gottesbewustsein", in die tydskrif *Verkündigung und Forschung*, dat dit in die liturgie gaan om die kommunikasie van die evangelie, om interaksie tussen prediker en hoorder wat moet lei tot interaksie tussen die hoorder en Sy God. Liturgie moet altyd eers geskied na die "*Warhnehmung*" van die konkrete omstandighede. In hierdie kommunikasie en interaksie moet die hoorders gebring word tot ontdekking van hulle identiteit en ontdekking van die gemeente se roeping. Josuttis noem dit die "Selbstbeschreibung des kirchlichen Lebens". Ook hy tref die verbande tussen aanbidding, geloof en die lewe want die "Gottesdienst" het altyd "ethischen Konsequenzen" Liturgie gaan "um den christlichen Glauben zu starken und damit das christlichen Leben zu fördern."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dirk Smit skryf in die artikel, "Lamp – Nagedink oor die lees van die Bybel vandag", *Kruisgewys,* (2005, Deel 4), oor die verband tussen *lex orandi*, *lex credendi* en *lex vivendi*. Smit noem na aanleiding van Ps. 119 dat die Woord in die erediens ons leer hoe om heilig te lewe; dit vorm ons karakter; maak van ons nuwe mense want dit is 'n lamp (v. 105); dit leer ons nie net om anders te dink nie, maar ook om anders te leef en te doen. Hierna bespreek Smit die Brief aan die Romeine. Hy sê hoofstukke 1 – 11 sit die evangelie van God in Jesus Christus uiteen: die boodskap van verlossing van God se liefde; die evangelie van Sy genade; dit loop uit op 'n lofprysing in 11:33-36. Met hoofstuk 12-15 begin die gevolgtrekkings uit die evangelie van God's vrye guns; die praktiese implikasies wat daaruit voortvloei vir ons alledaagse lewe, die konkrete neerslag wat dit behoort te vind in ons gedrag, gesindhede, optrede, lewenstyle. Hoofstuk 1-11 is die uiteensetting van die evangelie; hoofstukke 12 – 15 is die uitlewing daarvan, van geloofsleer (*credendi*) na etiek (*vivendi*), van wat hierdie goeie God vir ons gee, na wat Hy van ons vra. Die brug vanaf 11 na 12 is die woorde in 12:1-2 waarin God op die gemeente 'n beroep doen om hulle liggame te stel as 'n lewende offer welbehaaglik vir Hom want dit is hulle redelike godsdiens. Smit wys op die Grieks vir "redelike godsdiens": *logike latreia,* wat direk vertaal kan word met redelike, geestelike, regte erediens! Hy sê Paulus gebruik doelbewus kultiese taal soos offers, wy, heilige (Ou Testament). In die mond van Paulus beteken dit: wy julle liggame, jul lewens in die openbaar, dit wat mense van julle sien en ervaar, julleself met alles wat julle doen en is aan Hom. Die egte diens aan God waartoe die evangelie roep, geskied deur ons lewe, deur ons liggame, hande, voete, monde in die wêreld, tussen mense in God se skepping. Egte erediens begin eintlik eers as die erediens Sondae uitgaan! Dan wil die ontferminge van God daar buite in ons hande en voete gestalte kry.

Adolf Adam (1992), *Foundations of Liturgy*, sien 'n verband tussen teologiese aspekte wat die liturgie moet voorafgaan soos missionêre prediking, bekering, die terugdraai van mense na Christus, en die bereidheid om deel te word van die gemeenskap van susters en broers. Liturgie, sê Adam, mag egter nooit in isolasie gevier word nie. Persone wat daagliks in die kerk van Christus geïnkorporeer word, moet weet dat hulle nes hul Heiland 'n plig het "to seek the salvation of all human beings." Die aktiwiteit van die liturgie moet nie 'n geprivatiseerde godsdiens wees nie. Die liturgie gee die regte motivering en krag om selfgesentreerdheid te oorkom, en om jouself onselfsugtig te wy aan diens teenoor jou medemens en diens vir die verlossing van die hele wêreld.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ek sluit hierdie afdeling af met die beroemde teoloog van die hoop, Jürgen Moltman, se verbinding van liturgie, geloof en die strewe na geregtigheid in sy beskrywing van die vyf "vicious circles of death."

> "In the vicious circle of *poverty* it can be said: God is not dead! He is bread. In the vicious circle of *force*, God's presence is experienced as liberation for human dignity and responsibility. In the vicious circle of *alienation* his presence is perceived in the experience of human identity and recognition. In the vicious circle of *destruction* of nature, God is present in joy and existence in peace between man and nature. In the vicious circle of *meaninglessness* and *god-forsakenness*, finally, He comes forward in the figure of the crucified Christ, who communicated the courage to be." [31]

'n Doel van die navorsing is dat dit uiteraaard van waarde vir die betrokke vakgebied, die Fakulteit en ander kennisvelde moet wees. Wolterstorff beoefen sy christenskap op 'n wye terrein. In navolging van sy voorbeeld, is my oogmerk om die resultaat van my navorsing wyer te versprei. Ek bespreek vervolgens dus die beoogde disseminasie en implementering.

---

31. Moltmann. J. 1974. *The Crucified God*: *The Cross of Christ as the Foundation and Criticism of Christian Theology*. London: SCM. bl. 329 – 332. Die kruis is die bepalende faktor vir die kerk se deelname aan versoening, vergifnis en geregtigheid. Moltmann verkondig hierdie teologiese waarhede ook in Moltmann, J. 1977. *The Church in the Power of the Spirit. A Contribution to Messianic ecclesiology*. London: SCM. Lees ook hiermee saam voetnoot 29 op bladsy 54.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6. BEOOGDE DISSEMINASIE EN IMPLEMENTERING

==========

For me much the most important fact is that this is a moral universe, that God is a God who cares about right and wrong. God cares about justice and injustice. God is in charge. That is what has helped the morale of our people, to know that in the end good will prevail.

Desmond Tutu [32]

… what we do and say stems from our encounter with God and our Lord Jesus Christ, at worship, in Bible study, in meditation, and in the Eucharist.

Desmond Tutu [33]

==========

Die disseminasie en implementering word onderverdeel volgens David Tracy, die mistiek-politieke teoloog, se "three publics that theology as social discourse, addresses." Hierdie beroemde Rooms-Katolieke teoloog met sy klem op teologiese metodiek, sê die teoloog praat *in* en *tot* drie sosiale sfere/werklikhede (publics), naamlik "the public of the church", "the public of academy" en "the public of society" Die samelewing moet verstaan word as die breë samelewing. Teologie is publiek en hermeneuties van aard. Vir my studie is hierdie aspekte van belang asook Tracy se handhawing van 'n onlosmaaklike band tussen die mistiek/kontemplasie (liefde, gebed, ontmoeting, ervarings van God se teenwoordigheid/ afwesigheid) en profetiese geregtigheid. [34] Hierdie band is 'n uitgangspunt van my studie.

6.1 Die sfeer van die kerk

Hierdie kritiese navorsing oor Wolterstorff blyk die eerste te wees binne die geledere van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider–Afrika. Genoemde denominasie, waarvan ek 'n lid is, is tans in onderhandelinge oor Kerkeenheid met die Nederduits Gereformeerde Kerk in Suid- Afrika. Die verbintenis aan die opdrag in Gods Woord en die passie om een te word,

---

32. Emeritus Aartsbiskop Desmond M. Tutu. 1994. *The Rainbow People of God: A Spiritual Journey from Apartheid to Freedom*. Cape Town: Double Day. bl. 194.
33. Emeritus Aartsbiskop Desmond M. Tutu. *Hope and Suffering*. *Sermons and Speeches* Johannesburg: Skotaville Publishers, bl. 74.
34. Tracy, D.W. 1981. *The AnalogicaI Imagination*. *Christian Theology and the culture of pluralism.* New York, NY: Crossroad. Hierdie teologie word ook gereflekteer in Tracy, D.W. 1994. *On Naming the Present: Reflections on God, Hermeneutics, and Church.* Maryknoll, NY: Orbis.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

is by beide denominasies aanwesig. Daar is genoegsame geestelike energie en opgewondenheid aanwesig. Gesprekke oor hierdie opdrag van ons Heiland, word egter vertraag deur botsende perspektiewe oor die Belydenis van Belhar (1986) – veral die inhoud van geregtigheid en versoening asook hoe en waar die Belydenis liturgies in die erediens moet funksioneer. Die resultaat van my navorsing kan begeleidend wees wanneer die twee Kerke saam die Belydenis lees onder die leiding van die Heilige Gees; saam met mekaar worstel om gemeenskaplike lig; saam die Belydenis ontdek as 'n instrument van liefde en hoop. Waar die Gees werk, sê Roscam Abbing (1978:57-59), *Komen als geroepen,* word die Belydenis 'n *staf* waarmee ons op weg kan gaan om ons roeping duideliker te sien, en 'n *stok* om mee te slaan om die kerk te beskerm teen almal en alles wat haar wil verhinder om hierdie roeping uit te leef. Saam kan die twee Kerke dan lof betuig vir baie gevalle van goeie finansiële bestuur, goeie infrastruktuur ontwikkeling, groot skenkings vir maatskaplike opheffing deur maatskappye maar ook met hierdie stok slaan na toenemende wanbestuur van staatsfondse wat lei tot swak dienslewering, [35] na diskriminasie onder die dekmantel van regstellende aksie, [36] na nepotisme, magsmisbruik by regeringsleiers en witboordjie diefstal; na leemtes in die strafreg stelsel; na die sinlose moorde, rooftogte en aanrandings op plase.

Jonker (1988: 54), asook Fowl en Jones (1987: 134) skryf dat verstaan, ontdekking van jouself, ontdekking van jou roeping nie so duidelik deurkom as jy alleen lees nie. Maar as jy *saam* met ander lees dan breek die lig van Gods's waarheid deur - die bevrydende Waarheid! My projek mag dalk lede van 'n Gestuurde Kerk bemagtig om soos Filippus op die wa te klim en saam met vandag se "Ethiopiër" te lees. Die liturgie help ons tog om regte gesindhede en nuwe deugde *aan te leer* en die verkeerdes *af te leer*.

Nog 'n moontlikheid vir verspreiding en implementering, is aan denominasies se Kommissie vir Erediens/Liturgie. Veral as riglyne vir prediking oor die doelmatigheid van die liturgie,

---

35. Manala, MJ, 'A Beter Life for All. A Reality of a Pipe-dream? A Black Theology Intervention in Conditions of Poor Service Delivery", *Scriptura,* 105 (2010), 519 – 531. Hy skryf soos volg oor die effek van wanbestuur van fondse op dienslewering. "Greed and corruption of municipal employees entrusted with resources for service delivery are destabilising and disabling service delivery. One of the most painful stories is one of residents of Paterson in the Eastern Cape whose photos were shown on the first page of the *Daily Sun* of Wednesday 20th January 2010 sharing water with a pig. Reports show that the residential area last had fresh tap water in September 2008. This is so, not because there is no money, but because of greed, corruption and mismanagement".

36. Benatar, D. "Justice, Diversity and Racial Preference: A Critique of Affirmative Action." *South African Law Journal,* spreek hom sterk uit teen die filosofiese en juridiese regverdiging van regstellende aksie in Suid-Afrika en elders in die wêreld.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ook op Sondae waar kinderregte, ekologiese geregtigheid, werkers se regte of ekonomiese geregtigheid in die erediens gevier word en lidmate opgeroep word om hulle hieroor te toets aan die norme en waardes van die Skrif. Hierdie navorsing mag nuttig wees vir die opstel van temas vir die maand en kwartaal preekprogram. 'n Verdere moontlikheid is Kerke se Kommissies vir Leer en Aktuele Sake. Die denke van Wolterstorff kan aangewend vir die formulering van oplossings oor hoe die kerk sy godsdienstige oortuigings binne die publieke arena moet uitleef. Die oorgang na die liberale demokrasie het alle Kerke plotselings getref. Vrae, beskrywingspunte en konferensietemas het op hierdie Kommissies se tafel gekom waarvoor die lede (en ek self) nie voorbereid was nie. Waar baie van die Kerke se werksaamhede voor 1994 in die kern gestaan het, is dit nou na die periferie verskuif. Waar sekere Christelike kerke vroeër die bevoorregte was, word hulle nou "equal" behandel vanweë die neutraliteits-beginsel van die liberale demokrasie. My disseminasie oogmerk hier is om in lyn te kom met Jonker se treffende boodskap dat kerke hierdie verskuiwing na die periferie nie as 'n bedreiging moet sien nie, maar veeleerder as 'n geleentheid vir groei en om haar ware geestelike identiteit te herontdek (1988).

Vanweë my regskennis sal ek ook aandag skenk aan die juridiese aspekte van geregtigheid en menseregte. Veral sal ek tweede en derde generasie menseregte in oënskou neem. Wat laasgenoemde betref, is die kwessie van regverdige administratiewe optrede tans prominent – veral die hersiening van Ringe en Permanente Regskommissies se hantering van tugsake. Hierdie kerkliggame kan baat vind by my studie. In die hoofstukke oor geregtigheid asook in die hoofstukke oor menseregte, beoog ek om die begrip *Ubuntu* as morele waarde in te span om Kerklike Regskommissies te help met die beskerming van beide partye (klaer en aangeklaagde) se regte. Die volle impak van *Ubuntu* kan met behulp van 'n teleologiese (oftewel 'n waardegedrewe) uitlegstrategie én 'n historiese uitlegstrategie aangewend word om die Handves van Menseregte te Afrikaniseer. Ter illustrasie van my intensies, skets ek dit kortliks met behulp van twee hofbeslissings naamlik *Du Plooy* en *Scott-Crossley & Others*:

(a) In die hofsaak *Du Plooy v. Minister of Correctional Services & Others* [2004] 3 ALL SA 613 (T), was die feite die volgende. 'n Persoon wat vir 15 jaar tronktoe gestuur is weens gewapende roof, word binne sy eerste jaar in die gevangenis met myeloid leukaemia gediagnoseer. Hy doen aansoek by die Departement Korrektiewe Dienste om ontslag. Die Korrektiewe Dienste owerhede weier om hom te ontslaan. Hy appelleer na die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hooggeregshof. Na aanhoor van beide partye, staan regter Patel die aansoek toe en sê in sy uitspraak:

> "The applicant is critically ill. He is dying. Imprisonment is too onerous for him by reason of his rapidly deteriorating state of health to continue remaining in jail and to be treated at a prison hospital. What he is in need of is humanness, empathy and compassion. These are values inherently embodied in *Ubuntu*."

(b) In *Scott-Crossley & Others v. National Commissioner of South African Police Service & Others*, is die applikante aangekla vir moord. Die oorledene se liggaam is agterna in 'n hok van 'n trop wit leeus gegooi. Die familie het die oorskot gekry en die begrafnis gereël. Scott-Crossley en die ander beskuldigdes het by die hof aansoek gedoen dat die begrafnis uitgestel moet word. Hulle redes is dat hulle 'n patoloog wou aanstel om die oorskot te ondersoek vir forensiese getuienis wat hulle aan die hof wil voorlê. Lede van die familie het die aansoek teengestaan. Hulle het aangevoer dat in die lig van spesifieke rituele voorbereidings wat alreeds gedoen is, hulle kulturele gewoontes en geloofsoortuiging hulle verplig om die oorledene te begrawe op die dag, tyd en plek, wat vasgestel is. Al hierdie reëlings is gedoen voor die applikante die hof genader het. Die hof moes nou die beskuldigdes se reg op 'n regverdige verhoor, opweeg teen die familie en oorledene se godsdiens- en kulturele regte. Die hof kyk klinies na die omstandighede en bevind dat die oorledene en sy familie se reg op menswaardigheid (godsdiens- en kulturele regte ingesluit) swaarder weeg as die applikante se reg op 'n regverdige verhoor. Die hof voer *ubuntu* aan as 'n *raison-d'être* vir die afwysing van die applikante se versoek en motiveer soos volg:

> **"***Ubuntu* embraces humanness, group solidarity, compassion, respect, human dignity, conformity to basic norms and collective unity, humanity, morality and conciliation." [37]

37. Saam met hierdie twee hofsake, sal ek die betekenis en relevansie van *Ubuntu* vir die teologie en regswetenskap in detail uitspel met behulp van ook die volgende werke: The African Charter on Human and Peoples' Rights (ook genoem "the Banjul Charter"); Grondwethof regter, Mokgoro, E. 1997 (51) "Ubuntu and the Law in South Africa", in Konrad-Adenauer-Stiftung / Faculty of Law, Potchefstroom University for CHE, *Constitution and Law: Seminar Report;* Grondwethof regter Moseneke, D. se uitspraak in *Department of Land Affairs & Others v Goedgelegen Tropical Fruits (Pty) Ltd* 2007 (6) SA 199 (CC). Ook Devenish, G.E. se kommentaar op hierdie uitspraak in: "Department of Land Affairs v. Goedgelegen Tropical Fruits – A Triumph for Teleological Interpretation, an unqualified Contextual methodology and the Jurisprudence of *Ubuntu*". *The South African Law Journal*. 31 – 42. Welile Mazamisa se oproep vir "an ethic of reparation" vir grondhervorming, berus ook op *ubuntu*: "The hunger for land is at once a concern for actual historical placement, and at the same time a yearning for meaning. This dialectic belongs to *ubuntu-botho.*" Sien sy artikel "Reparation and Land" in Villa-Vicencio & De Gruchy, *Doing Ethics in Context*. Besondere aandag sal ook gegee word aan die ongepubliseerde Ph.D Skripsie van De Wet, D.P. 2005. *Wisdom and Ubuntu: A Close Reading of Proverbs 1 – 9 in Dialogue with African Ubuntu*. Universiteit Stellenbosch.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.2 Die sfeer van die akademie

> *No one should study merely in order to pass an examination, to become a pastor, or in order to gain an academic degree…. Theological study is the contact and meaningful union of pupils with their teachers – teachers who, for their part, were pupils of their own teachers. Such a regressive sequence continues until one reaches those teachers whose only chance and desire was to be the pupils of the immediate witnesses to the history of Jesus Christ which brought the history of Israel to its fulfilment. Theologcal study consists, therefore, in active participation of teachers and learners which is found in the school of the immediate witnesses to the work and word of God.*
>
> Karl Barth [38]

My beskeie submissie is dat die navorsing gebruik kan word om dialoog en meningswisseling in die akademie te bevorder. Enersyds tussen die sistematiese teologie en ander teologiese dissiplines, en andersyds tussen sistematiese teologie en ander vakgebiede en kennisvelde. Betekenisvolle artikels en boeke is reeds gepubliseer en konferensies gehou tussen die Fakulteite van Teologie, Regsgeleerdheid, Toegepaste Etiek en die Bestuurskunde. [39] Hierdie navorsing wil daarop voortbou. My rasionaal hiervoor is jare terug aan die Universiteit van Wes-kaapland deur ons dosente gevorm. Veral in die jare 1975 tot 1978 het hulle ons geleer om betrokke te raak by inter-dissiplinêre dialoog en die soek na ‘n gemeenskaplike teoretiese raamwerk. Ons Teologiese Studentevereniging (Communitas) het gereeld saam met die Verenigings vir studente in die Regte, Sosiologie, Filosofie en selfs Tandheelkunde byeengekom om te besin oor gemeenskaplike paradigma formulering.

Die kerk van die Hervorming het jare terug al gevra: *Quid leges sine moribus?* Die groot hervormer, Calvyn, was self ook ‘n regsgeleerde. Karl Barth het ‘n eredoktersgraad in die

---

38 Karl Barth. *Evangelical Theology: An Introduction*, 1963, pg. 172 – 173.

39. Vgl. hier die artikel van Smit, DJ. 2009. “Law and Morality”, in *Scriptura,* 2009:2, bl. 341 – 351. Besonder insiggewend is ook Villa-Vicencio, C, 1987, “Theology, Law and State Illegitimacy: An Agenda for Theology and Lawyers,” , *Journal of Law and Theology,* 5, 2; Meiring, P. “The *baruti* versus the lawyers: the role of religion in the TRC process” in *Looking back, Reaching forward.* Vgl. ook die Ph.D tesis van Lourens du Plessis: *Die Juridiese Relevansie van Christelike Geregtigheid*. Die boek Gildenhuys, JSH. 1991. *Ethics and the Public Sector*: Kenwyn: Juta & Company Ltd. is ‘n uitstekende voorbeeld van inter-dissiplinêre dialoog en meningsvorming in Etiek. Dit is ‘n aantal referate van die tweede Wynland Konferensie gehou aan die US. Die fokus was die behoefte aan ‘n makro-etiek. Die inhoud is: Part I: Ethics and Morality in Public Life, Part II: Corruption and Maladministration, Part III: Selected South African Viewpoints. Die sprekers was teoloë (Bernard Lategan, Daniël du Toit), regsgeleerdes (Lourens du Plesssis, regters Victor Hiemstra en Pierre Olivier), Besigheidsbestuur en Publieke Administrasie dosente (Johannes Loor, Annerus Reynolds, Erwin Schwella, Ronald Wronsley), dosente in Politieke Filosofie (David Welsh, Hendrik Rossouw). Ook is standpunte gehoor vanaf die Ouditeur-Generaal, die Advokaat-Generaal en verskeie joernaliste.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

regte. My navorsing fokus immers op die beskerming van omvattende menseregte waarby inbegrepe is die reg om godsdienstige oortuigings in publieke diskussies en formulering van beleid te mag aanwend. Die Universiteit van Emory (VSA) het 'n Sentrum vir Reg en Godsdiens. Die boek, Van der Vyver, J.D & Witte, J. 1996. *Religious Human Rights in Global Perspective – Legal Perspectives* (genoem in voetnoot 7, bl. 6) is 'n publikasie van hierdie Sentrum. Johan Van der Vyver is 'n voormalige regsdosent aan die Universiteite van Potchefstroom en die Witwatersrand. Graag verwys ek ook na die Institute for Ministry, Law & Ethics in die VSA. Die Uitvoerende direkteur is Thomas F. Taylor, 'n voltydse prokureur en M.Div. gekwalifiseerde leraar van die Presbiteriaanse Kerk. [40] My navorsing kan Opvoedings-instellings help om op voetspoor van bogenoemde twee voorbeelde die band tussen geregtigheid (institusionele geregtigheid, modale geregtigheid) en etiek - en dus moraliteit en teologie - te verstewig op die vlakke van beide mikro-etiek en makro-etiek.

'n Ander moontlikheid is om in navolging van Wolterstorff se *Teaching for Shalom*, *Teaching for Responsible Action* en *Teaching for Justice,* die kurrikulum van etiek en praktiese teologie en spesifiek die praktiese jaar van studente positief te beïnvloed. Hier verwys ek na die hele paragraaf 3.4.3 van hierdie navorsingsvoorstel. Hierdie moontlikheid sal natuurlik slegs geimplementeer kan word met inagneming van die Universiteit se reëls vir kurrikulum ontwikkeling. Ek wil glo dat my projek die Universiteit se Visie 2015 en die Oorhoofse Strategiese Plan, waarin 'n Pedagogie van HOOP 'n strategiese doelwit is, aansienlik sal verryk. Daar is groot ooreenkomste tussen genoemde HOOP Projek en die doelstellings van my navorsing. Die Universiteit van Stellenbosch het vyf ontwikkelingstemas. My navorsingsvoorstel sny in op *drie* van hierdie temas naamlik: (i) Uitwissing van armoede en verwante toestande, (ii) Bevordering van menswaardigheid en gesondheid, (iii) Bevordering van demokrasie en menseregte. My studie wil in diens staan van die HOOP Projek via die demokratisering van kennis – die aanwending van kennis tot die uitbou van ons demokrasie en verbetering van omstandighede. Soos ek navorsing doen, verskaf dit aan my onderrig, en terselftertyd bevorder my navorsing gemeenskapsinteraksie.

---

40. Een van hierdie Instituut se publikasies is Taylor TF. 1996. *7 Deadly Lawsuits. How Ministers can avoid Litigation and Regulation*. Nashville: Abingdon Press. Hy behandel hofsake oor bedrog, skending van privaatheid, seksuele wangedrag, versuim om ampspligte uit te voer, beëindiging van leraars en amptenare se dienskontrakte, ens. waarin predikante, Kerkrade, gemeentes betrokke was. Die inleiding begin met die woorde: "the American public is suing its religious leaders and organisations at an unprecedented rate. *7 Deadly Lawsuits* is about preventing lawsuits against clergy, religious professionals, churches, and religious organisations."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.3 Die sfeer van die samelewing in die breë

> *Dit maak dit so tragies dat die NG Kerkfamilie juis rondom die nagmaalstafel verdeel het. Dit is egter hier waar ons weer leer van versoening en van saam uitreik na die armes, die gemarginaliseerdes, die siekes, die eensames - na al die gestaltes van Christus in ons wêreld.*
>
> Nico Koopman & Robert Vosloo [41]

> *So much injustice has been inflicted upon so many millions of people over so many decades and in so many spheres, that part of the terrible material, psychological and spiritual damage which has been inflicted can never be recovered. ……. The Church in South Africa should have the responsibility to indicate the biblical values of justice, peace, human rights and human dignity which the State should include in its Constitution.*
>
> Beyers Naude [42]

Nog 'n moontlikheid van disseminasie is om Nie-Regerings Organisasies (NGO's) wat besig is met opleiding in menseregte, die toepassing van menseregte, deelname aan publieke debate, en insette maak oor wetsontwerpe en beleidsdokumente, van kopieë te voorsien. Brendon Edgeworth beklemtoon dat die rol wat NGO's speel in die transformasie van die samelewing nie onderskat moet word nie (2003: 264–268).

Verskeie NGO's beywer hulle vir die ekonomiese bemagtiging van plaaswerkers, godsdiensregte, ekologiese geregtigheid, persvryheid, gelyke beregtiging van al die amptelike tale, vaardigheidsontwikkeling op die platteland, gelyke geleenthede in die onderwys, vroue- en kinderregte, bekamping van korrupsie in die regering se administrasie. Die Suid-Afrikaanse regstelsel voor 1994 wat gebou was op parlementêre oppergesag, se regsbasis was hoofsaaklik "*legal positivism*." Hierdie regsteorie, wat soos John Dugard sê, uiteindelik 'n "legal religion" geword het, het nie net regsgeleerdes gekontamineer nie, maar die totale samelewing. Ons almal het denkpatrone van dié regspatologie aangeleer. Hierdie denke sou inslag vind in ons regsdokumente soos bv. denominasies se Kerkordes en aanvullende bepalinge, skoolkomitees se reëls, kultuur-organisasies se grondwette, sportklubs en sportbeheerliggame se grondwette, oprigtingsaktes van Trusts en sakelui se arbeidsregulasies.

Die werksaamhede van die NGO's is derhalwe daarop gerig om die nalatenskap van hierdie

---

41. Koopman, NN & Vosloo, R. 2002. *Die Ligtheid van die Lig. Morele Oriëntasie in 'n postmoderne tyd.* Die implikasies van hierdie 1857 Sinode besluit vir hedendaagse etiek, word sinvol bespreek in C.Wepener. 2005. "Still *because of the weakness of some?* A descriptive exploration of the Lord's Supper, 1948 – 2002." **Verbum et Ecclesia**. Vol. 26(2). bl. 614 – 640.
42. Beyers Naude, CF, "The Role of the Church in a Changing South Africa," in Alberts, L & Chikane F (Eds.) 1991, *The Road to Rustenburg. The Church Looking Forward to a New South Africa*, 220 - 228.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tipe "legal religion" te neutraliseer met inwerkingstelling van die "*natural law*" en die "*historical school*" teorieë. Ter wille van klaarheid oor my disseminasie is dit nodig dat die oorsprong en wesenseienskappe van die drie teorieë kortliks belig word.

(a) Fagan, A. (2009: 25) noem dat die moderne "**legal positivism**" teruggaan tot by die denke van Herbert L.A. Hart (**1907-1992**), die Engelse juris van Oxford. Die tradisionele positivisme is na die anneksasie van die Kaap deur die Engelse in 1806 hier gevestig en van toe af gefloreer. Spoedig het dit die Romeins-Hollandse "natural law" erfenis van Grotius en Johannes Voet verdryf en teen 1908 kon Sir John Wessels verklaar dat dit moeilik vir hom is om in te sien hoe die vorige regsgeleerdes dit kon regkry om aan 'n abstrakte teorie soos "natural law" vas te hou (Dugard 1987: 394; Wouter De Vos, 1967: 362; Miller, 1973: 86). En aangesien advokate in die Kaap Kolonie aanvanklik hulle verplig gevoel het om lede te wees van 'n Balie in die Verenigde Koninkryk, of om doktersgrade aan Oxford of Cambridge te verwerf, is Suid-Afrikaanse advokate en regters verder gevoed met volbloed *ekskusiewe* regspositiwisme. Hierdie teorie fokus op die politieke dimensie van 'n Wet. Elke Wet wat volgens 'n korrekte prosedure aanvaar is, het 'n intrinsieke waarde wat dit tot Wet stempel (Tuori 2002: 122). Hier is die wagwoord *legaliteit*. Aanvaar die Wet/regulasie/reëls *soos dit is* (the law *as it is*). Aanvaar die regering/organisasie soos dit is (the government/organisation *as it is*). Berman (2006: 365-374) stel dit soos volg:

> "The positivists, who now predominate, believe that law is essentially a body of rules promulgated, that is 'posited' by lawmakers in order to effectuate their will, their policy, and enforced by coercive sanctions imposed by official authorities."

Verkeerde gedrag is gedrag wat in stryd is met hierdie Wet/regulasies. Die reg en moraliteit word van mekaar geskei. Gauntlett (1972/2: 204) sê waardes word nie juis in ag geneem nie; 'n rigiede literêre uitleg word voorgestaan. Wanneer oortredings geëvalueer word, is dit hoofsaaklik individue se oortredings en nie oortredings gepleeg deur ekonomiese of politieke instansies nie. Gevolglik was die skending van menseregte aan die orde van die dag. Dekades gelede het eksklusiewe regspositiwisme ook 'n rol gespeel by die Neurenburg verhore. Hierdie verhore is na die Tweede wêreldoorlog deur Amerika, Engeland en Rusland ingestel teen die menseregteskenders van Duitsland en Japan. Die voorstanders van regspositiwisme het egter hierdie hofsake teengestaan met die argumente dat vervolging vir misdade teen die mensdom vreemd is aan die internasionale reg, dis onwettig, en dit is in stryd met die *nulla poena sine lege* regsnorm. John Dugard reageer hierop soos volg:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> "This argument takes no account of the fact that certain acts are *mala in se*. No legal system or superior order, can justify the type of conduct denounced as a crime against humanity, nor is any positive law required to proscribe such acts."

Ook regter Robert Jackson (1947: 112) het die besware van die wetspositiwisme se eksponente weerlê met hierdie uitspraak:

> "…. letting war criminals live undisturbed to write their memoirs in peace would mock the dead and make cynics of the living."

Verskeie regsgeleerdes, politici en burgers handhaaf egter nog steeds uitsluitlik hierdie teorie. Andrei Marmor (2001: 44 – 49) vaar uit teen regsgeleerdes wat die "natural law" of 'n ander teorie aanvaar. In hoofstuk 3 van sy boek sê hy pertinent: "I will strive here to defend a strong or exclusive version of legal positivism". En verderaan noem hy dat dit sy doelwit is om genoemde teorie te beskerm "mainly against its inclusive or incorporated rivals." Dire Tladi (2008/8: 34 – 78) noem dat die huidige meningsverskille tussen die Afrika Unie en die Internasionale Geregshof in Den Haag hoofsaaklik daarom gaan dat die Afrika Unie meen die bewoording van kardinale bepalinge in die Rome Statute is "strict positivism"; dit maak nie voorsiening vir die waardes, tradisies, plaaslike jurisdiksie en regskonsepte van Afrika nie; die regslui van die Hof handhaaf dienooreenkomstig 'n streng literêre positiwistiese uitleg wat klaarblyklik diskrimineer teen Afrika staatshoofde en militêre persone.

(b) Die "**natural law**", *ius naturale* teorie se eerste konsepte is deur die vroeê Christelike teoloë en die antieke regsgeleerdes begin. Barney Pityana (1994: 48 – 61), "Natural Law Ethics" in Villia-Vicencio & De Gruchy, noem dat dit eers in die 12de eeu ontwikkel is tot 'n algemene metode van morele en teologiese uitleg. Die 12 de eeuse Renaissance het 'n behoefte gehad om die absolute mag van konings te beperk. Hierdie absolute mag en diskressie het aanleiding gegee tot vele ongeregtighede en willekeurigheid. Die *ius naturale* is toe aangewend as 'n toets vir die regmatigheid van owerhede se gesag. Die maatstaf konstateer dat 'n proklamasie wat uit die staanspoor fundamentele beginsels van geregtigheid skend, en dus burgers se menseregte skaad, nie 'n Wet is nie; dit het geen intrinsieke waarde nie al is 'n korrekte prosedure gevolg. Burgers kan daaraan ongehoorsaam wees omdat dit *ab initio* nog nooit 'n Wet was nie. In die Middeleeue is hierdie teorie deur Thomas Aquinas (**1225-1274**), *Summa Theologia Ia5, I*, verder ontwikkel in 'n filosofiese en morele sisteem wat op beide geloof en wysheid gegrond is. Kennis van die realiteit, sê

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Aquinas, kom van God en is deel van die natuur van God. Die Skepper is die Bron van alle waarheid en sekerheid. Die mens wat na die beeld van God geskape is, het die gawes vir goeie oordeelsvermoeë om morele situasies te ontleed én die kapasiteit om goeie morele besluite te maak (Murphy, 2001: 42 -66; Weinreb, 1987: 45 89). Die strewe na sosiale geregtigheid en gesonde waardes, is die minimum kriteria wat 'n dekreet tot Wet maak. Hier is die wagwoord *legitimiteit;* soek na die *reg/reëls* soos dit *behoort te wees* (the law as *it ought to be*). Streef na 'n *regeringstelsel/organisasie soos dit behoort te wees.* Barend van Niekerk (1973: 234) skryf dat hierdie beginsels van Aquinas asook die geskrifte van Cicero en Grotius, vir Gustav Radbruch (**1878-1949**) in Duitsland verskeie "Wette" laat aanval het. Radbruch het geredeneer dat die Wette van Nazi Duitsland in werklikheid nie Wette is nie omdat dit laer gesink het as die minimum vlak van menslikheid, waardigheid en geregtigheid (ook in Alexy 1999: 45). Radbruch het voorts geredeneer dat die Duitse regsprofessie met die onwrikbare beginsel dat "'n wet is 'n wet" eksklusiewe regspositivisme is:

> "When laws consciously deny the will to achieve justice, for instance if they grant or retract human rights from people according to arbitrary caprice, such laws are devoid of validity, and the people owe them no obedience and even lawyers must then find the courage to deny them the nature of law."

Hierdie regsoortuiging is in post-oorlog Duitsland aanvaar. Beskuldigdes van oorlogs-misdade, en uitvoerders van opdragte is verhoor en skuldig bevind aan vergrype gepleeg op gesag van Nazi Wette welke vergrype deur Radbruch "statutary injustices" genoem is. In die jongste tye is die "natural law" teorie in 'n aangepaste vorm deur die Amerikaanse juris, Lon H Fuller (**1902 – 1978**) van Harvard, verdedig met – soos Wolterstorff – 'n beroep op geregtigheid, menslikheid en universele waardes (1957: 630 – 643; 1964: 654).

(c) Die "**historical school**" het in die laat agtiende eeu en die vroeg negentiende eeu die regswetenskap oorheers. Voorstanders van hierdie skool glo dat beide die politieke dimensie van die Wet wat uitdrukking gee aan die wil van die wetmakers, sowel as die morele dimensie van die Wet afkomstig van 'n aangebore natuurlike rede en gewete, ondergeskik moet wees aan die historiese tradisies van die samelewing wie se Wette dit is. In die Anglo-Amerikaanse jurisprudensie, word die historiese skool gereflekteer in die leerstuk van "precedent". Wanneer regters moet uitspraak lewer, kyk hulle terug in die regsgeskiedenis na sake waarvan die feite min of meer dieselfde is as die een waaroor hulle moet beslis. Hulle soek dan leiding in daardie sake se *ratio decidendi*. Terselfterdtyd is hulle diep bewus

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

daarvan dat hulle uitsprake weer maatstaf, riglyn en norm sal word - precedents – vir ander regters in die toekoms. In Westerse samelewings waar die leerstuk van precedent nie gevolg word nie, word die tydsdimensie van die Wet, die tradisies van die verlede, en die beweging na die toekoms, deur gesaghebbende geskrifte van leidende regsgeleerdes instand gehou. Die klem is op "memory". 'n Wet is die produk van 'n historiese realiteit en in die uitleg van die Wet moet daardie realiteit in gedagte gehou moet word. Voor 1994 was die historiese jurisprudensie in Suid-Afrika slegs in die privaatreg aangewend. Wat die publiekreg betref, het L.C. Steyn en ander ondersteuners van die historiese skool teorie, die leidende regsfilosofie van die Romeinse-Hollandse juriste - "natural law" - geïgnoreer. Hulle het dit vervang met die "creed of the English common law, legal positivism" (Dugard, 1987).

Wolterstorff se standpunte is duidelik dat hy ook op "moral justice" fokus. Hy betwyfel die aansprake dat 'n eksklusiewe regspositiwisme die heiligheid en heelheid in die samelewing kan bewerkstellig. Trouens dit is juis die aanskoue van wat eksklusiewe regspositiwisme aan mense, gemeenskappe en lande gedoen het wat hom tot morele geregtigheid, liefde, heiligheid en menseregte gedryf het. Voorstanders van die naturalistiese en die historiese teorieë konsentreer op juridiese én morele geregtigheid en het ook korporatiewe instellings en regerings in hulle visier. Geregtigheid word religieus, moreel, forensies en ook kultureel geinterpreteer. Derhalwe word gekyk na die skending van tweede generasie menseregte, dit is die sosio-ekonomiese regte.[43] Hierdie voorstanders is eweneens besorgd oor die derde generasie regte. Binne die brose demokrasie van ons land, is dit noodsaaklik dat instemming verleen word met die standpunt van Waluchow dat burgers moet wegbreek van

---

43. In die finale Grondwet, Wet 108 van 1996, word sosio-ekonomiese regte uiteengesit in seksies 26(1) – (3), en 27(1) – (3). Hierdie regte is behuising, gesondheidsorg, kos, water en social security. Sekere bepalings vervat in die volgende seksies kan ook as sosio-ekonomiese regte geklassifiseer word: seksie 23 (arbeidsverhoudinge), 28 (kinderregte), 29 (opvoeding) asook 35(2)(c) (die reg tot 'n regsverteenwoordiger op staatskoste) en 35(2)(e) (aangehoudenes se reg op voldoende akkommodasie, voeding, leesstof en mediese behandeling). In die hofsaak *Soobramoney v. Minister of Health (Kwa-Zulu-Natal)* (CC 27 November 2007, ongerapporteer, para 11) is beslis dat die Staat se plig om hierdie regte te vervul "are dependent upon the resources available for such purposes, and the corresponding rights themselves are limited by reason of the lack of resources." Die mees belangrikste internasionale instrument vir hierdie regte is die International Covenant on Economic and Cultural Rights van 1996 (ICESCR) wat deur 130 State geratifiseer is. Suid-Afrika het hierdie "Covenant" in 1994 geteken. Die "Basic Law" van die Federale Republiek van Duitsland, Mei 23, 1949 (soos gewysig) se aanhef begin met "Conscious of its responsibility before God and man..." Al die "federal states or Länder" van Duitsland aanvaar die beginsel van 'n "social state" (Sozialstaat) volgens paragraaf (1) van Artikel 20. Sosiale geregtigheid is dus sterk verwoord in die Konstitusie. So bv. sê artikel 20 (3): "The legislature shall be bound by the constitutional order, the executive and the judiciary by law and justice". Sien *Constitutions of the Countries of the World: Volume VII*; Oceana: New York; XY. General Editors: Rudiger Wolfrum & Rainer Grote, 2006. Oxford University Press.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die rigiede eksklusiewe regspositivisme van Hart (1994: 152 -165). Met 'n beroep op die Canadian Charter of Rights and Freedoms, bepleit hy 'n *inklusiewe positiwisme.* Dis volgens hom belangrik dat die orde aspek van 'n wet behou moet word sowel as die bevoegdheid van die wetgewende vergaderings om wette te maak. Hierdie orde aspek moet egter gekontroleer word deur die beginsels van morele geregtigheid van die "natural law". Op dieselfde trant is die denke van Weinreb (1987: 42 – 66) wat met 'n verwysing na Rom. 2:14 – 15 en die teologie van Ernst Troelst ook pleit vir inklusiewe positiwisme wat (a) wegbreek van die formalisme en outoritarisme; (b) ruimte skep vir geregtigheid, en (c) menseregte en menswaardigheid waarborg.

In aansluiting by bogenoemde alternatiewe wat inderdaad ook by Wolterstorff weerklank vind, in *Justice: rights or wrongs* en *Untill Justice and Peace Embrace*, sal my navorsing fokus op 'n regsteorie vir NGO's wat die mate van waarheid in elke teorie aanvaar, integreer, en die negatiewe aspekte daarvan ignoreer. Vanuit 'n positiwistiese gesigshoek moet die wetgewende bevoegdheid van owerhede en die wil (*volente*) om orde te handhaaf gehonoreer word. Die natural law se *wysheids*fokus moet as barometer dien sodat elke wet ook 'n instrument word van universele morele waardes, menseregte en geregtigheid; hierdie natural law moet ook die vorming en aanwending van norme van geregtigheid by individue, sakeondernemings en vrywillige organisasies bevorder. Die historiese teorie moet ingesluit wees om eiesoortige kultuur, klem op geskiedenis van die samelewing wie se wette dit is, en die regskeppende funksie van regters/voorsitters soos hulle "precedents" nalaat, te waarborg. As gelowiges moet ons dit doen onder verligting van die Heilige Gees as die God van geskiedenis (*memory*), die God van verlede, hede en toekoms; die Gees wat alreeds in Genesis 1 teenwoordig was by die skepping van orde uit wanorde, wat die woeste en leë aarde bewoonbaar help maak het. So alleen kan die bybelse *shalom* gevestig word. Graag haal ek hier weer vir Wolterstorff aan:

> "We shall see that *shalom* is intertwined with justice. In shalom, each person enjoys justice, enjoys his or her rights. There is no *shalom* without justice. But *shalom* goes beyond justice." (op bl. 12 hierbo aangehaal)

Hierdie *shalom*-gerigte paradigma mag NGO's ondersteun in hulle gerigtheid op sosiale en ekonomiese transformasie binne die raamwerk van "transformative constitutionalism…an enterprise of inducing large-scale social change through nonviolent political processes grounded in law. …. a transformation vast enough to be inadequately captured by the phrase

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'reform' **"** (Karl Klare, 1998: 146–88, 150; ook André Van der Walt, 2001: 258, 295 -296; 2006: 1, 1–31). Soos genoem in voetnoot 3 is die NGO ook een van "das wesen der sichtbare Kirchen." Dissipelskap ís transformasie (Botman, 1993). Gemeentes het die gesag "to form and transform" (Nelson, 1988). En "mission" is nie ware sending as dit nie "*Transforming Missions"* is nie (Bosch, 1991). Wolterstorff beklemtoon telkens in sy boeke dat Protestantisme 'n "world-formative Christianity" is (bl. 9 – 11 van hierdie studie).

NGO's sal in my navorsing baie kennis en metodiek vind om hulle kliënte of lede via transformasie te begelei na 'n "ander" Suid-Afrika; die kennis en metodiek sal hulle bemagtig om te veg dat *beloftes* daadwerklik *vervul* word deur uitvoerende en regsprekende organe wat die Grondwet verstaan "as both memory, (still) coming to terms with a notorious past, and promise, along the way towards a (still) to be fulfilled future**"** (du Plessis, 2005); hulle motiveer om te veg dat die Konstitusie vir hulle lede 'n brug word vanaf die "culture of authority" na 'n "culture of justification" (Mureinik, E. 1994: 31 – 48 38-32; Evelyne Asaala, 2010: 10). In hierdie brug is die Handves van Menseregte die belangrikste stutpilaar soos beslis in die hofsaak *Alexkor Ltd. & Another v. The Richtersveld Community & Others* 2004(5) SA (CC), 2003 (12) BCLR 1301 (CC). Na lank gewag het die Appélhof en daarna die Konstitusionele Hof beslis dat die Richtersveld gemeenskap wie se eiendom in 1927 onder die koloniale bedeling se "culture of authority" onteien is, in ere herstel moet word. Die *Richtersveld saak* het 'n pad van jare geloop om uiteindelik die gemenereg ten opsigte van inboorlingtitel binne die grense van 'n "justificatory constitutionalism" te bring.

Ek sal nietemin aanvoer dat NGO's sensitief daarvoor moet wees dat die "past" nie deur almal dieselfde verstaan word en dieselfde ervaar is nie. So bv. was die menseregte vergrype teenoor mans maar veral teenoor vroue en kinders in die Tweede Vryheidsoorlog (Anglo-Boereoorlog), nooit deur 'n Kommissie of tribunaal aangespreek nie. Meer as 26 000 vroue en kinders het gesterf. Binne die konsentrasiekampe is hulle aan wrede fisiese asook emosionele mishandeling en vernedering onderwerp. Moet daardie "memory" deel wees van 'n kollektiewe juridiese geheue? Moet dit ingesluit word in die Kerk en NGO's se gemeenskaplike storie van liefde, begrip, omgee, geregtigheid? Dit mag help as ons "the Other" se konflikte, lyding, stilte én opstand vanweë 'n gister/past vóór ons gister/past, onthou vir 'n gemeenskaplike môre in 'n *ander* Suid-Afrika. ("ander" as alternatief vir "nuwe"). Krog en Smit se boeke, genoem in vn. 14, bl. 19, illustreer die morele impak en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

emosionele letsels van hierdie geskiedenis - "gister" - met opregte empatie. Ook Gibson & Gouws (1999), *Truth and Reconciliation in South Africa. Attributions of blame and the struggle over Apartheid,* se marknavorsing wys hoedat ervaring, sosiale status en politieke affiliasie, belangrike faktore is wat mense se morele oordeel oor wie die blaam moet dra vir die vorige bedeling of wie amnestie moet kry, beïnvloed. H. Richard Niebuhr ([**1894 – 1962**], 1941) en D. Ritschl (1987) skryf hoedat mense dikwels dieselfde objektiewe gebeure (eksterne storie) voor hul oë sien plaasvind, maar hulle tipe helde en martelare, hulle vrese en hoop, ideale en oortuigings, waarheid en mites, maak dat hulle verskil in hulle subjektiewe toe-eiening (innerlike storie) van dié een gebeure.

In die lig van bogenoemde voer ek respekvol aan dat my navorsing genoemde NGO's kan help om suksesvol te wees in hulle doelstellings, om hulle lede se regte te beskerm teen veral voortgesette insypeling van rigiede wetspositiwisme, en om hulle te motiveer tot die skep van instellings wat kanale sal wees vir liefde, want liefde "**verbly hom nie oor die onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid**" (1 Kor. 13:6).

Ek gee nou in hoofstuk 7 'n paar slotopmerkings.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

7. SLOTOPMERKINGS

Hierdie navorsing wil meer as akademiese kennis oplewer. Dit wil ook kennis van God vestig; dit wil wysheid en insig waarvan die Spreukedigter praat, na vore bring. 'n Kennis waarsonder geloof in Hom nie moontlik is nie. Geloof as gawe én wonder; geloof as vertroue én ontmoeting. 'n Geloof wat deur die Heilige Gees gewek word. Die navorsing wil voorts 'n storie vertel – die storie van dissipels op reis om die bedoeling van God met die wêreld duidelik te maak; 'n storie wat só geskryf en geleef word dat dit deel word van God se groot openbaringstorie in die leer en lewe van Sy Seun, Jesus Christus. 'n Storie wat sal toon dat teologiese refleksie of etiese besinning 'n *sekondêre* aktiwiteit van die Kerk is. Die *primêre aktiwiteit* is die uitleef van die Evangelie, navolgenswaardige voorbeelde wees (Heb. 11), 'n brief geken en gelees deur alle mense (2 Kor. 3:1-3), Jesus se deugde inkarneer. Best & Heller (1995: 425) skryf soos ons aanbid (*lex orandi*) so behoort ons te glo, te dink (*lex credendi*) en so behoort ons ook te leef (*lex vivendi*). Die geloof wat nie tot dade kom nie, is immers dood (Jak. 2). Jesus het die mense in hulle sinagoges geleer (*lex credendi*), die evangelie van die Koninkryk verkondig (*lex orandi*) en elke soort siekte en kwaal onder die volk gesond gemaak (*lex vivendi*) Matt. 4:23; 9:35. Die apostel Paulus sê wat die Filippense van hom geleer en ontvang het (*lex credendi*), en gehoor (*lex orandi*) en gesien het (*lex vivendi*), dit moet hulle doen. Dan sal die God wat vrede gee, by hulle wees (Filip. 4:9). Stanley Hauerwas, *Resident Aliens*, skryf juis dat morele vorming 'n verhouding is tussen die meester vakman en sy vakleerling. Die leerling word regverdig as hy/ sy die meester(es) sien regverdige dade doen; die leerling begin vir ander omgee, as hy/sy sien die meester(es) gee vir ander om. Moraliteit is 'n "craft" wat deur onderrig, én voorbeeld aangeleer word. Wolterstorff se aandrang op Modellering (bl. 18), sal dus met graagte verder ondersoek word.

Job vertel dat die respek wat hy by die volk geniet het, nie net gebeur het omdat hy offers gebring het en opreg in God geglo het nie, maar ook omdat hy mense sosiaal, juridies, geldelik en pastoraal bygestaan het (Job. 1:1, 5, 8; 29:1-25; 31:13 – 21). Hy was uit liefde hulle *gō 'ēl*. Daarom pleit Job in sy lyding dat God nou sy *gō'ēl* moet wees. In al hierdie Skrifgedeeltes gaan dit om meer as die *praxis* van waarheid en geregtigheid. Dit gaan ook om wat David Bosch (1991: 105) *poiesis* noem, want, sê hy, mense "also need beauty, the rich resources of symbol, piety, worship, love, awe, and mystery."

Die besinning en uitleef sal 'n inter-dissiplinêre projek wees soos blyk uit die voorafgaande

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bladsye. Die Teologie en ander kennisvelde sal mekaar aanvul in die opdrag tot bekering, vergifnis, liefde, hoop, heiligheid (the power to form) en heiliging, verandering, ontwikkeling (the power to transform). Die opdrag/navorsing word uit dankbaarheid aangepak; dankbaarheid vir mooi herinneringe van redding en heling, mooi herinneringe aan geloofshelde, kultuurhelde, politieke helde. Die navorsing word biddend gedoen vir mense wat, soos Wolterstorff sê, hunker na 'n samelewing waarin hulle geleenthede sal kry om te floreer - om te *shalom*! In verbondenheid met hulle, en één met hulle, begin ek as '*n begenadigde* die navorsing vreugdevol en met kinderlike vertroue want die Heilige van Israel, die Redder, die regverdige Koning gee insig en vat ons hande! Hy wat die ballinge in Babel herinner aan Egipte en die verlossing daaruit; aan die deurgang wat Hy destyds vir hulle voorgeslagte geskep het; 'n deurgang na 'n land wat oorloop van melk en heuning - vir almal. Vir hierdie ballinge wag nou 'n mooier uittog, 'n voller toekoms, 'n konkreter voorspoed, 'n vervulling van die verbondsbeloftes! (Jer. 29:11 – 13). Dit sal die vorige eksodus by verre oortref:

> "Ek is die Here, julle heilige God, die Skepper van Israel, julle Koning. So sê die Here, Hy wat 'n pad gemaak het deur die see, 'n deurgang deur die magtige waters….. Maar moenie net aan die vroeëre dinge dink en by die verlede stilstaan nie, Kyk, ek gaan iets nuuts doen, dit staan al op die punt om te gebeur, julle kan dit al sien kom; Ek maak in die woestyn 'n pad, Ek laat in die droë wêreld riviere ontspring…… Dit is die volk wat Ek vir My geskep het, en wat my lof sal verkondig." (Jes. 43:15 -16, 18 – 19, 21)

Teen hierdie agtergrond blyk dit dat Nicholas Wolterstorff se stelling dat 'n Handves vir Menseregte alleen, of politieke versoening alleen, *nie* die 21ste eeuse gemarginaliseerde ballinge in Suid-Afrika en die breë wêreld kan red nie, meriete het om nagevors te word. Politieke versoening en kompromieë *los van God en sy verbond* kan nie hierdie voller toekoms ontsluit nie, nie gemarginaliseerdes oor die historiese brug van die oue na die "nuwe" laat stap nie. Die Heilige van Israel waarborg sý toekoms en nooi die Kerk om analoog, soortgelyk, parallel aan Sy handelinge betrokke te raak by die totale heling van mense en strukture. Slegs toegerus deur die krag van die lewe-gewende Gees, kan die Kerk 'n getuie, *mandator Dei*, 'n uitstalvenster van Sy karakter, 'n instrument van vernuwing *wees* (Eseg. 36:26-30). Met evangeliese waagmoed het Karl Barth gesê as die Heilige Gees jou op die mond geslaan het, dan dryf dit jou om te praat en op te tree selfs al is dit "*ever against the stream*" (Frank Jehle, 2002 se beskrywing van Barth). Is dit teen die stroom as ek ten slotte bely: geen toekoms sonder heiligheid, geregtigheid, heiliging?

Gloria Dei vivens homo. Sol iustitiae illustra nos!

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BRONNELYS

Hierdie bronnelys weerspieël die christen filosoof, Nicholas Wolterstorff, se standpunt dat heiligheid, geregtigheid en menseregte 'n tema vir 'n multi-dissiplinêre dialoog is. Derhalwe is bronne geraadpleeg in verskeie dissiplines waaronder die teologie, regsgeleerdheid, filosofie, en ekonomie. Die lys word in drie kategorieë verdeel. Eerstens die boeke, daarna die artikels in akademiese tydskrifte, en laastens die dagblaaie.

A. BOEKE

- Adam, A. 1992 **Foundations of Liturgy**. Minnesota: The Liturgical Press.
- Alexy, R. 1999 "A defence of Radbruch's formula" in Dyzenhaus, D (ed) **Recrafting the rule of law: The limits of legal order.** Oxford: Hart.
- Appiah, K.A 2008 **Experiments in Ethics**. Cambridge: Harvard University Press.
- Appiah, K.A 2007 **Cosmopolitanism. Ethics in a world of strangers**. London: Penguin Books.
- Appiah, K.A 2005 **The Ethics of Identity**. Princeton: Princeton University Press.
- Appiah, K.A 1992 **In My Fathers House**. New York: Oxford University Press.
- Barth, K. 1981 **Church Dogmatics, Volume IV, Part 4, The Christian Life**. Grand Rapids: Wm. B Eerdmans (translated by G.W. Bromley).
- Barth, K 1962 **Einführung in die Evangelische Theologie**. Zurich: EVZ-Verlag.
- Barth, K 1938 **Theologische Studien 104**, Zurich: Theologischer Verlag.
- Barth, K 1963 **Evangelical Theology: An Introduction**. New York: Holt, Rinehart & Winston.
- Bell, T. & Nstebeza, D.D. 2001 **Unfinished Business. South Africa, Apartheid and Truth**. Cape Town: Red Works.
- Best, T.F. & Heller, D. 1995 **So we believe, so we pray**. Geneva: WCC Publications.
- Birch, B.C. & Rasmussen, L. 1989 **Bible & Ethics in the Christian Life**. Minneapolis: Augsburg.
- Boesak, A.A 2005 **The Tenderness of Conscience**. Stellenbosch: Sun Press.
- Bosch, D.J. 1991 **Transforming Missions**. Maryknoll: Orbis Books.
- Botman, H.R 2000 **Discipleship as Transformation**. Ongepubliseerde Ph.D Skripsie. UWK.
- Breytenbach C, Thom J, Punt J. 2006 **The New Testament Interpreted. Essays in Honour of Bernard C. Lategan**. London: Brill.
- Bria, I. 1996 **The Liturgy after the Liturgy. Mission and Witness from an Orthodox Perspective**. Geneva: World Council of Churches Publications.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Brueggemann, W 2006 **The Word that redescribes the world. The bible and Discipleship.** Minneapolis: Fortress Press.
- Burger, C, Meiring, L, van Niekerk, A & Wepener C. 2005 **Waar die kerk werk.** Epping: ABC Boekdrukkers.
- Church, F. 2009 **The Cathedral of the World**. Boston: Beacon Press.
- Clemens, K. 1995 **Learning to Speak. The Church's Voice in Public Affairs**. Edinburg: T & T Clark.
- Conradie, E. (ed) 2004 **African Christian Theologies in Transformation**. Stellenbosch: EFSA.
- Davidson, B 1961 **The African slave Trade: Pre-colonial history, 1450 – 1850** Boston: Little Brown Publishers.
- De Gruchy, J.W. 1991 **Liberating Reformed Theology.** Grand Rapids: Wm. B. Eerdmans.
- De Gruchy, J.W 1979 **The Church Struggle in South Africa**. Grand Rapids: Wm. B. Eerdmans.
- De Waal J, Currie I, Erasmus G, 1998 **The Bill of Rights Handbook.** Kenwyn: Juta.
- Die Bybel 1983 **Nuwe Vertaling**. Kaapstad: Nasionale Drukkery
- Die Grondwet 1996 van die Republiek van Suid-Afrika, **Wet 108 van 1996.**
- Dreyer, J.S & van der Ven, J.A. 2002 **Divine Justice – Human Justice**. Pretoria: Unisa.
- Dugard, J. 1978 **Human Rights and the South African Legal Order.** Princeton: Princeton University Press.
- Du Plessis, L.M. 1977 **Die Juridiese Relevansie van Christelike Geregtigheid**. Potchefstroom: Universiteits Uitgewers.
- Du Plessis, M. 2010 **The International Criminal Court that Africa wants**. Pretoria: The Institute for Security Studies.
- Edgeworth, B. 2003 **Law, Modernity, Post Modernity. Legal Change in the contracting state**. Ashgate: Hampshire.
- Durand, J.J.F. 1986 **Teks binne Konteks. Versamelde opstelle oor kerk en Politiek.** Bellville: UWK Drukkery.
- Fuller. L. 1964 **Morality of Law,** New Haven: Yale University Press.
- Gildenhuys, JSH. 1991 **Ethics and the Public Sector**: Kenwyn: Juta & Company Ltd.
- Gollwitzer, H. (ed.) 1961 **Karl Barth, Church Dogmatics: A Selection with Introduction**. Louisville: Westminster John Knox Press.
- Green, C. (ed) 1989 **Karl Barth: Theologian of Freedom**.
- Hansen, L.D. 2008 **Aksie én Kontemplasie?** Stellenbosch. Ph.D Skripsie.
- Hauerwas, S. 1981 **A Community of Character: towards a constructive Christian social ethic**. Nortre Dame: University Press.
- Heyns, C. & Stefiszyn, K. (ed) 2006 **Human Rights, Peace and Justice in Africa: A Reader**. Pretoria: Pretoria University Law Press.
- Hood, R.E. 1984 **Contemporary political orders and Christ. Karl Barth's Christology and political praxis.** Pensylvania: Pickwick Publications.
- Huber, W. 1996 **Gerechtigkeit und Recht. Grundlinien christlicher Rechtsethik**. Chr. Kaiser Gütersloher Verlagshaus.
- Huber, W. 1988 **Kirche**. München: Chr. Kaiser Verlag.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Hunsinger, G. (ed). 1976 **Karl Barth and Radical Politics**. Philadelpia: The Westminster Press.
- Jackson, R.H. 1947 **The Nurnberg case, as presented by Robert H. Jackson.** New York: Knopf Publishers Inc.
- Jehle, F 2002 **Ever against the stream. The politics of Karl Barth, 1906 – 1969**. Grand Rapids, MI: Wm B. Eerdmans.
- Jonker, W.D. 1977 **Christus, die Middelaar**. Pretoria: NG Kerk Boekhandel.
- Jörns, K-P 1988 **Lex orandi – lex credendi – lex convivendi. Paradigma für Kirche und Theologie. Der Lebensbezug des Gottesdienstes: Studien su seinem kirchlichen und kulturellen Kontext**, 12 – 22. München: Chr. Kaiser.
- Katts, D.J**.** 2007 **Op Weg na 'n Menswaardige Samelewing**. Stellenbosch: Sun Press.
- Killander, M (ed) 2010 **International Law and domestic human rights litigation in Africa**. Cape Town: Pretoria University Law Press.
- Kinghorn, J. 1990 **'n Tuiste vir Almal. 'n Sosiaal-teologiese studie oor 'n gesamentlike demokrasie in Suid-Afrika**. Stellenbosch: Sentrum vir Kontekstuele Teologie.
- Koopman N.N. & Vosloo, R 2002 **Die Ligtheid van die Lig. Morele Oriëntasie in 'n postmoderne tyd**. Wellington: Lux Verbi.
- Kretzschmar, L, Bentley, W & van Niekerk, A. 2010 **What is a Good Life? An Introduction to Christian Ethics in the 21st Century Africa**. Kempton Park: AcadSA.
- Lebacqz, K. 1987 **Justice in an Unjust World. Foundations for a Christian Approach to Justice**. Minneapolis: Augsburg.
- Lebacqs, K. 1985 **Professional Ethics. Power and Paradox**. Nashville: Abingdon Press.
- Lloyd, D. 1959 **Introduction to Jurisprudence**, London: Stevens & Sons.
- Long, D.S. 2003 **Divine Economy. Theology and the market**. London: Routledge.
- Marmor, A. 2001 **Positive Law and Objective Values**. Oxford: Clarendon Press.
- Mokgoro, E. 1997 (51). "Ubuntu and the Law in South Africa", in Konrad-Adenauer-Stiftung / Faculty of Law, Potchefstroom University for CHE, **Constitution and Law: Seminar Report**.
- Moltmann, J. 1977 **The Church in the power of the Spirit. A Contribution to Messianic ecclesiology**. London: SCM.
- Moltmann, J. 1974 **The Crucified God: The Cross of Christ as the Foundation and Criticism of Christian Theology**. London: SCM.
- Moore, S.D & Rivera, M. 2011 **Planetary Loves**. New York: Fordham University Press.
- Mudge, L.S. 1998 **The Church as Moral Community. Ecclesiology and Ethics in Ecumenical Debate**. New York: WCC Publications.
- Murphy, M.C. 2001 **Natural Law and Practical Rationality**. Cambridge: Cambridge University Press.
- Murungu, C. & Biegon, J. (eds). 2011 **Prosecuting International Crimes in Africa**. Cape Town: Pretoria University Law Press.
- Niebuhr, H.R 1941 **The Meaning of Revelation**. New York: MacMillan Paperbacks.
- Niebuhr, R. 1960 **Moral man and Immoral Society. A Study of Ethics and**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Politics. New York: Scribners.

- Nelson, C.E. (ed) 1988 **Congregations: Their Power to Form and Transform.** Atlanta: John Knox Press.
- Owensby, W.L. 1988 **Economics for Prophets. A Primer on Concepts, Realities, and Values in our Economic System.** Grand Rapids: Eerdmans.
- Pieterse, H.J.C. 2001 **Preaching in a Context of Poverty**. Pretoria: University of South Africa.
- Pogge, T.W (ed.) 2001 **Global Justice**. Oxford: Blackwell Publishers.
- Ramphele, M. 2008 **Laying Ghosts to Rest. Dilemmas of the Transformation in South Africa.** Cape Town: Tafelberg.
- Rasmussen, L. 1997 **Moral Fragments and Moral Community: A proposal for Church in Society**. Minneapolis: Fortress.
- Ritschl, D. 1987 **The Logic of Theology**. Philadelphia: Fortress Press.
- Robertson, D.B. 1957 **Love and Justice. Selections from the Shorter Writings of Reinhold Niebuhr**. Louisville: Westminster.
- Roscam Abbing, P.J. 1978 **Komen als geroepen**. 's-Gravenhage. Boekencentrum.
- Schmidt-Läuner, H.G & Bieritz, K.H. (eds.) 1995 **Handbuch der Liturgik. Liturgiewissenschaft in Theologie und Praxis der Kirche**. Vandenhoeck: Evangelische Verlaganstalt.
- Smit, D.J. 2007 **Essays in Public Theology**. Stellenbosch: Sun Press.
- Stackhouse, M.L, Paris, P.J. (eds.) 2000 **God and Globalization, Volume 1. Religion and the Powers of the Common Life**. Harrisburg: Trinity Press International.
- Stackhouse, M. 1988 **Apologia, Contextualization, Globalization, and Mission in Theological Education**. Grand: Rapids: Eerdmans.
- Taylor, E.R. 2006 **If we must die. Shipboard insurrections in the era of the Atlantic slave trade**. Baton Rouge, Louisiana: Louisiana State University Press.
- Taylor, T.F 1996 **7 Deadly Lawsuits. How ministers can avoid Litigation and Regulation**. Nashville: Abingdon Press.
- Terreblanche, S.J. 2005 **A History of Inequality in South-Africa 1652 – 2002**. Pietermaritzburg: KMM Review Publishing.
- Thompson. J.M 1997 **Justice and Peace: A Christian Primer.** Maryknoll, N.Y.: Orbis Books.
- Tracy, D. 1981 **The Analogical Imagination**. London: SCM Press.
- Tuori, K. 2002 **Critical Legal Positivism**. Burlington: Ashgate Publishing Company.
- Van Bommel, A, Bussemaker, J & Manenschijn, G (eds). 1999 **Gelijker = Rijker. Over rijkdom, verdeling en sociale Ethiek**. Kampen: Kok Uitgeverij.
- Van den Herik, L.J. 2005 **The Contribution of the Rwanda Tribunal to the Development of International Law**. Leiden: Marthinus Nijhoff Publishers.
- Villa-Vicencio, C. & Verwoerd, H. (eds.) 2000 **Looking Back, Reaching forward: Reflections on the Truth and Reconciliation Commission of South-Africa**. Cape Town: University of Cape Town Press.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Villa-Vicencio, C 1990 **Civil Disobedience and beyond. Law, Resistance and Religion in South Africa**. Cape Town: David Philip.
- Villa-Vicencio, C 2009 "Inclusive Justice: The limitations of Trial Justice and Truth Commissions," in **Peace versus Justice? The Dilemma of Transitional Justice in Africa**. University of Kwazulu-Natal Press. (bl. 44 – 68).
- Villa-Vicencio, C. 2009 **Walk with us and listen. Political Reconciliation in Africa**. Cape Town: UCT Press.
- Wainwright, G, 1980 **Doxology: The Praise of God in Worship, Doctrine and Life**. New York, NY: Oxford University Press.
- Waluchow, W.J. 1994 **Inclusive Legal Positivism**. Oxford: Clarendon Press.
- Weinreb, L.L 1987 **Natural Law and Justice**. London: Harvard University Press.
- Wilson, R. 2001 **The politics of Truth and Reconciliation in South Africa: Legitimizing the post-Apartheid State.** New York: Cambridge University Press.
- Witte, J (jr.) & Alexander, F.S. 2006 **The Teachings of Modern Christianity on Law, Politics & Human Nature**. The Hague: Martinus Nijhoff Publishers.
- Witte, J (jr.) & Van der Vyver, J 1996 **Religious Human Rights in Global Perspective. Religious Perspectives**. The Hague: Martinus Nijhoff Publishers.
- Witte, J(jr.) & Van der Vyver, J. 1996 **Religious Human Rights in Global Perspective. Legal Perspectives**. The Hague: Martinus Nijhoff Publishers.
- Wolfrum, R & Grote, R (Ed.) 2006 **Constitutions of the Countries of the World*: Volume* VII.** Oceana: New York. XY. Oxford University Press.
- Wolterstorff, N. 2011 **Hearing the Call: Liturgy, Justice, Church, World**. Mark R. Gornick and Gregory Thompson (eds.).
- Wolterstorff, N 2010 **Justice in Love**. Grand Rapids: Wm. B. Eerdmans.
- Wolterstorff, N. 2008 **Justice: rights or wrongs**. Princeton: Princeton University Press.
- Wolterstorff, N. 2004 **Educating for Shalom: Essays on Christian Higher Education**. Joldersma, C.W en Stronks G.G. (eds.). Grand Rapids: Wm. B. Eerdmans.
- Wolterstorff, N. 1999 "The Contours of Justice: An Ancient Call for Shalom" in Lisa Barnes Lampman (ed.), **God and the Victim: Theological Reflections on Evil, Victimization, Justice and Forgiveness.** Grand Rapids: Eerdmans, 107 – 130.
- Wolterstorff, N. 1997 **Religion in the Public Square** [with R. Audi]. Lanham, MD: Rowman and Littelfield.
- Wolterstorff, N. 1994 **Until Justice and Peace embrace**. 2nd ed. Grand Rapids: Wm. B. Eerdmans.

B. Artikels in akademiese Tydskrifte

- Asaala, E. 2010 "Exploring transitional justice as a vehicle for social and political transformation in Kenya". Rapporteur: Truth, Justice and Reconciliation Commission, Kenya." **African Human Rights Law Journal**, 10.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Bedford-Ström, H. 2008 "Poverty and Public Theology: Advocacy of the Church in a Pluralistic Society." **International Journal of Public Theology,** Volume 2**,** (144-162).
- Benatar, D. "Justice, Diversity and Racial Preference: A Critique of Affirmative Action." **South African Law Journal.**
- Berger, T. 1985 "Lex orandi – lex credendi – lex agendi." **ALW** 27, 425 – 432.
- Berman H.J 2006 "World Law. An Ecumenical Jurisprudence of the Holy Spirit." Vol. 63, 365 – 374. **Theology Today.**
- Bilchitz, D. 2010 "Is the Constitutional Court wasting away the Rights of the Poor? *Nokotyana v. Ekurhuleni Metropolitan Municipality."* **South African Law Journal.** 596 - 604.
- Boesak, A.A. 2008 "And Sacheus remained in the tree. Reconciliation and Justice and the Truth and Reconciliation Commission." **Verbum et Ecclesia.** Vol. 29(3). 636 – 654.
- Boesak, A.A. 2008 "Kan die NG kerk vandag nog iets vir Suid-Afrika beteken?" **Verbum et Ecclesia.** Vol. 29(1), bl. 32 – 44.
- BOTHA, N. 2008 "Reconciliation as Narrative. Witnessing against a too easy and too difficult reconciliation." **Verbum et Ecclesia.** VOL. 29(3), BL. 655 – 680.
- Brueggemann, J. 2007 "Negotiating the Meaning of Power and the Power of Meaning." **Theology Today**, Volume 63, 485 – 492.
- Brueggemann, W. 1995 "Preaching as Re-imagination." **Theology Today.** Vol. 52, No. 3.
- Brueggemann, W**.** 1994 "Justice: The Earthly form of God's holiness." **Reformed World,** 44(1).
- Du Plessis, L.M. 2008 "Affirmation and Celebration of the Religious Other in South Africa's Constitutional Jurisprudence on Religious and related Rights: Memorial Constitutionalism in Action?"
- Fagan, A. 2009 "The Secondary Role of the spirit, purport and objects of the Bill of Rights in the common law's development." **South African Law Journal.**
- Fuller L 1957 "Positivism and Fidelity to Law – A Reply to Professor Hart." **Harvard Law Review**, 72, pp. 630 – 643.
- Gauntlett, J. 1972 "Aspects of the Value Problem in Judicial Positivism." 1972/2 **Responsa Meridiana** 204.
- Gibson, J. & Gouws, A. 1999 "Truth and Reconciliation in South Africa. Attributions of blame and the struggle over Apartheid." **American Political Science Review**. 93, 501 – 517.
- Hart, H.L.A 1957 "Positivism and the Separation of Law and Morals." **Harvard Law Review**, 71, p. 603 – 609.
- Haspel, M. 2009 "Globalisierung: theologish-etisch." **Verkündiging und Forschung,** (Systematische Theologie: Globalisierung) 54, Jahrgang 1.
- Jonker, W.D. 1998 "Saamkyk na Belhar maak die pad na mekaar oop." **Die Kerkbode,** 20 Februarie, Deel 160/4 13.
- Josuttis, M. 2005 "Gottes Wirklichkeit und Gottesbewustsein." **Verkündigung und Forschung,** Jahrgang 50, Volume 3.
- Kingdom, G. & Knight, J. 2007 "Unemployment in South Africa, 1995-2003: Causes, Problems

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

and Policies." **Journal of African Economics** 16(5): 813-848.

- Klare, K. 1998 "Legal Culture and Transformative Constitutionalism." **South African Journal on Human Rights** 14(1), 146 – 188, 150.
- Klasen, S. & Woolard, I. 2008 "Surviving unemployment without state support: unemployment and household formation in South Africa." **Journal of African Economics** 18(1):1-51.
- Koopman, N. 2008 "Vulnerable church in a vulnerable world? Towards an ecclesiology of vulnerability." **Journal of Theology** 2(2008):240-254.
- Koopman, N 2007 "Towards a Human Rights culture in South Africa. The role of moral formation." **NGTT**, 48, p. 107-118.
- Koopman, N 2009 "Holiness and public life in South Africa. The quest for wholeness, embrace and justice."
- Long, T.G. 1991 "Introduction to Liturgy and Justice." **Theology Today**, Vol. XLVIII, No. 1, bl. 1 - 4
- Maluleke, T. 2008 "Justice in Post-Apartheid South Africa: Towards a Theology of Restitution**."** **Verbum et Ecclesia**. 2008 (29(3), 681 – 696.
- Manala, M.J. 2009 A Better Life for All. A Reality of a Pipe-dream? A Black Theology Intervention in Conditions of Poor Service Delivery." **Scriptura**, 105 (2010), 519.
- Mureinik. E. 1994 "A Bridge to where? Introducing the interim Bill of Rights." **South African Journal on Human Rights** 10(1) (1994) 31 – 48 38-32.
- Oduyoye, M.A. 1996 "The Church of the Future: Its Mission and Theology: A View from Africa." **Theology Today.** Vol. 52, No. 14, 494 - 502.
- Pogge, T.W. 1995 "How should human rights be conceived". (1995) 3 **Jahrbuch für Recht und Ethik**, 103.
- Kumalo, S.R. 2009 "The Role of the Church in the development of participatory democracy in South Africa." **Scriptura**, 2009: 2, 252.
- Smit, D.J. 2009 "Schreie nach Leben - eine südafrikanische Stimme." **Verkündigung und Forschung.** Jahrgang 54. 59 – 68.
- Smit, D.J 2009 "Law and Morality." **Scriptura**, 341 – 351.
- Smit, D.J. 2009 "Quo Vadis Sistematiese Teologie?" **Scriptura** 42-43.
- Smit, D.J 2006 "Transformatiewe hermeneutiek?". **Kruisgewys**. Jaargang 5, Volume 2.
- Tladi, D. 2008 "Strict Positivism, Moral arguments, Human rights and the Security Council: South Africa and the Myanmar vote." **African Human Rights Law Journal**. (2008) 8, *34 – 78*.
- Van der Walt, A.J. 2006 "Transformative constitutionalism and the development of South African property law." (Part 2). **TSAR** 2006:1, 1 – 31.
- Van der Walt, A.J. 2001 "Dancing with Codes – Protecting, Developing and Deconstructing Property Rights in a Constitutional State. 118. **South African Law Journal**. 258,295 -296.
- Wepener, C. 2005 "Still *because of the weakness of some?* A descriptive exploration of the Lord's Supper, 1948 – 2002." **Verbum et Ecclesia**. Vol. 26(2). bl. 614 – 640.
- Willimon, W.H. 2009 "Christian Ethics: When the Personal is Public Is Cosmic." **Theology Today**, Vol, 52, No. 3, bl. 366 – 375.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Winter, G. 1996 "America in search of its Soul". **Theology Today**, 466 – 475. Vol. 52, No. 14.
- Wolterstorff, N. 1991 "Justice as a condition for Authentic Liturgy." **Theology Today**, Vol. XLVIII, No. 1.

C. DAGBLAAIE

- US suspends all military aid to South Africa. **Cape Times**, 2 July 2003.
- Will Africa let Sudan off the hook? Tutu, D.M. **New York Times**, 2 March 2009.